

PALLISME IN DIE VOORGESKIEDENIS

VAN

SUIDELIKE AFRIKA.

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

D.J. ESTERHUYSE.

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0079000



111046700501220000019

FALLISISME IN DIE VOORGESKIEDENIS

VAN

SUIDELIKE AFRIKA

DEUR

DANIEL JOHANNES ESTERHUYSE

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel  
van die vereistes vir die graad M.A. (Volkekunde)  
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, aan die  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

BLOEMFONTEIN.

DESEMBER 1964.

STUDIELEIER:

Dr. J. T. Louw.

# I N H O U D.

bl.

## Voorwoord

## Inleiding

## Hoofstuk I

Coreig van die Literatuur m.b.t. Fallisisme in Suidelike Afrika .....	1
---	---

## Hoofstuk II

Sereoniële Gebruik van Klip .....	7
-----------------------------------	---

## Hoofstuk III

### Die Falliese Kultus.

A. Die aard van die Falliese Kultus .....	16
---	----

### B. Manifestasies van die Falliese Kultus en Legendes oor die Ontstaan daarvan

(i) Die Lingas-Yoni .....	22
(ii) Dionysus en Bacchus .....	25
(iii) Liber .....	26
(iv) Priapus .....	29
(v) Osiris en Isis .....	30
(vi) Oorsprong van die Beeskultus .....	35

### C. Verspreiding en Variasie van die Falliese Kultus

(i) Algemene Voorkoms .....	37
(ii) Falliese Voorwerpe in Australië .....	48
(iii) Die Falliese Kultus in Suidelike Afrika .....	51

## Hoofstuk IV

### Beskrywing van die Materiaal

A. Koniese Klippe .....	65
-------------------------	----

(i) Falliese Klippe .....	69
(ii) Kort Koniese Klippe .....	120
(iii) Tegniek van vervaardiging van Falliese Klippe en Kort Koniese Klippe .....	131
(iv) Die verband tussen Falliese Klippe en Kort Koniese Klippe .....	136

### B. Deurboorde Klippe

(i) Deurboorde Sferiese Klippe ...	143
(ii) Tegniek van Vervaardiging van Deurboorde Klippe .....	166
(iii) Vrugbaarheidsimbole .....	169
(iv) Skerprand Klipringe .....	176
(v) Tegniek van Vervaardiging van Skerprand Klipringe .....	210

C.	Gekleepte Klippe .....	222
D.	Falliese Voorwerpe wat anders as op die Oppervlakte gevind is .....	220
E.	Verspreiding van die Materiaal .....	223

#### Hoofstuk V.

##### Die Wye Verband van die Falliese Kultus

A.	(i) Fallisisme en Inisiasieseremonies	226
	(ii) Falliese Inslag by Inisiasieseremonies in Suidelike Afrika .....	230
B.	Fallisisme en Besnydenis .....	238
C.	Fallisisme en die Vrugbaarheidsritueel	253

#### Hoofstuk VI

##### Gevolgtrekkings

A.	Fallisisme en die Bantoe .....	266
B.	Fallisisme en die Boesmans .....	269
C.	Fallisisme en die Hottentotte .....	273
D.	Die Draers van die Falliese Kultus na Suidelike Afrika .....	273
E.	Getuienis van Migrasie t.o.v. die Fisiese Ooreenkoms tussen die Gallas en die skelette van Bambandyanalo en Kakamas .....	286
	Algemeen .....	288

#### Hoofstuk VII

	Samevatting .....	288
	Literatuurlys .....	293
	Bylaag 1 .....	300
	Bylaag 2 .....	301

<u>Nr.</u>	<u>LYS VAN TEKSTFIGURE.</u>	<u>Bl.</u>
1	Falliese stel van Spitskop	5
2	Reñklippe van die Bari-stan	11
3	Saamgestelde Lingam-yoni	38
4	Vroulike Menhir, Pedras Marmuradas	43
5	Septerkop, Fayum, Skerprand Klipring Spitskop	44
6	Septer-Kop Merimde, Deurboorde klip, Spitskop	44
7	Saamgestelde Simbool, Sardinië	46
8	Koniese Toring by Mombasa	55
9	Falliese Grafsteen in Mombasa	55
10	Rekonstruksie van Zimbabwe Torings	58
11	Roset silinder, Zimbabwe	62
12	Silindriese Klippe, Boesmansriviermond	68
13	Falliese stel, Spitskop, Boshof	70
14	Falliese stel, Rustkraal, Wolmaranestad	71
15	Falliese Klip en Kort Koniese Klip, Bospoort	73
16	Falliese Klip, Kort Koniese Klip en Klipbal, Elandeputte	75
17	Falliese voorwerpe Meerholtzkop, Kroonstad	77
18	Falliese klippe	80
19	Falliese klippe	86
20	Falliese klip, Wolmaranestad	89
21	Falliese klip, Campbell Dorpegronde	92
22	Falliese klip, Campbell Steenmakery	93
23	Falliese klip, Good Hope, Barkly-Wes	95
24	Falliese klip, Groot Doorns, Keesfontein	96
25	Vrugbaarheidsembleem, Tsomorivier	101
26	Falliese klippe	104
27	Falliese klippe	105
28	Falliese Klip, Potgietersrust	109
29	Falliese Klip en deurboorde klip, Utrecht	118
30	Kort Koniese klippe	123
31	Slypklip, Goemansberg, Luckhoff	133

<u>nr.</u>		<u>nl.</u>
32	Slypklip, Korpsgronde, Luckhoff	134
33	Vingerrots, Worgenster	137
34	Koniese forings, Zimbabwe	138
35	Deurboorde klip, Spitskop, Boshof	148
36	Deurboorde klip, Glon, Raiza	152
37	Deurboorde klippe met Cavette	155
38	Deurboorde klippe met Cavette	155
39	Deurboorde klip, Witboon, Hay	158
40	Deurboorde klip, Brakpan, Campbell	166
41	Pyrefoem A en B	169
42	Vrugbaarheidsinbole	172
43	Vrugbaarheidsinbool	173
44	Vrugbaarheidsinbole	174
45	Vrugbaarheidsinbool	175
46	Skerprand Klipring, Spitskop, Boshof	181
47	Deurboorde Skyf en Koniese Klip, Hoedsiesrand	182
48	Klipringe	183
49	Klipringe	186
50	Klipringe	190
51	Klipringe	194
52	Klipringe	197
53	Skerprand Klipring met Gensbokkoring, Douglas	203
54	Gehepte klippe	218
55	Falliese voorwerp, Australië	220
56	Verspreidingskaart van falliese voorwerpe	223
57	Falliese simbool en falliese staf, Ndebele	232
58	Inisiantie met falliese staf, Ndebele	233
59	Vrugbaarheidspep, Basoto	234
60	Smeltoend met vrugbaarheidsmotief	265
61	Beeldjies uit Suid-Rhodesië (Sungwara)	279
62	Beeldjies van Bamandyanale (Bart)	280

## VOORWOORD.

Vir die geleentheid en die resultate van die navorsing op die falliese voorwerpe as 'n register-verhandeling aan te bied is opregte dank verskuldig aan die direkteur en Raad van Kuratore van die Nasionale Museum.

Waardeerling word betuig aan die volgende persone en instellings wat goedgegunstiglik materiaal beskikbaar gestel het vir studie: Die Nasionale Museum, Bloemfontein; Dr. G. Jock, McGregor Museum, Kimberley; Hoj. E.M. Shaw, S.A. Museum, Kaapstad; Dr. F. Barry, Albanie Museum, Grahamstad; Mr. A.F. de Wit, Transvaal Museum, Pretoria; Dr. S. Mason, Argeologiese Opname, Universiteit Witwatersrand; Mr. J.F. Moff, Pretoria Universiteit; Natal Museum, Pietermaritzburg; Mr. R. Sumner, National Museum of Southern Rhodes., Bulawayo; Die Kuratise, Zimbabve Museum; Dr. E. Fagan, Rhodes-Livingstone Museum; Mr. E. Grubbelaar, Stateuseum, Windhoek; Mnr. D. Hartland-Bowden, Pietermaritzburg en H.J. van Riek, Campbell wat hulle privaat versamelings beskikbaar gestel het.

Dank word ook betuig aan die volgende lede van die personeel van die Nasionale Museum: Mv. H. Stuyt, tikster; Mr. K.F. Smith, Bibliotekaris; Mr. S. Koen, Kunstenaar.

Dank word ook betuig aan Mr. Gracee Pretty, South Australian Museum, Adelaide vir goeievalle inligting t.o.v. die Australiese voorwerpe.

Die Kuratant/.....

Die Institut vir die Studie van die Kers in  
Afrika, Johannesburg, word bedank vir finansiële steun  
wat dit meentlik gebruik het om die verskillende insigtings  
te besoek.

in Hoord van besondere dank aan Dr. J.F. Louw wat  
as studieleier opgetree het en aan Dr. A.C. Hoffman  
vir besielende saansprekings en nuttige werke.



## INLEIDING.

Die ontdekking van sekere voorwerpe in Suidelike Afrika en die herhaaldelike verwysings na falliese in verband daarmee, het die indruk laat ontstaan dat op een of ander tyd in die voorgeskiedenis van hierdie gebied daar 'n falliese kultus bestaan het.

Behalwe die falliese voorwerpe wat by Sibabue en Kapungubue gevind is, is die ander voorwerpe tot dusver bekend, sporadies gevind en die bespreking daarvan in die literatuur is beperk tot kort artikels oor die betrokke vondste. Daar is nog nooit 'n volledige opmekaarsaamstelling van al die beskikbare voorwerpe of 'n poging aangewend om hulle kronologies te plaas of in verband te bring met 'n bepaalde kultuur nie.

Die doel van hierdie verhandeling is derhalwe om deur 'n studie van al die betrokke voorwerpe vas te stel of daar wel so 'n falliese kultus in Suidelike Afrika bestaan het.

Deur 'n studie van die literatuur oor falliese in ander dele van die wêreld sal 'n agtergrond geskep word waarteen die plaaslike probleem in perspektief gestel kan word. Sodoende sal daar gepoog word om:

- (a) 'n Verklaring aan te bied vir die voorkoms van die kultus in Suidelike Afrika.
- (b) Dit aan 'n bepaalde volksgroep te bind.
- (c) Indien dit uitgestorwe het, dit by benadering te dateer.

HOOFSTUK I.

ORSIG VAN LITERATUUR W.A.F. FALLISIESE IN  
SUIDELIKE AFRIKA.

Die oorspronklikheid van 'n falliese kultus in Suidelike Afrika het vir die eerste maal ter sprake gekom met die ontdekking van sekere antropomorfiese voorwerpe in die Zimbabwé-ouvalle. Een van die navorsers, R.H. Hall, (1) skryf in hierdie verband: "Here, fully two hundred carved stone phalli, many being decorated, were found in association with the conical tesser, carved stone birds and beans, and the decorated 'cup or ring' rings, none of which have ever been found elsewhere than at Zimbabwé."

Van die antropomorfiese skryf Bent (2), Hall (3) en later ook Bent (4) dat hulle in werklikheid antropomorfiese modelle van die fallus is. Tot dusver was die teorie oor fallisisme in die Suido van Afrika egter beperk tot Zimbabwé en is fallisisme beskou as 'n vreemde element wat, van Fenisje of elders, tydelik na Afrika oorgeplant was. Hierdie beskouing was veral gebaseer op die ooreenkomstigheid van die keniese terings en die antropomorfiese voorwerpe waarvan die prototipe in 'n Fenisiese tempel in Paphos, Cyprus, bekend was. (5)

Van die vroegste versamelings van 'n falliese kultus wat op Zimbabwé verspreid was, is van Perinquey (6) in 1911, in 'n bespreking van keniese en skurkse klippe. Hy skryf: "Symbolism is attributed by some antiquarians to these perforated stones, the latter being part of the liaga-yoni, namely, the rosette." Hy wys ook

07/.....2

- 
- (1) Hall, R.H. (1909), bl. 212.
  - (2) Bent, J.F. (1892), bl. 154.
  - (3) Hall, R.H. (1909), bl. 348.
  - (4) Bent, J.F. (1929), bl. 553.
  - (5) Bent, J.F. (1892), bl. 170.
  - (6) Perinquey, L. (1911), bl. 116.

op 'n ringvormige klipvoorwerp met 'n punt aan die een kant wat hy as 'n saamgestelde falliese simbool, afkomstig van die Sivaïsme<sup>(1)</sup> beskou. Op daardie tydstip kon hy slegs na 'n paar klippe met silindervormige afwerking verwys, t.w. enkele in Grahamstad<sup>(2)</sup> een uit Knyana en 'n paar ander in die S.A. Museum, Kaapstad wat, as gevolg van hulle gladde afwerking, nie juis verklaar kan word in terme van gewone huishoudelike gebruiksgoedere nie.

Die eerste verwysing na 'n falliese kultus onder die Suid-Afrikaanse Bantoe kom van J.A. Winter<sup>(3)</sup> in 1914, en wel in die volgende woorde: "I dare say, however, that the following about the old circumcision songst our natives will induce the reader to think that this most sacred and most secret mysterious law is nothing but the Phallus Cult, or, at least, a remnant of it." Hy gaan verder deur te wys op die liedere wat met inisiasie van die Bapedi gesing word wat 'n bepaalde kleur van hierdie kultus dra. Die inisiasie self het die besnydenis as 'n hoogtepunt, en van die betrokke liedere skryf Winter<sup>(4)</sup>: "Hymns and songs, fixed from the oldest times in praise of manliness, in praise of the female parts ..... are now sung from early to late."

Dart<sup>(5)</sup> verwysende na 'n falliese monoliet, afkomstig uit Rhodesië, in die Suid-Afrikaanse Museum, maak die volgende opmerking: "There is a general recognition

in/.....3

- 
- (1) Siva is die derde persoon in die Hindoe drie-eenheid, Brahma, Vishnu en Siva.  
(2) Die voorwerpe is in die Albanie-museum.  
(3) Winter, Joh. A. (1913), bl. 131.  
(4) Ibid bl. 133.  
(5) Dart, R.A. (1929), bl. 553.

in South Africa of the pervading atmosphere of phallicism in tribal rites and ceremonies." Die aanwezigheid van hierdie element in die seremonies van die Bantoe wys sintlik terug na gebeurtenisse in die voorgeskiedenis toe die falliese kultus sy stempel afgedruk het op die kultuur van hierdie volke.

Dart gaan in dieselfde artikel voort deur 'n aantal falliese voorwerpe te beskryf. Dit sluit in 'n seepsteen-fallus uit Rhodesië, 'n koniese klip uit Kustenburg, Transvaal; twee kort koniese klippe uit Heilbron, O.V.S., een of twee lang falliese klippe en een kort koniese klip uit die omgewing van Kimberley, Noord-Kaapland. Tersaem hiermee plaas hy illustrasies van 'n Kō-klip van seepsteen, wat hy saam met die koniese klippe as 'n voorgang van die falliese ritueel beskou. Die feit dat hulle van dieselfde vindplek, naamlik Heilbron, kom, laat Dart besluit dat hulle saamgegroeper kan word, en behorende tot dieselfde klas van rituele voorwerpe.

Van Riet Lowe<sup>(1)</sup> maak ook melding van sommige skurbeerde klippe waarvan hy, veral op grond van eekere rotstekeninge, 'n bepaalde seremoniële funksie toevys. Volgens Dart<sup>(2)</sup> het beide Feringuey en Brech hom in die volgende stelling gestaan: "..... that some of the Kōs or perforated stones, which are generally regarded as 'digging stones' are also cult objects, and are phallic."

Wat verdere gegewens onder sy aandag gekom het, kom Dart<sup>(3)</sup> in 1932 met nog meer oortuigende bewys dat hierdie tipe klippe wel voorwerpe van die falliese ritueel is. Hy plaas in hierdie artikel ook 'n brief

van/.....4

---

(1) Lowe, van Riet (1929), bl. 164  
(2) Dart, R.A. (1929), bl. 598.  
(3) Dart, R.A. (1932), bl. 731.

van mr. Hartnoll, n distrikbesampte in Wagogo, Tanganjika. In die brief vermeld Hartnoll<sup>(1)</sup> die volgende i.v.m. koniese en deurborde klippe: "The stones are the prerogative of the chief, (or Mtemi), and are kept by him in his hut. They are very definite imitations of the male and female sex organs and are known as the 'male' and 'female' ..... They are used once a year in a ceremony which appears to be a supplication to God for a plentiful crop. Perhaps they signify a worship for fertility."

Dit blyk verder dat hierdie klippe van die Mtemi ook gebruik word vir reënseremonies waartydens n swart os of n swart skaap geslag word. Aan die einde van die reënseisoen word die falliese klippe gebruik om die sukses van die rypwordende graan te verseker. Gedurende die reënseremonie word die klippe ingevryf met die vet van die offerdier.<sup>(2)</sup>

Verdere getuenie kom weer van Dart<sup>(3)</sup> in verband met die gebruik van deurborde klippe by die Bapedi van Potgietersrust. Dit het meer direkte verband met die vrugbaarheidsereemonies as sodanig. Die eerste saad wat gesaai word, moet deur die toordokter behandel word sodat ontkieming kan plaasvind. Nadat die saad met die nodige medisyne versterk is, word dit deur die opening van n deurborde klip in n gat in die grond laat loop. Daarna word die saad om die grense/...&

---

(1) Dart, R.A. (ibid), bl. 735.

(2) Vgl. Seligman (1932), bl. 281. By die Bari, n Nilotiese stam, word die reënklippe met Sesamolie gesmeer en n swart bok geslag.

(3) Dart, R.A. (1948), bl. 63.

grense van die landerye gestrooi deur kinders wat nog nie puberteit bereik het nie.

Wanneer die graan geskik is om geëet te word, word weer 'n hoeveelheid daarvan simbolies deur die opening van die klip gegooi voordat enigiemand daarvan mag eet. Na die oes word bier op dieselfde wyse deur die opening van die klip gegooi om dit in te wy. Daarna mag almal bier maak en drink.

James Walton<sup>(1)</sup> wat ook na bostaande geval verwys nadat hy enkele falliese voorwerpe afkomstig uit Heilbron, Wolmaranstad, Likatlong, Cornelia en Meerholtzskop bespreek het, kom tot die volgende gevolgtrekking: "Although both conical and bored stones primarily served a utilitarian purpose they probably also had a subsidiary symbolic function connected with fertility."




Fig. 1. Falliese stel van Spitzkop.

Verdere bewys van die gesamentlike rituele funksie van ten minste drie verskillende voorwerpe, nl. die

falliese/.....6

---

(1) Walton, James (1956), bl. 61.

faliese of koniese klip, die deurboorde klip en die  
sterprandlipring<sup>(2)</sup> het aan die lig gekom deur die  
ontdekking van die unieke etel faliese voorserpe<sup>(2)</sup>  
wat in situ te Spitekop in die distrik van Bechhof  
gevind is. 'n Klein gekleepte klippie wat daar naby  
gevind is, het aansluitend ook verband met die faliese  
voorserpe.

---

(1) In engels "perforated edged disc."  
(2) Heterhuysse, D.J. (1962), bl. 1-4.

## HOOFSTUK II.

### EMPIRISIE GEBRUIK VAN KLIP.

Sedert die vroegste tye was die mens geïnsponeer deur die skynbaar onveranderlike eienskappe van klippe en was hulle gebruik as sigbare simbole van abstrakte waardes. So is daar dikwels gedinkte opgerig wat as stille getuies van belangrike gebeurtenisse uit die verlede spreek; ander staan daar as handhewers van ooreenkomste of as grensbakens in gebiedsverdeling.

In hierdie verband skryf Von Glas-Heden<sup>(1)</sup>: "In his search for the imperishable, man soon hit on stone as the great symbol of permanence, and at an early stage it came to stand in his mind for the eternal and the divine." Hy wys verder daarop dat bemenselike kragte daarvan toegestryf word en dat klip veral belangrikheid verkry het t.o.v. die doodskultuur.

Westermarck<sup>(2)</sup> berig van die Berbers in Marokko dat gewone speklippies dikwels in dagiese bedrywe gebruik word. Wanneer 'n man voornemens is om op reis te gaan, en sy vrou, of iemand anders om dit verhoed, neem sy sewe klein klippies van verskillende paaie en plaas hulle net buite die deurtoegang van die man se huis. Dit sal verhoed dat by die reis onderneem.

Wanneer 'n persoon siek is<sup>(3)</sup>, en daar bestaan 'n vermoede dat hy deur toewery besaai is, dan word 'n

mandjie/...8

---

(1) Von Glas-Heden, S. (1961), bl. 11.  
(2) Westermarck, (1926), bl. 116.  
(3) Ibid., bl. 111.



mandjie met eekore kossorte in die vermoende tower-  
plok gansen, die kos word daar gelant en die mandjie  
teruggesien. Op pad terug, so berig Westermarck,  
word sewe klippies opgetel en een na die ander word  
na die deur van die sieke so huis gegooi. Sewe  
klippies word ook gebruik om jakkalse van skape  
weg te hou.

Hierdie gebruik illustreer die geloof dat  
ekere magiese kragte deur middel van gewone klippe  
verleens kan wees.

Crowley<sup>(1)</sup> maak melding van die crathips of  
Ainsesteen van die Aruntas in Australië. Elke  
lid van die stam word gebore as 'n re-inkarnasie van  
die nimmersterwende geestesdeel van een van die  
half-dierlike voorouers waaraan hulle glo. Omgang  
tussen die geslagte veroorsaak nie geboorte nie,  
maar berei slegs die wees vir die ontvangenis  
van die re-inkarnasie gees. Die sakrale crathips  
is 'n klip met 'n gat deur, en hierdeur kyk die geeste-  
kinderes uit vir 'n moeder wat verbygaan en dit word  
geglo dat 'n besoek aan die klip swangerskap tot  
gevolg sal hê. As 'n jong vrou toevallig naby die  
klip moet verbygaan en nie begierig is om 'n kind te  
hê nie, vermaan sy haarself, deur haar gesig vol  
plooië te trek en met behulp van 'n stok te loop,  
tensinde swangerskap of te wees.

In die Britse Eilande waar volgens Scott<sup>(2)</sup> ook  
besoes van die falliese kultus aangetref word, het die

Keltiese/.....9

---

(1) Crowley, E. (1932), bl. 424.

(2) Scott, G. Nyley (1950), bl. 231.

Keltiese priesters, wat eens baie magtig en invloedryk was, gebruik gemaak van 'n deurboorde klip, of tolmen vir reinigingsrites. Hy beskryf die tolmen as 'n plat klip van ongeveer 4' X 5' met 'n opening van ongeveer 16" in die middel. Daar hierdie gat is kiersig wat aan regterlye ly, soek volwassene wat aan verskillende ongesteldhede ly, gedruk, of gereinig en gencees ontfant uit te ken. Die deurgaang deur die opening was simbolies van geboorte en veronderstel reiniging en regenerasie.

Die reuse van Ufipa in die Suid-weselike hoek van Tanganjika glo volgens Maxine Klein dienst<sup>(1)</sup> dat geeste van verskillende beskrywings hulle tuiste het in die gate van deurboorde klippe. Sulke klippe word gevind onder die groot reuse wat naby die fontein groei, en ook 'n voorbeeld van die geeste is. Vader le Bordeaux<sup>(2)</sup> van die Ulisi Sendingstasie het aan Klein dienst drie sulke klippe getoon wat van 'n toewenaar verkry is. Dit gewone deurboorde klippe, ru en onafgewerk, met die kenmerke buite sigbaar terwyl die perforasiewande gepoleer is. Wanneer die teordokter 'n hoender slag en vas te stel vanwaar die reuse invloed kom, word die bloed deur die perforasie van die klip laat drup. Klein dienst kon nie vasstel of die klippe deur die Ufipa self vervaardig was of in 'n voltooid toestand gevind was nie. 'n Lid van die stas het dit tegeeskryf aan

"Vatur/.....10

---

(1) Klein dienst, Maxine (1961, bl. 150.

(2) *ibid.* bl. 150.

"Water ya samane", d.i. "die mensse van leek gelede."

Seligman<sup>(1)</sup>, wat 'n studie gemaak het van die Kiltiese etasse van die Sudan, beskryf die reënseremonie van die Bari-stam wat by die oerstroming van die Kongo-rivier woon. Anders as by die Shilluk-en Minka-reënmaker in wie 'n groot voorvadergeeste woon, kan die Bari-reënmaker maklik met sy lewe boot as hy sou nielut in sy pogings. Om hom in 'n mate te vrywaar sluit sy pogings nie enkel die produksie van reën in nie, maar dit behels ook die verstryging van enige vorm van voerspoed wat nodig mag wees vir die land. Sy verneë om die gewenste resultate te verkry hang veral af van die presiese manipulasie van die reënklippe, gerugsteun deur die bereidwilligheid van die voorvadergeeste.

Die doel van die seremonie sluit ook in die verstryging van vrugbaarheid soos duidelik blyk uit die opdrag van die reënmaker aan sy assistent wat hy na 'n afgeleë statjie uitsteur om namens hom daar op te tree: "Make that water come, so that it may fall, so that these people may cultivate, so that also their millet may ripen, so that these people may be contented, so that the people may bear and produce and their words grow large."<sup>(2)</sup>

Hieruit blyk duidelik die nou verband tussen reën en vrugbaarheid; nie alleen vrugbaarheid van die gewasse nie, maar ook van diere en mense. Dit

vera/.....ll


---

(1) Seligman G.G. (1932), bl. 281-282.

(2) *ibid.*, bl. 281.

worde in verkleinheid n eenheid sodat die verkryging daarvan deur dieselfde proses bevestigend word.

Van die voorwerpe wat by die proses gebruik word, is die reuklippe die belangrikste. Die klippe, ook deur Seligman voorgedra, het bestaan uit vier stukke bewerkte kante ook in Fig. 2 nagehou.



#### Reuklippe van Itri-steen. (na Seligman)

Die twee koniese klippe, a en b, word as manlike beskou, terwyl die twee silindriese klippe, c en d, vroulik sou wees. Die vroulike klip, d, word as die kragtigste beskou en daar word geglo dat as dit teen die steen gebruik word, sekere uitroep hoorbaar is.

Die reukmaker gaan op die volgende wyse te werk: Hy was eersens die reuklippe wat hy uit n pot haal, plaas hulle op n groot manklyp en asoer hulle daarmee met Soem-olie. Daarna word n swart bek geolag op die reukmaker en sy assistent, soos as die ou man teenwoordig, oet daarvan, en daarna word op die reukgang.

Wat belangrik is in die reukprosesse van hierdie steen, is die onderskeid tussen manlike en

vroulike klippe, die verband tussen reën en universele vrugbaarheid en die offer van die swart bok.

Seligman<sup>(1)</sup> gee ook 'n verslag van 'n reënseremonie by Belinian waar 'n ander reënmaker met enigins verskillende voorwerpe opgetree het. Die veratandhouding is dat die reënklippe eers gesalf, daarna gewas en daaroor gebid sal word in die reënmaker se hut. As hierdie handeling nie reën voortbring nie, moet die reënmaker sy toevlug neem na die graf van sy vader. As hy nog steeds onsuksesvol is, wend hy hom na die graf van die vorige reënmaker.

Naby die kop van die graf vind hy 'n skaalklip met vier klippe daarop; drie hiervan, hoewel nie van kwarts nie, sou besonder kragtig wees. Die vier klippe is die volgende: 'n halwe deurboorde sferiese klip van aansienlike grootte, soortgelyk aan die graafstokklip van 'n Boesman; nog 'n kunsmatig deurboorde klip; 'n onreëlmatige massa kwarts met kristalle daarin en laastens 'n speelklip.

Die verband tussen die reënseremonie en die vrugbaarheidsgedagte tree ook by hierdie reënmaker sterk op die voorgrond. Seligman<sup>(2)</sup> dui aan dat die reënmaker, wanneer die graan gedeeltelik ryp is, weer eens sy assistent stuur, sonder die vordering van 'n verdere fees, om medisyne in die lande te gaan strooi.

Dit/.....13

---

(1) Seligman, C.G. (1932), bl. 284.  
(2) Seligman, C.G. (1932), bl. 286.

Dit is dus duidelik dat die reënseremonie nog nie volledig is voordat die sukses van die oes nie vereeeker is nie.

Oor die geslagsverskil tussen reënklippe het Whitehead<sup>(1)</sup> die volgende waargeneem. Die kinders van Pitia Lugar het sekere klippe na Barjua gebring. Twee swart plat klippe was vroulik, terwyl twee ronde blou klippe manlik was. Die res was hulle kinders.

In sommige gevalle word selfs afstamming van 'n klip beweer, soos deur Seligman<sup>(2)</sup> waargeneem by Jobel Kukur in die verre weste van Ingassana. Daar is 'n sekere klip wat genoem word "mit i tel" d.i. "klip van die son." Hierdie klip, rondgemaak en sowat tien duim lank, het 'n ryk swart kleur deur die herhaalde aanwending van vet. Dit is veronderstel om die seun te wees van 'n baie groter klip wat in die skaduwee van 'n boom daar naby staan. Hierdie klip het volgens oorlewering uit die grond verrys saam met die eerste man Geber en die eerste vrou Otianer van wie alle mense afstam.

Frazer<sup>(3)</sup> spreek die mening uit dat, hoewel daar vir die primitiewe mens 'n algemene magiese effektiwiteit in alle klippe skuil vanweë hulle gewig en soliditeit, daar spesiale magiese eienskappe toegekryf word aan sekere klippe vanweë hulle spesifieke kwaliteite, kleur

of/.....14

---

(1) Volgens Seligman: (1932), bl. 286.  
(2) Seligman, C.G. (1932), bl. 437.  
(3) Frazer, Sir J.G. (1954), bl. 33 vlg.

of vorm. So gebruik die Indiane van Peru sekere klippe in 'n vrugbaarheidsereenonie vir mielies, 'n ander vir kartappels en nog ander vir beeste. In elk geval het die bepaalde klip die vorm van die voorwerp ten opsigte waarvan die ritus uitgevoer word.

Fraser<sup>(1)</sup> maak ook melding van die gebruik van klippe in reënereenonies. In 'n dorpie in Senca het hy die geval aangetref van 'n klip wat sorgvuldig getoets word as die verteenwoordiger van die reënmakende god en slegs tydens droogtes deur priesters in 'n optog gedra word, waarna hulle dit seremonieel in 'n stroompie gooi.

Volgens dieselfde skrywer bewerkstellig die Ba-Caledoniërs selfs droogte deur middel van 'n skyfvormige klip met 'n gat daardeur. Die oomblik as die son opkom, neem die towenaar die klip in sy hand en trek 'n brandende bard herhaaldelik deur die opening terwyl hy woords met die volgende strekking uitspreek: "Ek steek die son aan sodat hy die wolke kan opeet, sodat die lande kan opdroog sodat dit niks voortbring nie."

Fraser meld ook hoedat die bewoners van die Eriks Eilande eenskyn maak deur middel van 'n sferiese klip wat met rooi bande omvleg is en die son voor te stel.

Hy verklaar verder dat die egelike reënmaat van die natuuriklus 'n steapel afdruk, selfs op die

primitiewe/.....15

---

(1) Fraser, Sir J.C. (1954), bl. 76.

primitiewe denke, sodat die primitiewe mens deur waarneming later sekere gebeurtenisse kan voorspel.

"He foresees them, and foreseeing them mistakes the desired recurrence for an effect of his own will and the dreaded recurrence for the effect of the will of his enemies." (1)

Bestående aanhaling betyde hoedat 'n bepaalde ritus met die natuur siklus verbind word en vir die betrokke groep 'n vereiste word vir die voortbestaan van die siklus. Terselfdertyd verseker die siklus, bv. die eeisens, die voortbestaan van die ritus en die preservering van die rituele voorwerpe.

In al die gevalle waarna in hierdie bespreking verwys is, word rituele voorwerpe van klip gebruik waaraan magiese krag toegeskryf word. Die voorwerpe sluit onder meer in 'n silindriese klip van sowat 10" lank, 'n klip met die meentlike vorm van 'n mieliekop, 'n deurboorde sferiese klip en 'n klipskyf met 'n gat daardeur.

---

(1) Frazer, Sir J.G. (1954), bl. 162.



## HOOFSTUK III.

### DIE FALLIËSE KULTUS:

#### A. DIE AARD VAN DIE FALLIËSE KULTUS.

Fallisisme, of die verering van seks, is vanaf die vroegste tye in die geskiedenis bekend. Hoewel die sentrum van ontstaan en verspreiding blykbaar die Midde-Ooste is, kom dit in 'n geveelike vorm ook voor in Suid-Amerika en het dit in die vroegste tye ook voorgestem oor feitlik die hele Europa tot selfs in die Britse Eilande. Fallisisme word veral met die Megalitiese bouers geassosieer.

In die Ooste, veral in Indië, kom die kultus voor in 'n gespesialiseerde vorm bekend as die Lingusyam<sup>(1)</sup>. Dit sonder uitsondering het fallisisme as 'n noodsaaklike element die vrugbaarheidsgedagte, wat tot 'n eiesoortige ritueel by die onderskeie volke ontwikkel het. Reïneseremonies word in die meeste gevalle uitgevoer op 'n wyse wat 'n onmiskenbare verband met die konsep van falliese vrugbaarheid bewees.

Die 'n bekende volkekundige feit dat waar daar diffusie van 'n bepaalde gebruik plaasvind, die neiging bestaan dat daar differensiasie in die gebruik voorkom. Diffusie studies het egter verder getoon dat gedifferensieerde kulturelemente of kultuurkomplekse tog eekere basiese strukture bevat deur middel waarvan sodanige differensiasies as histories aan mekaar verwant beskou kan word.<sup>(2)</sup> Dit is dan ook die geval met fallisisme,

wat/.....17

---

(1) Sien bl. 22

(2) Vgl. bv. Huxley G. (1933).

vat, hoewel opvallend verskillend in baie streeke, tog sekere gemeenskaplike trekke vertoon.

Wat die oorsprong van fallisisme betref, is daar uiteenlopende teorieë:

G. Ryley Scott, sê dat niks so verskriklik en vreesinboesend is as die onbekende nie. (1) Hoe meer geheimsinnig 'n verskynsel is, hoe meer word dit energieë gevrees en adorerende geroepkoor. Dieselfde skrywer (2) verklaar dat alle godsdienste, wanneer hulle gestroep word van dekoratiewe aanhangels en ritueel, basies dieselfde is. Hierdie gemeenskaplike fondament is vrees vir die onbekende en die mistieke. Baie van die een, die aan, die placote, die see en die lug, asook die marie deur die en velle aanbid, sêe sommige primitiewe volke dit trouens vandag nog doen. (3)

In alle onverklaarbare dinge is die hand van die gode gesien. In die vrees van 'n onverklaarbare misterie was ook die gealagsake gehul. Die stukkies wat deur die primitiewe mense gebruik is om vuur mee te maak, het ook 'n gealagselike interpretasie verkry.

Die harde regop stok was as omnik beekou, terwyl die sagter horisontale gedeeltes vroulik een was. (4)

Die geheimsinnige aard van die resultaat van hierdie handeling, n.l. die tevoorakynbring van vuur uit die nie, word verbind met die skopping van lewe en suggereer 'n falliese interpretasie; n.o.w. deur die sameensluiting van manlike en vroulike aksie het daar

nwe/.....18

- 
- (1) Scott, G. Ryley (1950), bl. 41.
  - (2) Scott, G. Ryley (1939), bl. 229.
  - (3) *ibid.* bl. 229.
  - (4) Scott, G. Ryley (1950), bl. 27 (uit Hastings Encyclopaedia of Religion and Ethics).

nuwe lewe ontstaan.

Die mate van verering wat aan die manlike en vroulike geslagsorgane bestee is, is altyd bepaal deur die mate van kennis van geslagtelike fisiologie. Hoe vaer die begrip van die werking van seks, hoe groter die misterie daarvan en hoe meer pertinent die verering van die oorsaak daarvan.

Scott meen dat selfs by daardie stamme waar geen kennis van 'n verband tussen seks en kindergeboorte waargeneem kan word nie en wat wel fallisiese besef, die genot uit die seksueel self genegeense stimulus is vir die verering daarvan. Hierin tref ons volgens hom verering van beide die manlike en vroulike genitalië aan. Hierdie skrywer kom dan tot die gevolgtrekking dat die element van genot wat met geslagsomgang gepaard gaan, en so ingevleg is in die ideologie van die primitiewe volke, ten grondslag is van die teorie dat dieselfde daad netso genotvol vir die gode sal wees, en dat ontleding van die godedienstige ritueel van onbeskaafde volke duidelike aanduidings gee van sodanige verband en afleidings. Hy onderskryf nie die gedagte dat baie van die ritusse bevolkingsaansas ten doel het nie. Hy verklaar uitdruklik: "My contention is that, without exception, the worship of sex by all primitive races originated in the pleasure associated with coitus and not in any clearly conceived notion that intercourse would produce children. The sex act gave pleasure to those engaging in it, and by analogy it would give pleasure to the gods."<sup>(1)</sup>

So/.....19

---

(1) 1914. bl. 47.

So 'n beskouing impliseer dat geelagsomgang eintlik beoefening van godsdiens is, en Scott sien dan ook 'n godsdiensagtige aksie in die buitengewoon sinnelike uitspattighede waarmee die heidense feeste gewoonlik gepaard gegaan het.

Met hierdie beskouing van Scott kan die skrywer van hierdie proefskrif nie saamenstem nie. Dit moeilik om te begryp hoe sulke beoefeninge godsdiens genoem kan word. Die godsdiensbegrip kan as volg gedefinieer word: dit is die beoefening van 'n geloof in 'n bonatuurlike wese of wesens, sterker as die mens self, tot wie hy in 'n wederkerige verhouding en 'n staat van plig en verantwoordelikheid te staan gekom het. (1)

Die voorwaarde is dus 'n wese van buite die mens wat homself aan die mens openbaar en in sekere gevalle ook van die mens besit kan neem.

Redfield wys ook op die praktiese implikasies van die godsdiens: "Religion is, moreover, activity; it is something going on in mind and in overt act; it is belief and rite." (2) 'n Vereiste vir die beoefening van enige godsdiens is dus die ritueel, wat deur Roucek en Warren as volg gedefinieer word: "A highly stylized and carefully prescribed set of gestures and words performed by persons who are especially selected to engage in it. The ritual is usually fraught with symbolic meaning and used as a dramatization of things which are considered/.....20

---

(1) Sien Coertze P.J. (1950) bl. 178, en Schmidt, W. (1935), bl. 2.

(2) Redfield, R. (1950), Ed. Goldschmidt, bl. 649.

considered sufficiently important to be considered with deference and awe."<sup>(1)</sup> Ons sou dus ken sê ritueel is die doelbewuste, plegtige en foutlose herhaling van 'n voorgeskrewe handeling in die vaste geloof dat dit telkens dieselfde reaksie sal teweegbring by die benatuurlike wese in wie se teenwoordigheid dit uitgevoer word.

Die sogenaamde falliese feeste, die Bacchanalieë, die feeste van Dionysus, Ashur, Astarte en Mylitta voldoen nie aan hierdie rituele vereiste nie en was niks anders as skamtelose oorgawe aan die seksdrang in die openbaar nie. Daarom was dit ook dikwels deur verantwoordelike owerhede belet om ondergronds gedryf soos in die geval van die feeste van Dionysus in Griekeland.<sup>(2)</sup>

Scott sien verder die beoefening van die falliese aanbidding in die aard van die offers wat gebring word, en hier het hy veral die seksdaad self in gedagte as 'n offer: "The essence of sacrifice is the offer of something which will give pleasure to the god. These sacrifices were invariably of a festive and essentially a sexual nature."<sup>(3)</sup> Hy haal ook Payne Knight as volg aan: "To imitate the gods was in the opinion of the ancients to feast, to rejoice or to cultivate the useful and elegant arts, by which we are all made partakers of their felicity."<sup>(4)</sup>

Wat hierdie/.....21

- 
- (1) Housck, J.S. en Warren, R.L. (1961), bl. 290.  
(2) Nilsson, Martin P. (1952), bl. 293; Gutrie, W.K.C. (1954), bl. 178.  
(3) Scott, G. Ryley (1950), bl. 47.  
(4) Ibid, bl. 47.

Wat hierdie skrywer egter nie in aanmerking neem nie, is dat die basiese element van 'n offer die verlies is wat die offerande beteken vir die offeraar. Sonder hierdie verlies kan daar eintlik geen offer wees nie.

Die aktiwiteite van tempelmense sou wel teoreties binne die raamwerk van die falliese kultus kon val omdat daar geredeneer kan word dat die offer wat hulle bring, hulle maagdelikheid is. Sulke tempel-prostitute<sup>(1)</sup> was aangetref in die tempel van Mylitta in Babilonië, soos deur Herodotus beskryf, sook in die tempel van Aphrodite Porne in Korinte, - Strabo maak melding van meer as 'n duisend van hulle wat almal die godin in die tempel gedien het. In die tempel van Aesculapius naby Tithoraea was spesiaal 'n bed in gereedheid gehou vir die "offers".<sup>(2)</sup> Die gebruik van mense in die kultus van Venus is ook bekend.<sup>(3)</sup>

Die vraag wat hom voordoen na aanleiding van die voorafgaande, is of in die betrokke gemeenskappe die verlies van die maagdelikheid 'n sodanige werklik gevoelige verlies was dat dit wel as 'n offer beskou kan word.<sup>(4)</sup> En selfs al sou dit die geval wees, dan het ons nog die teenstrydigheid dat vroue die vermaaste deelnemers in die kultus is, en dit in 'n patriargale gemeenskap. Die meeste van hierdie gevalle kan as niks anders as wanpraktyke beskou word nie, en dit maak beslis nie deel uit van die groep se normale godsdienstige handeling nie.

Dit wil/.....22

- 
- (1) Ibid. bl. 64.  
(2) Ibid. bl. 65.  
(3) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 17.  
(4) Sien Scott (1950), bl. 62.

Dit wil voorkom of die vragbaarheidsfeeste by uitstek die geleentheid was vir seksuele uitspattighede. Scott skryf as volg: "It is indeed note-worthy that at all times and in all races the holding of festivals provided occasions when many of the regulations governing sexual behaviour were temporarily abandoned."<sup>(1)</sup>

Hiermee erken bogenoemde skrywer self dat die buitensporige seksvertoon, nie die voorgeskrewe gedragevorm is nie, maar afwykings is van die normale godedienstige prosedure.

Daar kan dus nie sprake wees van 'n falliese godsdiens wat hom manifesteer deur seks nie. Die fallus was nie aanbid as 'n god nie. Dit het hoogstens die status van 'n simbool gehad met 'n rituele funksie soos aangetref in die verskillende falliese kultusse. Dit sou dus ormoontlik wees om met Scott saam te stem dat daar aanbidding van die fallus as sodanig was en, derhalwe, dat sodanige aanbidding 'n doel in sigself was.

B. MANIFESTASIES VAN DIE FALLIESE KULTUS EN LEGENDES OOR DIE ONTSTAAN DAARVAN.

(1) DIE LINGAM-YONI.

'n Baie belangrike faktor in die ontstaan van die falliese ritueel is die kennis van biologiese vaderskap. Terwyl Scott<sup>(2)</sup> sodanige kennis nie noodsaaklik ag vir die ontstaan van die kultus nie, beskou Rosenbaum<sup>(3)</sup> dit as die direkte aanleiding tot die kultus. Hy bring die/.....23

---

(1) Scott, G. Ryley (ibid.), bl. 66.

(2) Ibid. bl. 47.

(3) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 34.

die ontwikkeling van hierdie kennis veral in verband met die ontstaan van die Lingen-Yoni in Indië. Die vers van die linga word as volg beskryf: "In India the linga is the emblem of the fecundator, the generator, the creator in fact, and is generally represented by a smooth, round, perpendicular, black stone."<sup>(1)</sup> Volgens hem het die Venus-kultus, wat hy as die oudste fallicose kultus beskou, in Sentraal-Indië ontstaan en vandaar na verskillende dele van die wêreld versprei. Vir die Lingen-Yoni-ritueel, wat hoofsaaklik gebaseer is op die egolens van die man, probeer hy egter 'n plasmatiese ontstaan in die Ooste postuleer. Hy voer aan dat vanuit waarskynlik die idee by die primitiewe mens posgevat het dat die manlike genetiese die deur- oorgewende element in reproduksie is. Dit bring mee dat hierdie organe self in 'n heersende stelsel van pantelisme as buitengewoon sentraal beskou aan word. Rosenbaum meen dat die god wat kontrole oor hierdie organe uitoefen, nie beter voorgestel kan word as deur dit waarin hy homself so blydendig manifesteer nie.<sup>(2)</sup>

Die meeste van die antieke godsdiensleer het 'n nite as grondslag en die legende van die Lingen-Yoni plaas die ontstaan van die kultus dan ook lê toe in 'n ander lig. Rosenbaum haal die nite<sup>(3)</sup> van die Lingen-ritueel by die aanbidders van Vishnu in Sonnerat aan, wat op die volgende neerkom:-

"No/.....24

- 
- (1) Etheridge S. (1916), bl. 17.  
(2) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 33.  
(3) Ibid. bl. 34-36.



"Die Doetvaardige" (1) het, as gevolg van hulle offers en gebese, groot mag verstry, maar as dit te behou was hulle die harte en die harte van hulle vroue altyd suiwer bly. Toe Siva van die voortreflike status van hierdie manne verneem, het hy besluit om hulle in versoeking te stel. Het hierdie deel voor of het hy homself getransferreer in die persoon van 'n jong bedelaar met 'n mooi voorkoms. Hy gebied Vishnu en, in die persoon van 'n aanvallige meisie, kon te vergesel na die woonplek van hierdie manne. So het dit gekom dat Vishnu die manne van die dorpie verlei het, terwyl Siva met die vroue omgang gehad het. Toe Vishnu en Siva tevrede was dat die manne, wat so hoog aangekryf was, hulle buitengerone voortreflikhede kyk was, het hulle die dorpie verlaat.

Hie lank hierna nie het die Doetvaardige uitgevind dat hulle offers nie meer effektief was nie en dat hulle mag afgestaan het. Na 'n tyd van vrede oopbeesing stel hulle vas dat dit Siva was wat hulle vroue verlei het en dat hulle self deur Vishnu tot strakeling gebring is.

Om hulle verlore eer te herwin, is besluit om Siva deur middel van 'n offer te oortuig. In 'n laaste desperate poging het hulle sulke ontsettende offers gebring dat Siva die effek daarvan nie kon weerstaan nie; hulle het hom gevolglik oortuig en hom van sy genetiese beroof. Raasend van woede het Siva gedreig om die hele wêreld aan die brand te steek om hulle/.....25

---

(1) "Penitents" in Engels, verwys na die manlike inwoners.

om hulle soekende te straf. Toe die vuur reeds ernstige afaetings aangeneem het, het Brahma en Vishnu besluit om in te gryp aangesien dit een van hulle pligte was om die lewende wesens op aarde te beskerm. Brahma het die vorm van 'n pilaar<sup>(1)</sup> aangeneem en Vishnu die vorm van die vroulike organe. Daardeer het hulle Siva se toorn afgekoel en het hy die wêreldbrand beëindig, maar op voorwaarde dat die nodige verering betoon sal word aan sy verwyderde genetalieë.

Dit is dan volgens die legende die oorsprong van die Lingam-Yoni. Hoewel slegs 'n legende, is dit moontlik dat dit die verbeelding so kon aangegryp het dat dit wel as stimulus tot die ontstaan en instandhouding van die kultus kon gedien het.<sup>(2)</sup>

#### (11) DIONYSUS EN BACCHUS.

Ander mites wat enigens varieer op die Lingam-Yoni-legende kom ook voor maar die strekking is meestal dieselfde. Rosenbaum maak ook melding van falliese rites tot eer van Dionysus onder die Atheners waar Pegasus die aanbidding van Bacchus ingestel het. Aan Bacchus van Eleutheræ is liedere gedig wat vertel hoe hierdie god die Atheners van die plaag bevry het. Die verhaal<sup>(3)</sup> lui dat Pegasus die beelde van Dionysus van die Eeotiese stad Eleutheræ na die land van Attica gebring het. Maar die Atheners het Dionysus geminag en nie die beelde met 'n optog ingewag soos verwag was nie.

Die god/.....26

- 
- (1) Waarskynlik as 'n falliese simbool.  
(2) Dit is ook moontlik dat die mite versin is as verklaring van die kultus.  
(3) Rosenbaum, Julius (ibid.), bl. 43.

Die god Dionysus was verdens en het hulle gestraf met 'n aansteeklike veneryiese siekte. Toe hulle 'n profetie raadpleeg oor hoe hulle van die plaag bevry kon word, het hy aan hulle die volgende antwoord verskaf: Hulle moes die heerde van Dionysus met die verakeligde eerbied en 'n paalike verwelkoming ontvang, dan sou hulle van die plaag verlos word. Dit het hulle toe gesien, en ter gedagtenis aan hierdie geneesing het hulle feil van hout aan die Bacchusstave vasgebind en dit privaat sowel as in die openbaar gedra. Anders skrywe<sup>(1)</sup> heen dat die gebruik gene is aan Dionysus as die bewerker van voortplanting.

(111) LIBER.

Otto Kiefer<sup>(2)</sup> verhaal van die god Liber dat hy aanvanklik 'n ou Romeinse beskermheer van groei en vrugbaarheid by plante en diere was, maar dat hy later geïdentifiseer is met die ingevoerde Griekse Dionysus. In baie dele van Italië waar Liber as 'n egte Italiaanse god van vrugbaarheid erken is, is hy deur 'n falliese kultus vereer. In die ritueel word 'n groot fallus van hout op 'n kar rondgeharwei totdat dit in 'n finale seremonie deur 'n dans in die openbaar getreën word. Augustinus in sy De Civitate Dei versey ook na hierdie feeste van Liber en die daarmee gepaardgaande falliese ritueel. Hy beskryf hoedat die ontseglike en aferyalike sindeel onbeskorend in die openbaar vereer word op

kruispaaie/.....27

---

(1) Rosenbaum, Julius (ibid.), bl. 43.

(2) Kiefer, Otto (1951), bl. 114.

kruispaaie en hoedat op die markplein n blomkranse deur n dame daarop geplaas word. Die verband met die vrugbaarheidsaspek word ook deur Augustinus bevestig in sy geskrifte, naamlik dat die god Liber gepaal moes word om die sukses van die gessaides te verseker. Om die bese invloed van die lande af te weer, was n getroude vrou verplig om in die openbaar te doen wat n straatvrou nie eers voor vroue in n teater sou doen nie. (1) Kieffer lê die feit dat n eerbare dame die seremonie moes waarneem uit as n bewys dat dit nie n daad van uitspattigheid was nie maar n ou gevestigde godsdienslike gebruik wat daarop gemik was om die vernietigende magiese invloede van die gessaides af te weer. (2)

Die siabeel van die fallus, of soos die Romeine dit genoem het die fascinum, is by baie geleenthede aangewend om toekrag te neutraliseer. So vind ons in Preller se Roman Mythology (3) ook herhaalde verwysings na die fascinum as amulet om toekrag af te weer. Dit bewys die geloof in die beskerming van n boratuurlike krag van falliese aard. Daarom is fascinum-amulette om kinders se nekke, bokant die deure van winkels, bokant die stadshukke en selfs aan die rytuig van n generaal gehang.

Plinius noem die fascinum in hierdie opsig n god "deus". Maar dit is tog duidelik dat die

fascinum/.....28

- 
- (1) Ibid. bl. 114.  
(2) Ibid. bl. 114.  
(3) Ibid. bl. 114.

fascinum met verteenwoordiging is van 'n groter mag, wat wel in staat sou wees om die onheil af te weer. Dit kom daarop neer dat die falliese simbool nie die god self is nie, en dat dit in verlikheid nie die simbool is wat aandis word nie maar 'n onseidelike mag wat deur die sigbare simbool versimboold word.

Die Bacchusfeeste hou ook verband met Liber. Volgens Kiefer <sup>(1)</sup> het dit in Suid-Italië onder invloed van die Grieke en Etruskers ontstaan. By die oerwoudige kultus van die wynstok is die mistieke en fanatieke kultus van Bacchus gevoeg. Bacchus wat eintlik omtrent met Dionysus, die seun van Semele en Persephone, wat die simbool is van die natuur se periodieke dood en herontwaking.

Die falliese kultus in hierdie streke van Italië hou veral verband met vrugbaarheid. Hierdie kenmerk word reeds gevind by die antieke aanbidders van die hemelliggare. <sup>(2)</sup> Hierdie songode was vermeer om hulle besondere kragte van vrugbaarheid. Die son, weens sy hittebestraling en lig, was beskou as 'n god met buitengewone kragte van vrugbaarstelling. Die son was ook gepersonifiseer as 'n god wat, nadat hy in die winter gerus of dood was, in die lente weer met 'n nuwe jeug in vore kom. Dit die ontwaking van die nuwe lewe in die lente kom die gedagte van 'n vereeniging van die songod met die aarde. Dit vind plaas in die vorm van 'n huwelik, en daaruit ontstaan dan die gedagte van "Hoeder Aarde" en "Vader Son".

(iv)/.....29

---

(1) Ibid. bl. 118.

(2) Scott, G. Riley (1939), bl. 229.

(iv) PRIAPUS.

Die Romeinse god Priapus word deur Kiefer<sup>(1)</sup> 'n tuingod genoem. Hierdie benaming het hy waarskynlik verkry uit die verband met die vrugbaarheid van die grond waarvan Scott ook getuig in die volgende woorde: "They were also commonly to be seen in the gardens of Rome, and were supposed to have a beneficent influence upon the fertility of the soil."<sup>(2)</sup>

Die algemene opvatting<sup>(3)</sup> is dat die Priapus-kultus na Rome ingevoer is vanaf Griekeland of Klein-Asië. Kiefer maak die volgende aanmerking oor die oorsprong van die falliese kultus: "I make bold to assert that the customary employment of the phallus as an apotropaic symbol is Italian in origin; in fact since it is found among other nations, it is a custom of all primitive peoples. Still it is conceivable that the phallus was combined with the phallic god Priapus of Asia Minor, after the Romans came into contact with Asiatic races - that is, after the war with Hannibal."<sup>(4)</sup>

Bogencende skrywer gaan voort deur te meld hoe Priapus deur die latere Romeine as 'n tuingod leer ken is wat as 'n soort van voëlverskrikker diene en voëls uit die tuin moes weg hou. Dit was egter nie sy enigste funksie nie; hy was ook die bewaker van die menslike voortplantingsvermoë. Hierin is sy hulp gesoek deur kinderlose egpare en ander mense met seksuele moeilikhede. Bewys van die kultus is die baie falliese simbole<sup>(5)</sup> wat in die Museums van Europa

aangetref/...30

(1) Kiefer, Otto (1951), bl. 116.

(2) Scott, G. Ryley (1950), bl. 154.

(3) Kiefer, Otto (1951), bl. 116.

(4) Ibid. bl. 116.

(5) Die simbole is realisties van aard en word in die reël nie aan die publiek vertoon nie.

aangetrof word.

(v) OSIRIS EN ISIS.

Isis was in Egipte die vroulike godin van die oeste en van landbou, net soos haar gesel Osiris die manlike ekwivalent was. Beide was egte Egiptiese nasionale gode.

Die kultus van Osiris het volgens legende in Egipte ontstaan en is waarskynlik een van die oudste kultusse van hierdie aard. Frazer<sup>(1)</sup> wys daarop dat Herodotus die ritusse van Osiris en Dionysus so ooreenstemmend gevind het dat hy dit onmoontlik gegag het dat hulle onafhanklik kon ontstaan het. Die Grieke, so beweer hy, het die Osiris-kultus met klein veranderinge van Egipte oorgeneem. Plutarchus<sup>(2)</sup> wys ook op die treffende ooreenkoms tussen Osiris en Dionysus.

Die mite oor die ontstaan van die falliese kultus van Osiris word deur Scott<sup>(3)</sup> en Frazer<sup>(4)</sup> met ongeveer dieselfde strekking weergegee. Scott skryf dat Osiris aanvanklik as 'n os voorgestel was en later eers die menslike gestalte aangeneem het. Net soos Osiris, die Egiptiese god en skepper, die manlike vrugbeginsel in die natuur was, so was Isis sy vrou die Universele moeder en godin van die aarde, die vroulike vrugbeginsel in alles. Beide Isis en Osiris word versier deur 'n falliese kultus<sup>(5)</sup>

Frazer<sup>(6)</sup> dui aan dat die dood van Osiris, wat

verreweg/.....31

- 
- (1) Frazer, Sir James (1954), bl. 385.  
(2) Sien Frazer (ibid.), bl. 385.  
(3) Scott, G. Ryley (1950), bl. 174.  
(4) Frazer, Sir James (1954), bl. 353 v.v.  
(5) Scott, G. Ryley (1950), bl. 353.  
(6) Frazer, Sir James (1954) bl. 353.

verreweg die populairste van al die Egiptiese gode was. Jaarlike met groot groefheid herdenk is, net eens sy herontroking in die lente met groot vreemde gevier is.

In hierdie opsig kan Osiris dus asan net Atonis en Attis van Griekeland geklassifiseer word as verpersoonliking van die jaarlikse seisoenswisseling in die natuur, en in besonder die groei siklus van die graan.

Osiris was gebore uit 'n intrige tussen die aardgod Seb en die luggodin Nut. Hy het ook 'n ouer broer Heros gehad. Begerende as 'n koning van die aarde het Osiris die Egiptenare van hulle barbaarsheid bevry, aan hulle wette gegee en hulle geleer om die gode te aanbid. Voor hierdie tyd was die Egiptenare kannibale. Isis, die vrou van Osiris, het horing en gars ontdek wat wild gegroei het en Osiris het daarop die verbetering van hierdie graan aan sy wense geleer sodat hulle die kannibalisme gestaak het ten gunste van 'n graandieft. Osiris was volgens die legende ook die eerste om vrugte van 'n boom te pluk, die wingerd op te lei en druiwe te pers. Omdat hy begerig was om hierdie nuwe ontdekkings aan die hele mensdom mee te deel, het hy die bestuur van Egipte aan Isis oorgelaat en op reis gegaan.

Wanneer sy terugkeer na Egipte is hy eersig as 'n god ontvang. Sy broer Typhon het egter 'n komplot teen hom geplan, hom in 'n kis toegespyker en in die Nyl gegooi. Nadat Isis tovergeeste langs die Nyl na haar man so lyk gesoek het, het sy hom uiteindelik in Byblus in Sirië gevind waar die kis toegegroei was in 'n Ericabeen wat as pilaar in 'n huis gestaan het. Sy het die kis na Egipte vervoer.



terwyl Isis die kis met Osiris aangeleent het en as Horus te gans soek, het Typhon gekos en die lyk in veertien stukke gekap en in die Nyl verstrooi. Isis het die liggaamdele versamel en 'n lidmaat in elke stad begrawe. Die genealogie van Osiris is egter, volgens die legende, deur die visse van die Nyl verteer, en daarom het Isis 'n replika daarvan laat maak en dit is oordertalen deur die Egiptenare voreer. Dit is dan die oorsprong van die falliese kultus in Egipte. Deur die voortbestaan van hierdie legende is die aocntlikheid sterk dat dit ook die ritueel in stand hou.

Daer is 'n soortgelyke legende<sup>(1)</sup> van die Venisiese god Sannius wat op dieselfde wyse deur sy broer verdien en gekend is. Ander gode in die mitologie van ander volke is ook op dieselfde wyse gekend as Osiris. Dit sal op 'n gemeenskaplike oorsprong.

Die begrafnisgebruike waarvoor falliese voorwerpe, vrugbaarheidsinbele, eiervernige klippe, eierdoppe ens., in grafte geplaas word, vind 'n verklaring in die verdere verloop van die Osiris-mite. Osiris het naamlik, met die hulp van die songed Rha, weer opgestaan en te heers as 'n koning in die onderwêreld. In die opstanding van Osiris sien die Egiptenare die waarborg vir 'n ewigdurende lewe vir hulleself aan die ander kant van die graf. Hulle glo dat elke deie daardie voortdurende bestaan kan binnegaan as sy vriende sekere/.....33

---

(1) Scott, G. Ryley (1950), bl. 172.

sekere vereistes ten opsigte van sy ligging sou nagaan.  
Die voorbeeld is deur Cairis gestel. Daarom is daar  
by die Egiptiese begrafenis 'n voorstelling van die nieterio-  
spel van Cairis, - dit weerspieël die hoop op 'n  
hiernaaelse lewe. Beuse van daardie geleef is die  
talle beelde van Cairis wat in die ou grafte gevind word.  
Saam met die Cairisbeelde word ook graan gevind waarvan  
die korrel simbolies sal uitpruit en in 'n nuwe era  
tot ryphoid te groei.

In baie gevalle word die Cairisbeelde geheel van  
graan gemaak. (1) Frazer (2) wys daarop dat prof.  
Breen tussen die bene van mummies hol beelde van  
Cairis, gemaak van nat klei, gevind het. Hierdie  
beelde was gevul met graan, die uitpruitsels waarvan  
die herlewing van die god versinnebeeld. Soortgelyke  
beelde word ook met saai tyd in die grond geplant.  
Daar kan dus geen twyfel bestaan dat net soos hierdie  
beelde met saai tyd bedek is en die saad uit die grond  
op te wek, so is ook die graangevulde beelde in die  
grafte die middele tot die geestelike ontsterflikheid  
van die doolies.

Die voerstaande/..... 34

---

(1) Talliese simbole van klij of klei is ook algemeen.  
(2) Frazer, Sir James (1954), bl. 377.

Die voorafgaande stelling plaas die god Osiris  
midde in die vrugbaarheidskultus. Hy was dan ook  
algemeen in Egipte vermeer as die god van die plantegroei,  
ook van skeppende energie in die algemeen, aangesien die  
primitiewe mens nie onderskei het tussen die reproduk-  
tiewe kragte by diere en plante nie<sup>(1)</sup>. In die  
planttyd is obscene beelde van Osiris deur die strate gedra  
terwyl die vroue sy lof gesing het. Frazer meen dat  
in hierdie opsig Osiris, net soos ander gode van die  
vrugbaarheid, ook veronderstel was om vrugbaarheid aan  
mans en vroue te gee deur aan hulle nakomelinge te verskaf.<sup>(2)</sup>

Osiris was ook heerser in die doderyk. Vir die  
Egiptenaar, wie se lewe in 'n groot mate ingestel was op  
'n lewe anderkant die graf, was dit belangrik dat hulle  
heerser in die doderyk instaat wou wees om, net soos  
wat hy die graankorrel uit die grond opwek, ook die  
gestorwe mense op te wek tot 'n nuwe en voortdurende  
bestaan. Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat  
hierdie aspek van die Osiris-kultus ten grondslag lê  
aan die uitgebreide dodekultus soos in die grafte,  
piremides en tombes van ou Egipte weerspieël word.

(vi)/.....35

---

(1) Ibid. bl. 380.

(2) Ibid. bl. 381.

(vi) OORSPRONG VAN DIE BEES-KULTUR.

Daar is voorheen gemeld dat Osiris aanvanklik as 'n os voorgestel was. Scott<sup>(1)</sup> beweer dat Isis, nadat sy opdrag gegee het dat die beelde<sup>(2)</sup> van Osiris oral opgerig en vereer moes word, ook toestemming aan die priesters gegee het om 'n dier te kies as simbool van Osiris en dit dan behoorlik te vereer. Volgens Scott het die priesters die os gekies, maar dit sal logies wees om te aanvaar dat dit 'n bul was, aangesien Scott self verklaar dat die besondere dier gekies was "owing to the great powers of virility and productiveness manifest in that animal."<sup>(3)</sup>

Hierdie beeskultus kom wydverspreid in Afrika en die Midde-Ooste voor. In die Bybelse tyd is die bees deur verskeie heidense volke aanbid en selfs Israel het 'n goue kalf gemaak terwyl Moses op die berg die twee tafels met die wette in ontvangse geneem het.

Von Cles-Reden meld dat die kultus van die Bul waarskynlik van Kreta en Mycenaë na Sardinië versprei het. Hy voeg daarby: "The veneration of phallic pillars there may have been an aspect of the cult of the bull god."<sup>(4)</sup>

Ashur, die god van Assirië, is voorgestel in die vorm van 'n regop klip. So het by die tempel van

Hierapolis/.....36

- 
- (1) Scott, G. Ryley (1950), bl. 172.  
(2) Hierdie beelde was meestal in manlike gestalte met virilia.  
(3) Scott, G. Ryley (1950), bl. 172.  
(4) Von Cles-Reden, S. (1961), bl. 133.

Hierapolis in Sirië twee reusagtige falliese klippe weerskante van die ingang gestaan.<sup>(1)</sup> Maar by al hierdie godsdienste neem die heilige bul ook 'n sentrale plek in want dit was deur almal as 'n paslike verteenwoordiging beskou van manlike skeppende energie, van vrugbaarheid en reproduktiwiteit.<sup>(2)</sup>

Hierdie volke moes dus uit die aard van die saak kennis gedra het van biologiese vaderskap.

Mylitta was ook voorgestel as 'n bul. In die Perseiese mitologie het die bul voortgekom uit 'n eier wat die oorsprong van alle lewe in die skepping sou wees.<sup>(3)</sup> Die lewewende krag van die eier is baie belangrik by primitiewe volke aangesien dit vir hulle, wat na aan die natuur gelewe het, die enigste waarneembare totstandkoming van lewe was. Omdat uit die dooie eier 'n lewendige kuiken tevoorskyn kom, het hulle die lewensienskap aan die vorm verbind. Na analogie van daardie voorbeeld sou ander enersgevoerde voorwerpe dieselfde eienskap kon hê volgens die primitiewe logika. Hier word verwys na ronde of ovaalvormige klippe wat in grafte geplaas<sup>(4)</sup> of soms in 'n ritueel gebruik was.

Egipte kan dus, na aanleiding van die Osiris-mite, die verspreidingsentrum wees van die beeskultus, met 'n sterk suidwaartse verspreiding waarvan bewyse gevind word by Zimbabwe<sup>(5)</sup> en Mapungubwe<sup>(6)</sup>. Verder is daar  
n baie/.....37

(1) Ibid. bl. 177.

(2) Ibid. bl. 179.

(3) Ibid. bl. 179.

(4) Louw, J.T. (1960) bl. 133.

(5) Walton, James (1956), bl. 341.

(6) Gardner, A. (1963), bl. 26.

n baie sterk inslag van die beeskultus by baie stamme in Afrika, o.a. ook by die Suid-Afrikaanse Bantoe<sup>(1)</sup>. Die Hamitiese volk van Egipte was die draers van die kultus. Volgens Dart<sup>(2)</sup> is daar n aansienlike Hamitiese element in die fisiese samestelling van die Bantoe aanwesig.

C. VERSPREIDING EN VARIASIE VAN DIE FALLIESE KULTUS.

(1) ALGEMENE VOORKOMS.

Scott<sup>(3)</sup> verklaar dat fallisisme nêrens in die wêreld so universeel geword het as in Indië nie. Die Indiese gode Brahma, Vishnu en Siva is n falliese drie-eenheid van vrugbaarheid. Die simbole wat by rituele gebruik word, is die lingam en die yoni wat onderskeidelik die manlike en vroulike geslagsorgane verteenwoordig. In die meeste gevalle word die twee simbole in kombinasie gebruik om beide die manlike en vroulike element in die vrugbaarheidskultus te vereer. Die twee simbole word op dieselfde voorwerp aangebring soos in bygaande skets., fig. 3.

In die bakkie onderkant die beelde, wat die vroulike orgaan simboliseer, word die vloeistof tydens die ritueel gegooi. Daar is ook n gleufie waarlangs dit wegvloei. In ander gevalle, bv. Osiris in Egipte, Priapus in Italië, ens., is die simbolisering enkelvoudig manlik. Daar is ook gevalle aangeteken waar die vroulike simbool alleen gebruik word, bv. by die inwoners van Syracuse<sup>(4)</sup>.

Fallisisme/.....38

- 
- (1) Stayt, H.A. (1931), bl. 242.  
(2) Dart, R.A. (1956), bl. 19 vlg.  
(3) Scott, G. Ryley (1950), bl. 220.  
(4) Scott, G. Ryley (ibid.), bl. 170.



Fig. 3. Staanstelde Liogaa-yoni.

Falliese word nie alleen gevind by die antieke volke nie, maar ook by lewende primitiewe volke in gebruik opgeteken wat nie anders as in die lig van die falliese vrugbaarheidsgeestes verklar kan word nie. Bancroft<sup>(1)</sup> skryf die volgende oor die Maya-Indianer: "Whatever the seed to be planted, the tillers of the soil must sleep apart from their wives and concubines for several days in order that on the night before planting they might indulge their passions to the fullest extent; certain persons are even said to have been appointed to perform the sex act at the very moment when the first seeds were deposited in the ground." Hier word dus beplis n verband veronderstel tussen seks en die saad van die graan wat geplant word. Dit het dan ook tot gevolg gehad dat die tempels van deurdie wense met falliese beelde en dekorasies versier was. (2)

Rosenbaum/.....39

(1) Aangehaal deur Scott, G. Ryley, (1950) bl. 54.  
(2) Scott, G. Ryley (1950), bl. 55.

Rosenbaum<sup>(1)</sup> skryf as volg: "In Goa every Pagoda contains a man's member made of iron or ivory which is forced into the vagina of the bride by her parents or relations, until it causes an effusion of blood indicative of the rupture of the hymen". Volgens hierdie skrywer was vroue in staat tot enige stap teneinde vrugbaarheid te verkry. Die belangrikste van hul pogings was die falliese offers wat gebring was. Volgens Westropp<sup>(2)</sup> was klipoffers van falli nog gemaak tot so laat as 1875.

Die kunsmatige verwydering van die bruid se maagdelikheid is baie belangrik in die falliese kultus en hierdie aspek het baie wyd versprei. By die primitiewe mens was verlies van maagdelikheid nie as 'n ondeug beskou nie; intendeel, dit was in baie gevalle 'n taboe vir die bruidegom en 'n gevaar wat hom ernstig kon benadeel. Van die "African Luwale girl" skryf Bettelheim<sup>(3)</sup>: "In the unusual event of her being a virgin, her hymen will be broken with a stick or a piece of cassava root carved to resemble a penis."

In Siam, waar die Lingam-Yoni-gebruik baie sterk ontwikkel het, word, volgens Thomson,<sup>(4)</sup> falliese siabole met 'n growwe realistiese voorkoms in die tempels gevind, terwyl falliese voorwerpe uit hout gesny soms in hope lange die bome te sien is.

In China, Japan en ander Oostereë lande was fallisisme ook baie sterk ontwikkel.<sup>(5)</sup> In Japan, waar dit deur die owerheid/.....40

- 
- (1) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 51.  
(2) Scott, G. Ryley (1950), bl. 60 (Aangehaal uit H.M. Westropp en Wake 1875 "Ancient Symbol Worship.")  
(3) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 246.  
(4) Volgens Scott, G. Ryley (1950) bl. 220.  
(5) Ibid. bl. 231.



owerheid belet is, is daar diegene wat ondanks die verbod nog by falliese gode om genesing saek van veneriese siektes, ens. Onder diegene wat nog die falliese klippe vereer, is vroue wat aan kwale in hulle vroulike organe ly, prostitute en onsuksesvolle verliefdes.

Die falliese kultus het ook sterk ontwikkel in die staat Dahomey. Burton<sup>(1)</sup> berig dat onder daardie inboorlinge die fallisisme ongemaklik prominent was deurdat elke pad na die hoofstad met falliese simbole versier was.

Stanley Pool, in Sentraal-Afrika, is n ander sentrum waar fallisisme baie openlik bedryf word.<sup>(2)</sup> Volgens Johnston<sup>(3)</sup> is daar in die woude tempels van hout en dekgras met falliese simbole daarin. Die kultus word egter bedryf sonder enige werklike onkuise seremonies en is n eenvoudige verering van die vrugbaarheid wat deur die inboorlinge in stand gehou word.

In Wes-Afrika<sup>(4)</sup> is daar ook baie aanduidings van fallisisme, en falliese beelde en voorwerpe word op feitlik dieselfde wyse gebruik as by die klassieke Grieke en Romeine. Van die falliese kultus in Egipte skryf Hornblower<sup>(5)</sup> dat in n graf van die 18de dinastie n aantal falli, uit hout gesny, gevind is. Hierdie voorwerpe beskou hy as offers aan die vrugbaarheidsgodin, Hat-hor. Volgens illustrasies deur Hornblower geplaas, is die falli baie realisties,

hoewel/.....41

- 
- (1) Volgens Scott, G. Ryley (ibid.) bl. 123.  
(2) Volgens Scott, G. Ryley (ibid.) bl. 127.  
(3) Johnston nagehaal deur Scott uit Journ. of Antha. Inst. 1884 Vol XIII bl. 473.  
(4) Ellis, A.B. (1890), bl. 43.  
(5) Hornblower (1926), bl. 81.

hoewel ru en swak afgewerk. Hy meen dat die vroue-beeldjies n vrugbaarheidskonnotasie het. Sommige van die voorwerpe kan egter van n tipe wees wat gewoonlik deur handelaars tydens begrafsiese verkoop was.

Later het Hornblower<sup>(1)</sup> nog n aantal falli van dieselfde soort gevind sodat daar altesaam 38 was. Een fallus het volgens hom n inskripsie gedra wat vrugbaarheid aandui. Hy bespreek ook n meer moderne voorbeeld van fallisisme wat in 1911 in die Groot Oase, Khargeh, gefotografeer was. Dit bestaan uit twee ruwe beelde van klip en klei wat mensefigure voorstel, n man en n vrou, met beklemtoning van die reproduksieorgane. Volgens Hornblower was dit opgerig met die uitsluitlike doel om die vrugbaarheid van die oes te verseker.

Hierdie beelde vertoon n opvallende afwesigheid van realisme of artistieke afwerking. Waar die klem in antieke tye op realistiese voorstellings gelê was, skyn dit soos in die later tyd die klem meer op n onrealistiese simboliese voorstelling geval het.

Rosenbaum<sup>(2)</sup> wys ook op die talle miniatuur-falli wat dikwels by mummies in grafte gevind word. Ook in die ou ruïnes van Pompeii is falli van klip gevind.<sup>(3)</sup> In die tempel van Karnak het Herodotus<sup>(4)</sup> falli gevind wat bewooslik aan die beelde is, m.a.w. dit kon verwyder word en slegs met sekere spesiale

geleenthede/.....42

- 
- (1) Hornblower (1927), bl. 151.  
(2) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 39.  
(3) Ibid. bl. 39.  
(4) Ibid. bl. 39.

geleenthede tydens seremoniële funksies aangeheg word om viriliteit aan die beeld te verleen.

Dit is opvallend dat waar aanvanklik volledige manlike beelde gemaak was met die klem op die genetalieë, die beeld self algaande van minder belang geword het sodat uiteindelik die fallus self as genoegsame verteenwoordiging van die simbool beskou was. Die verdere ontwikkeling skyn dan te wees vanaf 'n realistiese vorm na 'n konvensionele voorstelling van die simbool.

Die sogenaemde menhirs wat op verskillende plekke in Frankryk aangetref word, kan ook beskou word as monumente van 'n kultus wat lank gelede deur die Megalitiese bouers opgerig was. Hierdie reuse-monoliete, soms tot twintig voeg hoog, soos die een by Champ Dolent, naby Dol<sup>(1)</sup>, is baie netjies afgewerk. 'n Ander menhir van die Filitosa-kultuur is met 'n falliese haarstyl versier<sup>(2)</sup>.

Opvallend van hierdie tipe figure is die kombinasie wat gemaak word van die manlike en vroulike figure, iets wat ook in die kleibeeldjies van Zimbabwe en Mapungubwe gevind word.<sup>(3)</sup> In die geval van dié menhirs is die hele koniese klip manlik in simboliek maar naby die bopunt het dit twee klein borsies as enigste teken van die vroulike vrugbaarheidsimboliek. So 'n figuur staan by die Pedras Marmuradas. (sien fig. 4.)

Dorothy/..... 43.

---

(1) Von Oles-Reden S. (1961), bl. 252.

(2) Ibid. (1961), bl. 187.

(3) Summers, Roger (1957), bl. 61 en Dart, R. (1959), bl. 471.




Fig. 4. Vroulike Meslir by die Pedras  
Harmuradas.

Dorothy Davison<sup>(1)</sup> toon aan hoe dit in opgravinge in Egipte deur deurboorde klippe gevind is wat as die koppe van septers beskou was. Hierdie septeretukke, uit die FAYUM-kultuur, is eintlik niks anders as deurboorde skerprandskywe nie. Dit kan, volgens die illustrasies deur Davison geplaas, geklassifiseer word saam met die klipringe of skerprandskywe asos in die falliese stel by Spitchkop<sup>(2)</sup> gevind. Soortgelyke eksemplare is ook in 'n neolitiese kultuur by Windmill Hill<sup>(3)</sup> gevind.

In/..... 44

- 
- (1) Davison, Dorothy (1951), bl. 26.
  - (2) Esterhuysen (1962), bl. 4.
  - (3) Davison, Dorothy (1951), bl. 190.




Fig. 5.  
Septer-kop: Fayum (na Davison)      Skerprand Klipring: Spitskop, Boshof.

In die verdere beskrywing bespreek Davison ook n aantal septerkoppe uit die MERINDE-kultuur, en hierdie klippe kom, volgens die bygaande illustrasie, presies ooreen met die gewone kwê-klippe of deurboorde sferiese klippe.




Fig. 6.  
Septer-kop: Merinde (Na Davison)      Deurboorde klip: Spitskop, Boshof.

Hierdie deurboorde klippe is bekend as septerkoppe en is volgens Dart, behalwe in Amerika ook gevind in byna al die Neolitiese kulture en vroeë metaal-kulture van die Mediterreense gebied, sowel as Sentraal- en Noordwes-Europa. Hy verklaar verder: "Just as the prototype of the South American perforated stones is to be sought in the mace-heads of more highly civilised Peru, so the perforated hammers of Europe are affiliated with, if not modelled upon the sceptre-heads of Egypt and Mesopotamia. As symbols of divine kingly power and fertility they functioned in ceremonials of regal investiture, rainmaking, initiation, purification, divination and sacrifice."<sup>(1)</sup>

Hierdie stelling van Dart verbind nie slegs die deurboorde klippe aan die koninklike gesag nie, maar verbind verder die koninklike gesag aan vrugbaarheid.

Die Verdere manifestasie van die konsep van falliese vrugbaarheid is die Moedergodin<sup>(2)</sup> wat in baie prehistoriese Europese kulture aangetref word. Sy word verteenwoordig deur beeldjies van klip en klei wat deur die meeste skrywers as voorwerpe van vroulike vrugbaarheid beskou word. Tesame met hierdie beeldjies word gewoonlik ook falliese voorwerpe van klei, met 'n langwerpige of koniese vorm gevind.

Van die voorwerpe wat uit opgrawings by Jerigo gevind is, word die volgende deur Davison<sup>(3)</sup> genoem: Klei-modelle van huisdiere, falli en klein koniese voorwerpe<sup>(4)</sup>  
Dieselfde/.....46

- 
- (1) Dart, R.A. (1948), bl. 61. (ons kursiveer)  
(2) Sien Davison (1951), bl. 64.  
(3) Ibid. (1951), bl. 54.  
(4) In Suid-Afrika word ook falliese klippe saam met kort koniese klippe aangetref. Vgl. bl. 73

Dieselfde skryfster berig ook dat in die Gumelnitzakultuur van Boelgarye manlike figure en fellis saam met beelddjies van die moedergodin gevind is. Die verband van die felliese kultus met die vrugbaarheidsritueel word deur hierdie kultuur verder bevestig.

Von Gies-Reden beskryf 'n marmerbeeld van die Groot Moedergodin<sup>(1)</sup> wat bestaan uit 'n kruis met 'n stomp keriese punt onder, terwyl die gedeelte bo die dwarsbalk wat baie dunner is, aanduidings van 'n neus bevat. Opvallend is ook hier die vrugbaarheidsgedagte wat in die vorm van die vroueborste op die kruis versinnebeeld word. (Sien fig. 7.)




Fig. 7. Saamgestelde eintool: Sardinie.

In verband hiermee kan ook verwys word na die sogenaande

"crux ausata"/...47

---

(1) Von Gies-Reden (1961) bl. 133.

"crux ansata" wat in Antieke Egipte en Rome n falliese embleem was. (1) Van hierdie kruis meld die skrywer van die betrokke artikel: "Being a symbol of the male and female generative organs, the crux ansata or handled cross was a logical symbol for representing fertility or life." (2)

Belangrik in hierdie verband is die verskuiwing in vorm van die realistiese na die konvensionele koniese fallus. (3)

Die falliese kultus word gewoonlik verbind met die Megalitiese bouers soos bv. te Stonehenge. (4) In Malta (5), waar ook n Megalitiese kultuur floreer het, was daar n gewoonte om dubbel-koniese gate oral te maak - op vloere, deurposte en kosyne, teen mure en selfs op potte en beelde. Sommige mag wel n funksionele doel gehad het, bv. die vasmaak van huisdiere. Van die merendeel, wat skynbaar doelloos voorkom, skryf Davison: "Certainly they had some religious significance, as had the numerous well-made stone cones and balls so frequently found in the temples."

Die voorafgaande lewer ondubbelsinnige bewys van die religieuse aard van koniese klippe en klipballe. Laasgenoemde word dikwels in goed afgewerkte vorm saam met die koniese klippe gevind. (6)

(11)/.....48

- 
- (1) Awake. 22 Julie 1964, bl. 8-11.
  - (2) Ibid. bl. 8.
  - (3) Vgl. bl. 80
  - (4) Von Cles-Reden, S. (1961), bl. 290.
  - (5) Davison, Dorothy (1951), bl. 132.
  - (6) Sien bl. 75



(11) FALLIESE VOORWERPE IN AUSTRALIË.

Hoewel dit in die algemeen aanvaar word dat die Australiese inboorlinge tot die koms van die blankes, onbewus was van die biologiese basis van voortplanting, <sup>(1)</sup> en hulle gevolglik nie die fallus as simbool van reproduksie sou gebruik nie, is daar tog in Australië ook voorwerpe gevind waarna in die literatuur as falliese voorwerpe verwys word.

Twee tipes voorwerpe word in Australië aangetref wat onder hierdie kategorie geplaas kan word. Die eerste soort word deur MacCarthy en Bramell <sup>(2)</sup> asook deur Mountford <sup>(3)</sup> as falliese voorwerpe beskryf. Beide skrywers plaas illustrasies van realistiese voorbeelde van falli asook sigaarvormige falli met die besnydenisering daarop aangedui. Verder is daar ook eiovormige falli met besnydenismerkwe sowel as aanduidinge van onderspleting, <sup>(4)</sup> wat 'n vaste gebruik by baie van hierdie inboorlinge is.

In hierdie kategorie word ook eiovormige simbole aangetref, wat volgens oorlewering, die organe van mitologiese voorouers voorstel.

'n Verskeidenheid van materiale word vir al hierdie voorwerpe gebruik, o.m. klip, hout, klei, gips en 'n kombinasie van tou en was.

MacCarthy/.....49

- 
- (1) Spencer en Gillen (1904), bl. 330.  
(2) MacCarthy en Bramell (1946), bl. 71.  
(3) Mountford (1960), bl. 81.  
(4) Onderspleting: Engels Sub-incision.

MacCarthy sien die funksie van hierdie voorwerpe hoofsaaklik in die voorligting van jong manne in geslagtelike sake, nie alleen wat hul eie lewe betref nie maar ook dié van hulle geestelike voorouers. Verder word die voorwerpe tydens inisiasie gebruik om die verskillende operasies te demonstreer en die betekenis daarvan te verduidelik. Mountford noem ook hierdie funksie, maar meld terselfdertyd dat dit n blote teorie is wat ver van die waarheid mag wees. Dit kan egter aanvaar word dat die voorwerpe n funksie in inisiasie gehad het, veral ten opsigte van die verskillende operasies wat op die voorwerpe aangedui word.

Die tweede groep is die sogenaamde "cylyndro conical stones, algemeen bekend as cylcons. Van hierdie klippe skryf Horne en Aiston<sup>(1)</sup> dat op daardie tydstip (1924) daar reeds meer as 300 voorbeelde in Australiese Museums was en ongeveer net soveel in privaat versamelings. Die "South Australian" Museum, Adelaide, beskik oor sowat 250 eksemplare waarvan die grootste aantal van die vallei van die Darlingrivier afkomstig is. Hierdie klippe toon so n groot mate van ooreenkoms met die falliese klippe in Suid-Afrika dat nadere beskrywing geregverdig is.

Volgens Etheridge<sup>(2)</sup> word vier hoofgroepe van hierdie voorwerpe onderskei:

- (1) Diegene met n slanke, silindriese vorm 14" en langer, reguit of gebôë.

(11)/.....50

---

(1) Horne G, en Aiston G. (1924), bl. 165.

(2) Etheridge, R. Jnr. (1916), bl. 8.

- (ii) Middelmattige silindriese vorm van 8" tot 14" lank, reguit of geboë.
- (iii) Kort, koniese vorm, 7" en minder.
- (iv) Horingvormige klippe met 'n ovaal deursnee.

Die deursnee van sommige silindriese klippe is 'n sirkel en ander is ovaal. Sommige is versier met tekens en merke en ander is nie. Van 105 eksemplare wat deur Etheridge<sup>(1)</sup> ondersoek is, is 68 konkaaf aan die kolf, terwyl 25 'n plat kolf het. Meer as die helfte, nl. 54 het geen versierings of inskripsies gehad nie.

Volgens l.g. skrywer het Mathews vasgestel dat die Gylcons ook gebruik was in 'n feestelike byeenkoms t.o.v. die Nardoo saad. Hulle speel ook 'n rol in "incantations for causing the supply of game and other food to increase, for the making of rain, and other ceremonies"<sup>(2)</sup>. Die klippe word deur die hoofman gehou en na sy dood word hulle begrawe.

Etheridge<sup>(3)</sup> kom t.o.v. die Gylcons tot die gevolgtrekking dat:

- (i) Die verspreidingsarea hoofsaaklik saamval met die suidoostelike ontwikkeling van die Tersiêre krytformasies.
- (ii) Dit saam voorkom met die dra van die "Widow's Cap" en die gebruik van lensvormige graftekens.
- (iii) Dit sekeries van aard en toepassing is, maar die toepassing varieer met lokaliteit en gemeenskap.

(iv)/.....31

---

(1) Ibid. bl. 36.  
(2) Ibid. bl. 40.  
(3) Ibid. bl. 41.

(iv) Twee gebruike kan tentatief aanvaar word, eerstens n falliese en tweedens n gebruik met n ander simboliese neiging.

In die mitologie word verhaal hoedat die besondere koniese klippe aan die betrokke stam oerhandig is om te gebruik in die beerydenissereemonie. Daar is volgens oorswering dan ook inderdaad gevalle waar die koniese klippe n praktiese funksie in die beerydenissereemonie vervul het. (1) Die huidige bewoners van daardie daardie gebied besef egter nie beerydenis nie.

Toen die teorie dat dit falliese voorwerpe is staan die feit dat daardie inboerlinge nie biologiese vaderskap erken nie. Paradoksaal soos dit mag klink, erken hulle egter die natuurlike aanwas van diere en voer hulle seremonias uit om die aanwas te stimuleer.

Etheridge (2) maak ook melding van die koniese klip as n aanwasiemoel in die slangkultuur.

Die Cylcons skyn dus simbolies te wees van die reprodktiewe kragte in die natuur en was waarskynlik in hierdie verband seremonieel gebruik.

### (iii) DIE FALLIESE KULTUS IN SUIDELIKE AFRIKA.

Met die ontdekking van die Zimbabwe-bouvalle is

die aandag/.....52.

---

(1) Horns en Aiston (1924), bl. 169.

(2) Etheridge E. (1916), bl. 17.



die aandag van die wetenskaplike wêreld vir die eerste maal gevestig op die moontlikheid van 'n falliese kultus in suidelike Afrika. Afgesien van die groot aantal seepsteenvoorwerpe, baie waarvan as fallies beskryf is en die aanwezigheid van monoliete, is daar die koniese terings wat deur niks anders as deur middel van 'n falliese interpretasie verklaar kan word nie. Die ooreenkomst met soortgelyke terings wat deur die Fenisiërs gebou was, is deur verskillende navoerers beklemtoon.

Met hierdie uitgangspunt het Dart<sup>(1)</sup> 'n aantal falliese voorwerpe beskryf. Hy wys o.a. ook daarop dat 'n wyd verspreide element van fallisisme onder die Suid-Afrikaanse inboorlingvolke aangetref word, en maak ook gewag van aanduidings van so 'n kultus in rotstekeninge.

Die voorwerpe wat deur Dart beskryf is, sluit in:-

- (i) 'n Inaamlike realistiese fallus van 6 $\frac{1}{2}$ " X 1 $\frac{1}{2}$ " afkomstig uit 'n ou myn in Rhodesië.
- (ii) 'n Koniese klip wat ongeveer 5" lank en 1 $\frac{1}{2}$ " dik is, afkomstig uit 'n grot naby Bethal.
- (iii) 'n Baie simmetriese koniese klip van 110 mm. X 60 mm. gevind op 'n diepte van 17 vt in 'n slag naby Rustenburg.
- (iv) 'n Brietal voorwerpe afkomstig uit Hailbron, nl. twee kort koniese klippe en 'n stamper.

(v)/..... 53.

---

(1) Dart, R.A. (1929), bl. 553.

- (v) Drie lang en een kort koniese klip uit die versameling van die McGregor-museum, Kimberley.
- (vi) 'n Kwê-klip van seepsteen, afkomstig uit Heilbron.

Hoewel Dart op daardie tydstip baie min bewyse daarvoor gehad het, verklaar hy na aanleiding van gedagtes uitgespreek deur Peringuey en Broca dat ten minste sommige van die kwê-klippe 'n rituele, en meer bepaald 'n falliese funksie gehad het.

Die moontlikheid van 'n seremoniële funksie vir kwê-klippe is ook deur Van Riet Lowe<sup>(1)</sup> genoem in 'n bespreking van deurboorde klippe wat hy met die Smithfield-kulture verbind. Hy skyn veral tot die gevolgtrekking te kom na aanleiding van sekere rotstekeninge waarin dergelike klippe in 'n seremoniële voorstelling afgebeeld is. Die rotstekeninge word deur hom aan Smithfield C toegeskryf. Hy beweer ook dat die koniese klippe 'n verband met falliasme het en dat dit altyd in assosiasie met Smithfield-kulture (veral Smithfield B), gevind word.

Die volgende gevolgtrekkings deur Dart<sup>(2)</sup> is op daardie tydstip dan ook nie onvrees nie.

- (i) Dat sommige koniese en deurboorde klippe voorwerpe van 'n falliese kultus is.
- (ii) Dat hulle gesamentlik aangetref mag word en dat hulle gelyktydig in die Suid-Afrikaanse klipkulture voorkom.
- (iii) Dat hulle die mees algemene van alle gepoleerde voorwerpe/.....54.

---

(1) Van Riet Lowe, C. (1929), bl. 164.

(2) Dart R.A. (1929), bl. 561.

voorwerpe in die S.A. klipkulture is.

- (iv) 'n Egte klipfallus is in assosiasie met 'n Smithfield B-vindplek aangetref<sup>(1)</sup>.
- (v) Dat die falliese kultus wydverspreid oor die grootste deel van Suid-Afrika voorkom.
- (vi) Die falliese aspek van die Rhodesiese ruïnes word deur die Suid-Afrikaanse ontdekkings op 'n meer wetenskaplike grondslag geplaas.

Met al hierdie gegewens is dit egter nog nie seker of die plaaslike voorwerpe enige verband met die falliese kultus in Rhodesië gehad het nie. Die feit is egter onbetwisbaar dat in Suidelike Afrika wel aanduidings van 'n vroeër bestaande falliese kultus is en dat nie slegs koniese klippe nie, maar ook deurboorde klippe daarin betrokke mag wees.

Aan die Ooskus van Afrika, by N'Gedi, word, volgens mnr. D. Hartland-Bowden<sup>(2)</sup>, 'n aantal torings aangetref wat moontlik 'n falliese oorsprong kan hê. Hy skryf:

"I was informed by both Europeans and natives that there were a line of towers, similar to photograph of a tower labelled 'Portuguese watchtower' at Mombasa, situated on the East coast at N'Gedi extending some miles inland and at certain period of the moon some ceremony took place at night in this area, which was attended only by elderly native women of about 70 years old. I was satisfied as to the accuracy of the information

but/.....55

---

(1) Alfred Brown - versameling; vroeër van Aliwal Noord.  
(2) Mnr. Bowden is 'n afgetrede myninspekteur en Amateur-etnograaf en argeoloog, woonagtig te Pietermaritzburg.

but had no time to go and verify the facts. The information was given me by persons at Mombasa."<sup>(1)</sup>



Fig. 8. Koniese tooring naby Mombasa  
(foto: Bowden.)

Mnr. Hartland-Bowden is ook in besit van 'n foto van 'n grafsteen in Mombasa wat ongetwyfeld van falliese oorsprong is. Op navraag is aan hom meegedeel dat dit 'n Arabiese grafsteen is.



Fig. 9. Falliese grafsteen in Mombasa.  
(Foto: Bowden)

n Verdere/.....56

---

(1) Sien bylaag. 1.



n Verdere aanduiding van falliese in Suidelike Afrika kom weer van Dart<sup>(1)</sup> waar hy n kleiring bespreek wat in n grot by Robberg, Plettenbergbaai gevind is. Hy kom tot die volgende besluit: "The perforated ring of pottery probably belongs to the same family of artefacts as the miniature bored stones and strengthens the belief in the symbolical significance of such annular objects."

n Baie besluite bewys van die falliese vrugbaarheidsritueel word aangehaal deur dieselfde skrywer, soos voorgeneem by die Wagogo-stam van Tanganjika, deur mr. Hartnoll, n gewese distriksbesoerter in daardie gebied. Die Wagogo is n Bantoestam wat reeds 200-300 jaar in daardie gebied woon. Die klippe onder bespreking, wat deur mr. Hartnoll falliese klippe genoem word, bestaan uit manlike en vroulike sibole wat die eiendom van die opperhoof of Mtemi is en in sy hut gebêre word. Die klippe word aangedui deur die naam igoda, wat beteken "stoel", en wat waarskynlik aanspeel op die gesagstiel van die opperhoof. Hartnoll skryf as volg oor die falliese klippe: "They are used once a year in a ceremony which appears to be a supplication to God for a plentiful crop. Perhaps they signify a worship for fertility."<sup>(2)</sup>

n Ander informant, oew. Briggs, het volgens

dieselfde/..... 57

---

(1) Dart, R.A. (1932), bl. 733.  
(2) Dart, R.A. (1932), bl. 735.

diezelfde skrywer voorgestel dat hierdie klippe ook in die reënseremonie van die Wagogo gebruik word. Die voorwerpe onder bespreking word nie akkuraat beskryf nie. Daar word gemeld dat hulle nie groot is nie, die falliese klippe sowat 5" tot 8" lank en die vroulike simbole relatief kleiner. Die deurboorde klippe is van 'n plat tipe. Die voorbeside wat genoem word, is 4cm in deursnee en 2 cm dik met 'n perforasie van 1" wyd. Verder word daar 'n deurboorde skyf vermeld wat perfek afgerond en gepoleer is. Daar word ook melding gemaak van natuurlike klippe met die vorm van 'n fallus wat in die reënseremonie gebruik word.

Sommige van die Watani (1) het meer as 'n honderd van die klippe tersyl ander slegs 'n paar het. Hierdie klippe word ook onmiddellik voordat die graan ryp word, in 'n vrugbaarheidsritueel gebruik waartydens 'n swart skaap geslag word. Die falliese klippe word skoon gemaak en met vet ingesmeer, waarna hulle op die dak gelaat word totdat die eerste reën kom.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat uit die beoefening van die falliese vrugbaarheidsritueel in die voorgeskiedenis, daar sekere gepoleerde klip-voorwerpe nagelaat kon gewees het wat insluit koniese (falliese) klippe as die manlike simbool, deurboorde klippe as die vroulike simbool en deurboorde skywe, ook as 'n vroulike simbool met 'n moontlike funksie in die reënseremonies.

Die sterkete/.....58

---

(1) Watani moerwoudsvorm van Htani.

Die sterkste manifestasie van die falliese kultus tot dusver bekend in Suidelike Afrika, word gevind in die Zimbabwe-bouvalle en verwante ruïnes. Daarnaas het Mapungubwe ook belangrike bewyse van fallisisme opgelewer, wat moontlik 'n skakel met die voorwerpe van Zimbabwe vorm.

Die twee koniese torings van Zimbabwe is seker die mees opvallende kenmerk van 'n gemeenskap wat die falliese kultus beoefen het. Die groot toring met 'n hoogte van 31 vt. en 'n omtrek van 57' 6" aan die basis, <sup>(1)</sup> vorm 'n soliede klipgeboude struktuur sonder opening binne, of 'n grafkelder onder, met 'n geringe oorblyfsel van 'n "dentelle"-patroon naby die bopunt. Die klein toring, wat 5'2" noordoos van die groot toring staan, het 'n omtrek van 21'7" en 'n maksimumhoogte van 6'6" aan die oostekant. <sup>(2)</sup>




Fig. 10. Rekonstruksie van Zimbabwe-torings.  
(Bent)

In/.....3

(1) Hall, R.N. (1905), bl. 240-241.  
(2) Ibid. bl. 244.

In 'n tekening, fig. 10, rekonstrueer Bent<sup>(1)</sup> die twee koniese torings volledig tot skerp punte. Die prototipe hiervan vind hy op 'n muntstuk van Byblos.

Verskillende navorsers het elk hul eie verklaring vir die torings gegee.

Deur Hall<sup>(2)</sup> word dit as 'n falliese simbool beskou en hy grond veral sy bevinding op die baie ander voorwerpe van 'n falliese aard wat in die Zimbabwe-ringmuur en die Akropolis gevind is. Hy herlei die koniese torings van soortgelyke torings in Hierapolis, Mesopotamië en Byblos, Fenisië, wat verband met die falliese kultus het.

Hall<sup>(3)</sup>, wat die groot koniese toring aan vreemde invloed toeskryf, verklaar dat die klein toring 'n paar tree daarvandaan van swakker boukuns getuig en dus as uit 'n later datum beskou moet word. Die feit wat deur bogemelde skrywers beklemtoon word, is dat die torings geen praktiese nut het nie; gevolglik moet aanvaar word dat hulle simboliese betekenis het.

Tot dusver het die skrywers wat genoem is, almal 'n vroeë datering aan Zimbabwe gegee en veral op grond van die falliese elemente aanwesig, dit gekoppert aan Fenisiëse, Arabiese en ander invloede van die Midde-Ooste. MacIver<sup>(4)</sup> wat 'n middeleeuse datering van Zimbabwe voorstaan, beskou die koniese torings as simbolies van die opperhoof se gesag en dié van sy hoofvrou. Hy

verwerp/.....60

- 
- (1) Bent, J.T. (1892), bl. 126, 127.  
(2) Hall, R.N. (1905), bl. 244.  
(3) Hall, [redacted], (1909) bl. 334-336.  
(4) MacIver, D.R. (1906), bl. 73.

voornamely die falliese betekenisse daarvan maar onthou nie dat daar wel falliese voorwerpe in assosiasie met die toring gevind is nie. Hy meld ook dat Zimbabwe nie die enigste plek is waar sodanige falliese voorwerpe gevind is nie. Hy noem Butali, Khani e.a. plekke.

Betekenisvol is die volgende erkenning deur Maciver:

"That these negroes, like all other negroes, revelled in obscenity is probably enough. That they had orgastic rites, like every other primitive people, from China to Peru, we may well believe. And the phallic symbols may well be closely connected with such rites."<sup>(1)</sup>

Gaten-Thompson<sup>(2)</sup> skryf die koniese toring toe aan die inisiatief van die Bantoe op grond van wat sy noem "twee onbetwistbare feite": "one, the fact that small phallic symbols are characteristic of the Zimbabwe culture, and indicate that this cult must have pervaded the mentality of the times; the other, the initiative talent of the Bantu." Hierop steun sy Maciver se teorie dat die twee torings staan vir die majesteit van die groot opperhoof en sy hoofvrou, soortgelyk aan 'n gebruik by die Nilotse in die Soedan. Anderop se verklaar sy dat die nabootsende talente van die Bantoe verantwoordelik kan wees vir die kopiëring van Arabiese torings of moskees aan die Oerkus.

Summers en Whitty<sup>(3)</sup>, na 'n deeglike studie van die hele aangeleentheid, kom tot die gevolgtrekking dat die

groot/..... 61

---

(1) Maciver, D.R. (1936), bl. 73.

(2) Gaten-Thompson, G (1931), bl. 99.

(3) Summers, Roger en Whitty, Antony (1961), bl. 318.

groot koniese toring in Fase vi(b) van hulle stase gebou is, d.w.s. nadat die platform en die aangrensende mure reeds voltooi was. Van die klein koniese toring het hulle geen verslag gee nie.

Desmond Clark, <sup>(1)</sup> wat ook eens bogenoemde skrywers die oprigting van die klipstrukture aan die Mesoes toestryf, maak die volgende opmerking t.o.v. die Troes Yotertydens: "Of the magic-religious beliefs of these people the basis appears to have been a kind of simple fertility worship, quite typical of primitive cultivators, in which featured certain clay figurines of humans, invariably female, and of cattle ...."

Hierdie aanhaling impliseer dat daar by die betrokke groep wel 'n kultus falliese vrugbaarheid insluiting is. Meestal die klein meer op die vrugbaarheidsspek geval het, was die falliese element niekenin konsestig, eens besyde deur die falliese simbole.

'n Ander voorwerp wat dui op 'n uitersame ooreenging van die kultus, is die s.g. roset-silinder. (Sien fig. 11) Hierdie voorwerp, waarvan die parallel in Poniels gevind is, is eintlik verwant aan die Lingen-Yoni. Die gloufio vanaf die middel na die buitenste rand sou volgens die revertsers ooreenkom met die gloufio <sup>(2)</sup> op die Lingen-Yoni waardeur die vissiesel tydens die ritueel verplouel. Hierdie voorwerp is volgens Hall <sup>(3)</sup> nie in die Sinsolmeringemar of by die Akropolis gevind nie maar in 'n grot deur naby.

Caton-Thompson/....62

---

(1) Clark, J. Desmond: (1959), bl. 250.

(2) sien bl. 37 vir beskrywing van die Lingen-yoni.

(3) Hall, H.H.: (1905), bl. 192.



Fig. 11. Roset silinder. Zimbabwe.

Hierdie voorwerp is saam met 'n ander koniese klip gekatalogiseer wat van dieselfde plek kom en volgens beskrywing onmiskenbaar 'n falliese klip is. Dit was egter nie beskikbaar vir ondersoek nie.

57. RICKETT'S ROAD BRIFT, DELPORTSHOOF.

- FALLIESE KLIP : Kat. nr. 36/35/59 A.O.
- Lengte : 160 mm.
- Maks. dikte : 55 mm.
- Afwerking : Onsimmetries en onegalig afgewerk met geleidelike verdunning vanaf die agterkant tot 'n stomp punt. Die agterkant vorm 'n konvekse kolf. Die fallus is nie heeltemal rond nie, sodat die deursnee 'n elips van 55 mm. X 45 mm. sal vorm.
- Toestand : Die agterkant is gesplint weens gebruik as hamer en die voorkant is stomp weggeslyt as gevolg van gebruik as stamper of vrywer. Die gebruike is sekondêr.

Hierdie fallus is saam met 'n deurboorde klip<sup>(1)</sup> gevind. Dit is gekatalogiseer as behorende tot die Smithfield B kultuur. Die deurboorde klip is gepoleer en het dubbeltregetervoraige perforasie.

58./..... 113.

---

(1) Kat. nr. 36/35/59. Argeologiese Opname.

58. EDEWALEB.

PALLIESE KLIP

- : A.O.
- : 114 mm.
- : 41 mm.
- : Vanaf die agterkant simetries gerond met geleidelike verdunning na 'n stomp punt. Agterkant eindig op 'n konvekse kolf. Oppervlakte gepoleer.
- : Albei kante is sekondêr as stamper gebruik sodat die gepoleerde oppervlakte gebreek is.
- : Doleriet.

59. SIMON - E.W.A.

(i) PALLIESE KLIP

- : Kat. nr. B 170 S.S.
- : 300 mm.
- : 47 mm.
- : Simetries gerond met stadige verdunning vanaf 'n ronde kolf agter tot 'n punt van ongeveer 20 mm. deursnee voor. Dit skyn asof die punt afgebreek en daarna effens gerond is. Die oppervlakte is glad gevryf.
- : Oorepronklik, behalwe gebreekte punt.

Hierdie twee stakke, wat van die pless 341 in Gibeon distrik kom, was van die volgende legende vergesel:

Simon/..... 114.

Simon Koppers, wat kaptein van die Simon Kopper Hottentotte was, het die twee "tooretokkies" in 1908 saam met sy skatte in die Kaliharisand begrawe. Hy het daarna n barvloek uitgespreek dat enigemand wat die klippe mag verwyder vir ewig verdoem sou wees. (1)

60. REHOBOTH: S.W.A.

PALLIESE KLIP : Kat. nr. B 566 S.M.  
Lengte : 217 mm.  
Maks. dikte : 49 mm.  
Afwerking : Onsimmetries gerond met geleidelike verdunning sowat 50 mm. van agter af tot n skerp punt voor. Geleidelike verdunning ook na agter tot n ovaalvormige konvekse kolf van 33 x 38 mm. Die voorwerp is effens plat aan die een kant, en is nie baie glad afgewerk nie.  
Toestand : Oorepronklik.

61. WINTHOCK. S.W.A.

(1) PALLIESE KLIP : Kat. nr. B 264 S.M.  
Lengte : 287 mm.  
Maks. dikte : 53 mm.  
Afwerking : Onsimmetries afgerond met geleidelike verdunning van sowat 50 mm. van agter af tot n stomp punt voor. Verdunning geleidelik

na/.....119.

---

(1) Sien bylae 2.

na agter tot 'n konvekse kolf van 35 mm. deursnee. Die vorm is effens plat aan die een kant en is grof afgewerk.

Toestand : Klein splint voor af, en swaar verweer.

(ii) PALLIESE KLIP : Kat. nr. 266 S.M.

Lengte : 125 mm.

Maks. dikte : 64 mm.

Afwerking : Geleidelike verdunning vanaf die agterkant tot 'n stomp punt. Diep konvekse kolf van volle deursnee van 64 mm. Die oppervlakte is skurf.

Toestand : Oorepronklik, behalwe voerpunt wat deur sekondêre gebruik weggeslyt is.

(iii) PALLIESE KLIP : Kat. nr. 3 261 S.M.

Lengte : 160 mm. (Afgebreek)

Maks. dikte : 47 mm.

Afwerking : Simmetries gerond.

Toestand : Die voerpunt is stomp as gevolg van gebruik as stamper. Die agterkant is afgebreek met 'n skuins splint tot ongeveer in die helfte van die een sy. Dit skyn asof die voorwerp gepoleer was en daarna aan swaar verwerking blootgestel was.

62. OSANA, OKAHANDJA, S.V.A.

- FALLIESE KLIP : Kat. nr. B 1217 S.W.  
Lengte : 140 mm.  
Maks. dikte : 50 mm.  
Afwerking : Onsimmetries gerond vanaf n skuins kolf agter tot n stomp punt. Die voorwerp is nie heeltemal rond nie maar het twee platterige kante in die posisie van aangrensende sye van n vierkant.  
Toestand : Oppervlakte verweer. Die punt baie stomp, waarskynlik, a.g.v. sekondêre gebruik. Die agterkant is skuins geslyt a.g.v. gebruik as vrywer.

63. ROBERTSHOOGTE (TANS VOORTREKKERHOOGTE) PRETORIA.

- FALLIESE KLIP : Kat. nr. 34/49 A.O.  
Lengte : 91 mm. (punt afgebreek)  
Maks. dikte : 44 mm.  
Afwerking : Simmetriese vorm met geleidelike verdunning vanaf die kolf. Die oppervlakte is glad gevryf.  
Toestand : Die agterkant is weggesplint en skuins geslyp a.g.v. gebruik as vryfklip. Die voerpunt is afgebreek en gesplint a.g.v. gebruik as stamper. Die klip het waarskynlik n minimum lengte van 120 mm. gehad.

64. BARKLY-WES.

PALLIESE KLIP	: Kat. nr. 2614 P.M.
Lengte	: 210 mm.
Maks. dikte	: 61 mm.
Afwerking	: Simmetries gerond met geleidelike verdunning ongeveer eenderde van agter tot 'n skerp punt. Effense verdunning na agter tot 'n konvekse kolf van 45 mm. deurenee. Oppervlakte gepoleer.
Toestand	: Oorspronklik behalwe karmerte aan kolf.

Hierdie falliese klip kan uit 'n dam, 40 vt. diep, in die boonste terras van die Vaalrivier by Barkly-Wes.

65. BARKLY WES.

PALLIESE KLIP	: (Privaatversameling H.H. BOWDEN)
Lengte	: 190 mm.
Maks. dikte	: 45 mm.
Afwerking	: Simmetries gerond met geleidelike verdunning vanaf 50 mm. van agter tot 'n stomp punt. Min verdunning na agter tot 'n konvekse kolf van 42 mm. deurenee. Oppervlakte gepoleer.
Toestand	: Oorspronklik sonder tekens van sekondêre gebruik.
Materiaal	: Doleriet.

66. UTRECHT, NATAL.

FALLIESE KLIP X	:	(Privaat versameling D.H. BOWDEN) (Sien fig. 29)
Lengte	:	220 mm.
Maks. dikte	:	62 mm.
Afwerking	:	Taamlik simmetriese afwerking met geleidelike verdunning van feitlik heelagter tot n stomp punt voor. Die agterkant eindig in n ronde kolf met n aantal sekondêre splinte.
Toestand	:	Gepoleerde oppervlakte het weg verweer.
Materiaal	:	Doleriet.

Hierdie falliese klip is saam met n deurboorde sferiese klip uit n graf gehaal. Ongelukkig is daar geen gegewens beskikbaar t.o.v. die skelet wat in die graf gevind is nie. Die assosiasie tussen die twee klippe en die graf is egter seker.



Fig. 29. Deurboorde klip en falliese klip in n graf gevind. Utrecht, Natal.

67. DWAAL, HANOVER.

PALLIESE KLIP	:	Kat. nr. H 4036 N.W.
Lengte	:	87 mm. (afgebreek)
Maks. dikte	:	25 mm.
Afwerking	:	Bele slanke koniese vorm, simmetries gerond met geleidelike verdunning na die punt. Opper- vlakke glad geskuur en gepoleer.
Toestand	:	Minstens 20 mm. van die voerpunt is afgebreek terwyl die agterkant sodanig weggebreek is dat slegs n klein vlak van die kolf sigbaar is. Die klip is sekondêr as n beitel gebruik.
Materiaal	:	Skalie.

Die klip kom van dieselfde vindplek as die skerprand klipring nr. H 3997 N.W.

68. HOLPAN, BARKLEY-WES.

PALLIESE KLIP	:	Kat. nr. 5488 N.W.
Lengte	:	170 mm.
Maks. dikte	:	62 mm.
Afwerking	:	Bele simmetries gerond met eers geleidelike en daarna vinnige verdunning na n stomp punt. Die agterkant eindig in n plat kolf van 48 mm. deursnee.
Toestand	:	Gepoleerde oppervlakte heeltemal weg verweer, behalwe n klein oppervlakte naby die kolf. Geen opvallende tekens van gebruik as stamper nie.

Die volgende is n lys van minder tipiese en gebreekte voorbeelde/..... 120.



voorbeelde van falliese klippe:-

Kat. nr. 162 N.M.	Thornhill, Douglas (2)
" " 1633 N.M.	Salt Lake, Douglas.
" " 1797 N.M.	Riverton.
" " 508 N.M.	Rietpan, Kimberley (4)
" " 1913 N.M.	Koffiefontein (4)
" " 1983 N.M.	Howlands.
" " 1094 N.M.	Klein Kareejan, Kimberley.
" " 932 N.M.	Douglas 164 X 63 mm.
" " 1596 N.M.	Fokwani 114 X 44 mm.
" " 1276 N.M.	Barkley-West 260 X 62 mm.
" " 3073 N.M.	Coleberg Drift.
" " 2080 N.M.	Onbekende vindplek 166 X 60 mm.
" " 987 N.M.	Layfontein, Campbell 229 X 50 mm.
" " 578 N.M.	Postmaaburg 200 X 52 mm.
" " - N.M.	Sanddrift, Kimberley 195 X 53 mm.
" " - N.M.	Howlands, Vaalrivier 184 X 66 mm.
" " 1120 N.M.	Papkuil, Postmaaburg 143 X 54 mm.
" " 935 N.M.	Devondale 151 X 68 mm.
" " 5851 N.M.	Bantelokuil 229 X 62 mm.
" " "H 476 N.M.	Warden (4) gebreek en weggeelyp.
" " "H 443 N.M.	Senekal gebreek
" " "H 2141 N.M.	Verhoerdevlei gebreek en geelyp.
" " "H 1065 N.M.	Loethoff gebreek.

(11) KORT KONINSE KLIPPE.

Hierdie koniese klippe wat in die tweede groep val, met lengte minder as 100 mm., is reeds genoem waar hulle

in drie gevalle saam met die lang falliese klippe gevind is t.w. by Elandsputte en Bospoort in Lichtenburg distrik en by Meerholtakop in die Kroonstad distrik.

Die kenmerk van hierdie klippe is hulle plat of effens konvekse basis wat in baie gevalle glad gevryf is. Die vorm is teenlik homogeen met die grootste deursnee aan die basis vanwaar dit in 'n skerp koniese vorm uitloop. In baie gevalle is die punt beskadig deur gebruik as hamer.

Hoewel dit moontlik is dat sommige van hierdie koniese klippe die voerpunte van falliese klippe kan wees, wat afgebreek en gladgeskuur is, kan verreweg die grootste aantal van so 'n moontlikheid uitgesluit word. Die vinnige verdikking na die basis sou vir die langer klip uitloop op 'n dikte wat groter is as die maksimum bekende voorbeelde. Die kort koniese klippe moet dus as 'n tipe op hul eie beskou word en die fyn afwerking en gepoleerde oppervlakte dui op 'n ander gebruik as die gewone huishoudelike.

Die volgende is tipiese voorbeelde:

1. VAN OPPERHOOP WATERDONG SE HUIS, GRIKWASTAD.

KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. 5266 S.A.M. (Sien fig. 30 b)

Langte : 91 mm.

Basis dikte : 46 mm.

Afwerking : Spits koniese vorm met basis effens skuins ten opsigte van die middellyn. Die basis is plat met die rand effens gerond. Die hele oppervlakte is gladgeskuur en gepoleer.

Material : Doleriet.

Die feit dat die voorwerp uit Waterboer se huis kom het weinig betekenis aangesien daar geen bewys is dat dit deur die Griekas gebruik was of net as ornament gehou was nie.

2. CORNELIA.

(1) KORT KONIESE KLIP: Kat. nr. H. 1675 N.M. (Sien fig. 30 a)

Lengte : 75 mm.

Max. dikte aan basis: 44 mm.

Afwerking : Spits koniese vorm met effens konvekse basis simmetries met die middellyn. Die oppervlakte is gepoleer.

Toestand : Die punt is stomp en effens afgesplint soos wanneer dit as 'n hamer gebruik sou wees.

Material : Diabaas.

(11) KORT KONIESE KLIP: Kat. nr. 1676 N.M.

Lengte : 45 mm.

Max. dikte aan basis: 27 mm.

Afwerking : Slenk koniese vorm met plat basis met die middellyn vertikaal daarop. Die oppervlakte is ongepoleer.

Toestand : Die voorste punt is afgebreek, waarmee die klip ongeveer 'n lengte van 70 mm. sou gehad het. Met die klein basis is dit moontlik dat dit die punt van

n langer falliese klip is.

Materiaal : Sandsteen.



Fig. 30. Kort Koniese klippe: (a) Cornelia, (b) Grikwastad, (c) Brandwater, Fouriesburg, (d) Mooihoek, Bloemfontein.

3. MOOIHOEK, BLOEMFONTEIN.

KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. H 1304 N.M. (Sien fig. 30d)

Lengte : 74 mm.

Maks. dikte aan basis : 38 mm.

Afwerking : Dik koniese vorm met die basis skuins ten opsigte van die middellyn. Die oppervlakte is gepoleer.

Toestand : Naby die punt is n gedeelte van die oppervlakte weg verweer aan die een kant. Dieselfde toestand word rondom die basis aangetref. Dit blyk dat hierdie klip vir n lang periode aan verwerking blootgestel was en daarna gebruik is as vryfklip of maler.

Materiaal : Doleriet.

4. BRANDATER, KONIJSBERG.

- KORT KONIJSSE KLIP : Kat. nr. H 7 H.M. (Sien fig. 30 c)
- Langte : 75 mm.
- Maks. dikte aan basis : 44 mm.
- Afwerking : Spits koniese vorm met plat basis  
asymmetries op die middellyn.  
Die oppervlakte is nie baie glad  
afgewerk nie, maar met een of  
ander middel opgevryf.
- Toestand : n Paar splinte aan die basis is  
gedeeltelik weggeslyp deur  
gebruik as vryklip.
- Materiaal : Doleriet.

5. ST. DAVIES, BULYFONTRIN.

- (i) KORT KONIJSSE KLIP : Kat. nr. H 4072 H.M.
- Langte : 75 mm.
- Maks. dikte aan basis : 40 mm.
- Afwerking : Slanke koniese vorm met die plat  
basis skuins ten opsigte van die  
middellyn. Die oppervlakte  
is gepoleer.
- Toestand : Die basis is feitlik rondom  
weggeslynt en dit is duidelik  
dat die klip op een stadium as  
houer gebruik is en daarna weer  
as vryklip gebruik was.
- Materiaal : Doleriet.
- (ii) KORT KONIJSSE KLIP : Kat. nr. 4072 H.M.
- Langte : 62 mm.
- Maks. dikte aan basis : 50 mm.
- Afwerking : Dik koniese vorm met basis en

Toestand

effens rond en skuins t.o.v. die middellyn. Die oppervlakte is skurf, as gevolg van verwerking.

: Die punt is steep en die basis op verskeie plekke afgespliet. Die basis is minder verveer as die res en sui meentlik n gebruik as vryklip aan nadat die klip reeds n tydelik aan verwerking blootgestel was.

Material

: Eoloriet.

6. WINTERPOORT.

KORT KONIESE KLIP

: Kat. nr. H 3355 N.M.

Lengte

: 48 mm.

Maks. dikte aan basis :

24 mm.

Afwerking

: Slanke koniese vorm met afplattig aan twee kante sodat die deursnee n ovaal vorm vertoon. Die basis is skuins ten opsigte van die middellyn.

Toestand

: Die klip is aan die basis weggespliet

Material

: Sliksteen.

7. WINDHUC.

KORT KONIESE KLIP

: Kat. nr. H. 127 N.M.

Lengte

: 31 mm.

Maks. dikte aan basis :

21 mm.

Afwerking

: Hierdie is die kleinste koniese klip van almal wat vir hierdie studie

onderzoek was. Dit het n  
perfekte simetrisse vorm met n  
konvekse basis. Die hele  
oppervlakte insluitende die  
basis is eens gevryf en gepoleer.

Toestand : Oorspronklik.

Materiaal : Serpentiniet.

8. PIORISBAD.

KORT KONIESE KLIP : (Privaat versameling Gebhardt)

Lengte : 72 mm.

Maks. dikte aan basis : 50 mm.

Afwerking : Spits koniese vorm met skerp  
punt en konvekse basis, simetries  
ten opsigte van die middellyn.  
Die deursnee vertoon n perfekte  
sirkel. Die hele oppervlakte  
is gepoleer.

9. HANTSBLIVIER, SCHWIEER-REYHECKE.

KORT KONIESE KLIP : U.P.

Lengte : 97 mm.

Maks. dikte aan basis : 40 mm.

Afwerking : Stomp koniese vorm met plat  
basis waarvan die rand effens  
gerond is. Die oppervlakte  
is glad gevryf.

10. KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. 43/39 A.O.

Lengte : 52 mm.

Max. dikte aan basis : 44 mm.

Afwerking : Spits koniese vorm met konvekse basis. Oppervlakte glad gepoleer.

Toestand : Punt stomp s.g.v. gebruik as kapper of stamper.

11. WARDEN.

(1) KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. H 476 N.N.

Lengte : 95 mm.

Max. dikte aan basis : 56 mm.

Afwerking : Simmetriese koniese vorm met twee kante effens plat. Die basis is plat met kapperke in die middel. Die punt is stomp deur gebruik as stamper. Oppervlakte ongepoleer.

Materiaal : Sandsteen.

(11) KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. H 476 N.N.

Lengte : 82 mm.

Max. dikte aan basis : 35 mm.

Afwerking : Spits koniese vorm met plat basis effens skuin t.o.v. die middellyn en skerp punt. Die basis is glad geskuur en n paar plekke afgesplint. Die oppervlakte is skurf verweer.



Ook in hierdie geval is die basis baie glad teenoor die res van die voorwerp wat die indruk skep dat dit as vrywer gebruik is nadat die buitenste oppervlakte reeds aanmerklik aan verwerking blootgestel was. By die punt tot ongeveer 30 mm. is merke rondom wat veroorsaak kon gewees het deur die punt in 'n nou opening te druk. Die deursnee op daardie plek is ongeveer 20 mm. Hierdie koniese klip is die enigste wat merke van daardie aard vertoon wat moontlik aanduiding kan wees van 'n gesamentlike funksie met 'n deurboorde klip.

Materiaal : Eoliet.

12. NAGUARD.

KORT KONIESE KLIP

Langte : 71 mm.

Maks. dikte aan basis : 30 mm.

Afwerking : Slanke koniese vorm, maar onreëlmatig rond met stomp ronde basis wat skurf en onafgewerk is. Die res van die oppervlakte is glad gevryf.

Materiaal : Eoliet.

13. KORTOLSKAND/...129.

13. KORTKONIESE KLIP, BOSHOFF.

- KORT KONIESE KLIP : Kat. nr. H 1682 H.M.
- Langte : 65 mm.
- Maks. dikte aan basis : 40 mm.
- Afwerking : Dik koniese vorm met geslypte, effens gebôë basis skuins t.o.v. die middellyn. Die oppervlakte was gepoleer.
- Toestand : Weggesplint aan die basis, en 'n gedeelte van die punt is afgebreuk wat dit moeilik maak om te besluit of dit wel een van die kort koniese klippe was. Die punt is stoep en gekneus.
- Material : Baleriet.

Hierdie koniese klip is in assosiasie met 'n buitengewone klipring gevind in 'n ou moeras. Die kalkagtige aanraksel aan albei voorwerpe is dieselfde en daar kan geen twyfel wees dat die twee voorwerpe in assosiasie daar gelast is nie. Die klipring word later beskryf.

Besliewe boetende is daar ook voorbeelde van kort koniese klippe gevind by die volgende plekke:-

Kat. nr.	508 H.M.	Rietpan, Kimberley (4)
" "	2707 H.M.	Riverton (2)
" "	1785 H.M.	Koffiefontein (2)
" "	48 H.M.	Snydersdrif
" "	1883 H.M.	Alexandersfontein
" "	904 H.M.	Rietpan, Kimberley
" "	1881 H.M.	Kimberley.
" "	9264 T.M.	Lecukloof, Beaufort-Ves.

VERSPREIDING VAN MATE TUSSEN MAKSIMUM EN MINIMUM

MM DIKTE

KORT KONIESE KLIPPE

FALLIESE KLIPPE

MAKSIMUM DIKTE VAN GROOTSTE AANTAL

MINIMUM DIKTE VAN GROOTSTE AANTAL

MAKSIMUM LENGTE VAN GROOTSTE AANTAL

MINIMUM LENGTE

LENGTE

100  
80  
60  
40  
20  
0

50

100

150

200

250

300


350

350

400

450

500



(111) TECHNIEK VAN VERVAARDIGING VAN FELLIËSE  
KLIPPE EN KOORT KONIESE KLIPPE.

Die lang koniese klippe, waarna hier verwys word as felliese klippe en die kort koniese klippe is deurgaans baie glad en simmetries afgewerk. In die eerste stadium is dit waarskynlik deur kerkilfering tot 'n ruwe vorm afgewerk. Dit is egter duidelik dat in die finale stadium dit noodwendig deur 'n skuur- of slypproses nêrens gegaan het.

Die mees aanneemlike metode sou voes om die voorwerp op 'n slypklip met sand te skuur. Hierdie slypproses sou vorseklik word namate die groewe in die slypklip dieper word en die ronde vorm van die koniese klip begin ontstaan. Wie alleen verskaf die dieper groef 'n groter wrywingsoppervlakte nie, maar dit kontroleer ook die simmetriese koniese vorm van die voorwerp. In die finale stadium kon water ook gebruik gewees het.

Uegroefde slypklippe is van verskillende plekke bekend en word gewoonlik verbind aan mense van die ystertyd vir die slyp van asgane en byle. Slypklippe met U-vormige of bootvormige groewe kan nêntlik ook vir die slyp van koniese klippe gebruik gewees het.

'n Plat slypklip<sup>(1)</sup> met U-vormige groewe weerskante is op die plaas Coemansberg, distrik Lushoff, gevind.

Op die een/..... 132.

---

(1) Kat. nr. N 576, Kap. Museum. Daar word vermeld dat die slypklip uit 'n Boesmangraf kom, maar die assosiasie is onseker.

Op die een sy is drie parallelle groewe met lengtes 183, 163 en 157 mm. Die wydes van die groewe is respektiewelik 32, 32 en 33 mm., teensor dieptes 16, 16 en 17 mm. (Sien fig. 31 a) Op die ander sy is slegs een groef van 199 mm. lank, 33 mm. wyd en 13 mm. diep wat deur die middel van 'n onkonkave slypvlak van 7 mm. diep gesny is. Daar is ook tekens van die begin van twee slypgroewe weerskante van begrensde groef. (Sien fig. 31 b).

'n Tweede klip, <sup>(1)</sup> afkomstig van die dorpsgronde op Luckhoff, het op die een sy drie parallelle groewe van 177, 195 en 177 mm. lank. Die wydes is respektiewelik 32, 36 en 34 mm., met dieptes 8, 12 en 8 mm. (Sien fig. 32 a)

Op die tweede sy is twee soortgelyke groewe van 196 en 172 mm. lank, 38 en 40 mm. wyd teensor 17 en 7 mm. diep. (Sien fig. 32 b)

'n Vergelyking van hierdie neges groewe toon dat in die algemeen waar daar 'n toename in diepte van die groef is daar 'n ooreenkomstige toename in die wyde is. Dit dui daarop dat die voorwerpe wat daarop geslyp was van redelike eenvormige voorkoms en grootte mees gewees het.

Albei slypklippe is van doleriet.

VINDPLAAS/.....133.

---

(1) - Kat. nr. H 1078. - Nas. Museum.



a

b

Fig. 31 a & b Slypklip, Goemansberg, Luckhoff.

<u>VINDPLEK</u>	<u>LENGTE</u>	<u>WYDTE</u>	<u>Diepte.</u>
<u>GOEMANSBERG:</u> (1)	183	32	16 mm.
1ste sy : (11)	183	32	16
(111)	157	32	7
2de sy : (1)	199	33	13
<u>LUCKHOFF:</u>			
1ste sy : (1)	177	32	8
(11)	195	36	14
(111)	177	34	8
2de sy : (1)	196	38	17
(11)	172	40	7

Groewe soortgelyk aan bestaande, wat op vaste rotse

uitgeslyp is/.....134



a



b

Fig. 32 a & b slypklip: Dorpsgronde, Luckhoff.

uitgeslyp is, word op verskillende plekke aangetref. Singer<sup>(1)</sup> verwys na n aantal horisontale u-vormige groewe wat op n rots naby Vredenburg K.P. gevind is. Volgens hom is daar nog meer sulke groewe in daardie omgewing.

Die teorie dat dit maalgroewe<sup>(2)</sup> kan wees val weg sodra die groewe ook in vertikale posisie op rotse aangetref word. Sulke groewe van meer as 12" lank word deur Singer<sup>(3)</sup> beskryf soos gevind teen n sandsteenrots naby Ficksburg, O.V.S. Vertikale groewe kan uit die aard van die saak nie maalgroewe wees nie. Dieselfde skrywer maak ook melding van groewe in Natal en die Kaapse Skiereiland, maar die nie duidelik of dit u-vormige groewe is nie. n Ander tipe slypgroef<sup>(4)</sup> waarin asgane geslyp is, is ook bekend.

In Zambia (voorheen Noord-Rhodesië) is, volgens Chaplin<sup>(5)</sup> meer as honderd sulke groewe gevind wat op vaste rotse uitgeslyp is. Hy is van mening dat dit gevorm is deur die slyp van klip of metaal byle, maar stel tereg die vraag waarom sulke byle dan nie meer volop in die gebied is nie.

Uit die u-vorm van die groewe is dit baie duidelik dat die voorwerpe wat daar geslyp is n sirkelvormige (of halfsirkelvormige) deursnee op die dwarsste sal hê, terwyl n deursnee oor die lengte n geboë lyn aan albei kante (of aan een kant), sal vertoon.

Van/..... 136

- 
- (1) Singer, R. (1961) bl. 27.  
(2) Sasseon Humo (1962) bl. 145 (Die skrywer beweer dat klei vir kleipotté in sulke groewe gemaak was.  
(3) Singer, R. (1961), bl. 27.  
(4) Vgl. Kat. nr. H. 2594, Nasionale Museum.  
(5) Chaplin, J.H. (1961), bl. 149.



Van al die bekende klipvoorwerpe voldeen slegs die koniese en falliese klippe aan hierdie beskrywing.

Op die eiland Fernando Po kom 'n aantal lang u-vormige slypgroewe voor, waarvan Kennedy as volg skryf: "It has long been accepted - and there is good evidence to support the contention - that wherever the long grinding grooves occur in rock outcrops it is indicative of the manufacture of ground or polished stone tools. (1)

Die probleem wat hom voordoen is dat daar, behalwe die paar groewe op los slypklippe van Luckhoff, geen korrelasie is tussen die distribusie van die slypgroewe en die koniese klippe nie. Dit is moontlik dat die falliese klippe oor lang afstande gedra kon gewees het, maar hierteenoor staan die feit dat die voorwerpe meestal van plaaslike materiaal vervaardig is.

Alles in ag geneem, dui die getuenskap baie sterk saarop dat koniese klippe in hierdie groewe geslyp is.

(iv) DIE VERBAND TUSSEN FALLIESE KLIPPE EN KORT KONIESE KLIPPE.

Daar was tevore verwys na die feit dat lang falliese klippe in sommige gevalle in assosiasie met kort koniese klippe gevind is. In die twee stalle klippe, van Boepoort en Elandsputte, albei in die distrik Lechtenburg, is die assosiasie onbetwisbaar, terwyl in

ander/..... 137

---

(1) Kennedy, Robert A. (1962), bl. 129-130.

ander gevalle die voorwerpe van dieselfde vindplek kom maar sonder dat daar n definitiewe assosiasie aangedui kan word. Die volgende vindplekke is voorbeelde hiervan: Meerholtzkop, Kroonstad; Rietpan, Kimberley; Koffiefontein en Riverton. Die gesamentlike voorkoms van hierdie twee soorte koniese klippe kan nie toevallig wees nie en noop ons dus om n verklaring daarvoor te seek.



Fig. 33. "Vingerrots", Morgenster.

Die gedagte van n lang koniese vorm en n kleiner eksemplaar van soortgelyke vorm word baie spesifiek uitgedruk in die groot koniese toring van Zimbabwe en die klein koniese toring daarnaas. Sowat drie myl van

die Zimbabwe bouvalle staan die sogenaamde "Vingerrotse" van Morgenster. (Sien fig. 33) Hierdie twee indrukwekkende rotse, wat blykbaar deur natuurlike verwerking tot die bepaalde vorm gekom het, kan as 'n proto-tipe van hierdie "groot - en - klein" strukture en voorwerpe beskou word. Die twee rotse moes beslis as 'n sterk prikkel gedien het op 'n kultuur waarin die neiging tot 'n soortgelyke simboliek reeds opgesluit gelê het.



Fig. 34. Koniëse torings Zimbabwe.

Walton<sup>(1)</sup> maak t.o.v. die kort koniese klippe die volgende opmerking: "I can offer no satisfactory use for these smaller conical stones, but the fact that they are sometimes found on the same sites as the larger stones suggests that they fulfilled a different purpose." Die rede waarom Walton so 'n bewering maak is nie duidelik nie, want daar kan tog meer as een voorwerp, ook verskillend van mekaar, op een vindplek aangetref word wat dieselfde doel dien. Dit geld veral die klas van rituele voorwerpe wat hier ter sprake is.

In 'n bespreking oor die koniese torings van Zimbabwe haal Caton-Thompson<sup>(2)</sup> die geval aan van die groot toring van Sjiek Denkur van die Suers in Anglo-Egiptiese Soedan. "Standing in the centre of the village, and seen for about three miles off, was a conical mound of earth, well and solidly constructed by Denkur's people as a token that Denkur was a very big man in that part of the world. It was stated that the bones of innumerable oxen were buried in the body of the mound; cattle being slaughtered for the occasion. This act was to give greater value to the cone in the eyes of the surrounding tribes, as cattle are the most valued possession of the tribes of the White Nile and are practically all they live for . . . . . The height of this conical mound was about 50 to 60 feet."

Mac Iver/..... 140

---

(1) Walton, James (1956), bl. 61.

(2) Caton-Thompson, G. (1931), bl. 99-100.

Mac Iver<sup>(1)</sup> kom na aanleiding hiervan tot die gevolgtrekking dat die toring in die Soedan n parallel kan vers vir die Zimbabwse torings wat hy dan as volg verklaar: "The great cone, standing here in the most venerated precinct of the great chief's kraal, in the heart of his capital, probably represented the majesty of the chief himself; the lesser cone symbolized his principle wife, his heir-apparent or his first minister." Caton-Thompson<sup>(2)</sup> onderskryf hierdie teorie van Mac Iver en probeer die treffende parallel te verklaar deur een te voer dat die twee kulture n gemeenskaplike oorsprong, in die verre verlede, grens in Kilde-Afrika, gehad het. Dit sou alskien beter wees om te sê dat die twee kulture in die verre verlede uit dieselfde bron beïnvloed is.

n Dubbele simbool vir koningskap of aanbidding is ook nie vreemd in die klassieke wêreld nie. In Kreta is daar, volgens berig deur Nilsson,<sup>(3)</sup> n gebruik om n dubbele simbool op seëringe te plaas. Die religie van die Kinsane<sup>(4)</sup> word deur hierdie skrywer bestempel as n dubbele mensteleme en die figure word uit die mites verklaar; eerstens, die "Groot Heeder van die Natuur" en langs haar, haar sterflike metgesel en seun. Hierdie beginsel geld ook ten opsigte van hulle kultus-simbole. Nilsson skryf verder: "Sir A. Evans speaks of a dual pillar worship, and says that the tall column on

the/..... 141

- 
- (1) Mac Iver, B.R. (1906), bl. 73.  
(2) Caton-Thompson, G. (1931), bl. 100.  
(3) Nilsson, Martin P. (1959), bl. 401.  
Childe V. Gordon (1951), bl. 133.  
(4) Die Kinsane Kultuur het floreer van circa 2000-1400 v. C. Epic of Man, (ed. Life), bl. 139.

the gold ring from Knossos, with the descending god, represent the male form of the aniconic image and the small column the female form of the divinity."

Nog n parallel vir die koniese torings van Zimbabwe is die twee falliese torings by die tempel van Hierapolis in Mesopotamië. Bent<sup>(1)</sup> haal hieroor vir Lucian as volg aan: "There stood two very large phalli, about thirty cubics high, and .... these phalli are solid, for when a priest had to ascent he had to put a rope round himself and the phallus and walk up." Hier kom dus ook die gedagte van n dubbele simbool ter sprake en in hierdie geval is dit n falliese simbool.

Stayt<sup>(2)</sup> maak melding van die sakrale klippe van die Bavenda. Elke linie het sy eie sakrale bul, maar diegene wat te arm is neem n klip as plaasvervanger vir die bul. Van hierdie klippe skryf hy voorts: "The stones are fairly large, cylindrical, highly polished pebbles ..... One stone represent the bull and is called 'Mbobo', and the other, which is rather larger, the cow, 'Kholomo', (among the Bavenda the female is generally made larger than the male when the sexes are symbolically represented.)" Hierdie twee simbole word langs mekaar opgerig naby die hoofman se huis. Stayt<sup>(3)</sup> noem die moontlikheid dat die beeskultus en die klipkultus aanvanklik deur aparte stamme beoefen was. Toe lede van die beeskultus om ekonomiese redes dit moeilik gevind het om beeste te bekom, het hulle na voorbeeld

van die/..... 142

- 
- (1) Bent, J.T. (1892), bl.  
(2) Stayt, Hugh (1931), bl. 243.  
(3) Ibid, bl. 244.

van die ander stam, klippe as plaasvervangers gesien en aan hierdie klippe al die eienskappe van die bees toegeskryf.

Schofield<sup>(1)</sup> vind 'n ooreenkomst tussen die grondplan van die groot ringmuur van Zimbabwe (ook genoem die Eliptiese Tempel) en die inisiasie-ringmuur van die Pedi. Duitse die hoofingang van die Pedi inisiasie-ringmuur word twee koniese torinkies opgerig, bekend as die "Phiri"<sup>(2)</sup> en die "Pishana". Hiervan verklaar begerende skrywer: "..... that we cannot doubt but that the large and small cones have their analogies in the Phiri and Pishana cones which are erected outside the chief entrance of the lodge."

Dit is moontlik dat die twee koniese simbole by die Pedi herlei kan word van die koniese torings van Zimbabwe, maar om die hele struktuur van die Eliptiese tempel van Zimbabwe as 'n inisiasie-ringmuur te beskryf is om dit geweldadig te vereenvoudig. Daarby is die aard van inisiasieseremonies sodanig dat tydelike strukture daarvoor opgerig word wat saam met die res van die inisiasiegebedere verbrand word, simbolies van die beëindiging van die vorige lewens stadium.

As aanleiding van die aangehaalde gevalle is dit twisfelik dat die neiging tot dubbele koniese simbole wel bestaan; dat hulle in sommige gevalle as manlik en vroulik beskou word en dat hulle ook verbind word met die gesagdraer oor die groep. Sommige van hierdie simbole is ook/..... 143.

---

(1) Schofield, J.F. (1942), bl. 85.

(2) Phiri stel die hyena voor: Schofield, bl. 85.

is ook fallies. Verder is die falliese verband met die gesagpersoon ook aangedui eers versinrebeeld in die septer.

Die gesamentlike voorkoms van falliese klippe en kort koniese klippe kan dus aandui:-

- (a) Die simbolisering van gesag deur die falliese klip.
- (b) Die verteenwoordiging van die gesagdraer as hoofvrou of opvolger deur die kort koniese klip.

Dit neem egter nie weg dat beide klippe ook 'n funksie mag hê in die falliese ritueel vir die verkryting van universele vrugbaarheid nie. In die mitologie van Egipte<sup>(1)</sup> was Osiris as die gesagdraer juis die sentrale figuur in die vrugbaarheidsfilosofie.

## D. DEURBOORDE KLIPPE.

### (1) DEURBOORDE SPERIESE KLIPPE.

Wat afwerking betref is daar min artefakte wat getuenis kan lewer van meer meesame arbeid van die kant van die primitiewe mens as juis die deurboorde klippe. Die buitengewone sorg waarmee die klippe afgewerk en die gat deurgeboor word impliseer op sigself dat die voorwerp geen onbelangrike funksie in die gemeenskap gehad het nie. Daar kan aanvaar word dat selfs by die primitiewe mens/..... 144.

---

(1) Frazer, Sir J.G. (1954), bl. 375.



mens, as aanleiding van die arbeid gesy aan 'n voorwerp, ook 'n mate van waardeskatting daarvoor sal ontwikkel al sou dit meer psigologies wees as 'n ekonomiese ooreweging. Dit geld vir suiver huishoudelike voorwerpe. Rituele voorwerpe, weens die benatuurlike sakele waaronder dit vervaardig word, val heeltemal in 'n ander klas. In hierdie geval sal nie alleen die vervaardiging nie maar ook die latere hantering en besaring van die voorwerpe met eerbiedige sorg plaasvind. As aanleiding van hierdie beginsel sou dit dan vir die argeoloog tegnies meentlik wees om, op grond van die voorkoms en toestand van die voorwerpe, te kan onderskei tussen rituele en huishoudelike voorwerpe.

In die praktyk kom daar egter ook ander faktore op die spel. Eerstens is al die voorwerpe weens lang periodes van blootstelling aan destruktiewe magte van verwerking en patinering onderhevig, sodat in die geheel gesien, daar 'n gelykrukkende proses met die tyd werkbaar is. Tweedens is daar die algemene feit dat, waar baie van hierdie voorwerpe aan die oppervlakte lê, hulle deur latere bewoners vir hulle eie gebruik aangewend is. Dit mag dan ook wees dat sommige voorwerpe ver van die aanvanklike vindplek verwyder is. Die enigste werklik outentieke voorbeelde, waarvan getrag kan word en 'n interpretasie van die funksie te gee, is die wat in situ gevind word. Selfs dan is dit nie meentlik om te weet of daardie spesifieke voorwerp tipies van die tradisionele vereiste is nie.

In die studie van deurboorde klippe kom hierdie verskillende faktore ter sprake. Goodwin<sup>(1)</sup> het 'n

interview/.... 145

---

(1) Goodwin, A.J.H. (1947)

intensiewe studie van die verspreiding en gebruik  
asook van die kulturele verband van alle deurboorde  
klippe gemaak. Hierdie opname deur Goodwin het bewys  
hoe volop die deurboorde klippe in werklikheid is. Het  
nie sers al die bekende materiaal tot sy beskikking nie  
het Goodwin 'n paar duisend eksemplare bestudeer.  
Die verspreiding is wêreldwyd maar die betrokke studie  
was beperk tot die Suid-Afrikaanse materiaal. Goodwin  
het die deurboorde klip hoofsaaklik as 'n huishoudelike  
voorwerp beskou en verklaar onder meer: "Yet we can  
hardly attach any directly religious symbolism or  
significance to these stones. That they may have symbo-  
lized the female aspect of foodgetting (agriculture or  
collecting) is perfectly possible, but a directly  
phallic representation is unlikely and without any  
factual justification."<sup>(1)</sup> Hierin het Goodwin  
hom egter misgeloop, want daar is wel genoeg bewyse van 'n  
seremoniële funksie en selfs 'n definitiewe falliese  
funksie vir die deurboorde klip. Hy word ook deur Dart<sup>(2)</sup>  
in die opsig weerspreek.

Die standpunt wat Goodwin inneem is dat geen volk sy  
seremoniële voorwerpe en gebruik as maalklippe of

haserklippe/..... 146

---

(1) Goodwin (ibid.) bl. 12  
(2) Dart, R. (1948)

hamerklippe soos van sommige deurboorde klippe afgelei kan word nie. Niemand sal egter probeer om aan te dui dat alle deurboorde klippe seremoniële voorwerpe is nie. Daar is baie ander gebruike waargeneem bv. as graafstokklip, as knop vir 'n klerie, as skuifgewig vir 'n wildetrik en selfs as wiele in 'n speelding soos deur 'n voorbeeld in die Nasionale Museum aangedui. Die gebruik van deurboorde klippe as septerstukke is ook bekend en hier het die klip alreeds 'n seremoniële funksie. Dart<sup>(1)</sup> toon die falliese oorsprong van hierdie septers aan as hy bewys dat die lang staf of steel van die septer die manlike element is terwyl die deurboorde klip die vroulike element simboliseer.

Dit is meentlik dat baie van die huishoudelike funksies uit die seremoniële gebruik spruit bv. ten opsigte van die vrugbaarheidsgedagte. As falliese stimulus vir vrugbaarheid word 'n stok geneem as die manlike element met 'n deurboorde klip as gewig vir die vroulike simbool en die apparaat word dan aangewend om gate te maak vir die saad.

Nou kan verwag word dat, met die normale proses van kultuurverandering wat oor 'n periode plaasvind, daar ook uitbreiding van die funksies van hierdie seremoniële voorwerpe sal wees. Die siegs gate vir die saad in die grond nie, maar ook ander gate waar benatuurlike hulp nodig is, sal nettertyd daarmee gegrave word, bv. vanggate vir wild. Of die deurboorde klip word gebruik om die versterkte saad deur te laat loop in die grond soos deur Dart<sup>(2)</sup> aangehaal ten opsigte van die Koord Sotho.

Rit/..... 147.

---

(1) Dart, R.A. (1932).

(2) Dart, R.A. (1948).

Dit sou selfs as maalklip utilisseer kan word om die eerste graan ritueel te maal. Die tendens is 'n verskuiwing van funksie van die religieuse na die magiese.

Dart (1929,<sup>(1)</sup> 1932<sup>(2)</sup>, 1948<sup>(3)</sup>) se teorie dat deurboorde klippe ten minste in sommige gevalle 'n seremoniële funksie gehad het word gesteun deur van Riet Lowe (1929)<sup>(4)</sup>, (1946)<sup>(5)</sup>, Leslie (1926)<sup>(6)</sup>, Walton (1956)<sup>(7)</sup>, Louw (1960)<sup>(8)</sup>.

1. SPITSKOP, BOSHOFF.

DEURBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 1121 N.W. (Sien fig. 35)
Deursnee tussen pole	:	113 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	104 mm.
Deursnee van perforasie	:	30-22-24 mm.
Vorm van perforasie	:	Tregtervormig.
Afwerking	:	Die klip het 'n sferiese vorm wat simmetries om die perforasie afgewerk is met effense afplatting aan die wyer kant. Die boorwerk is van weerskante gedoen en die twee gate ontmoet mekaar met 'n klein afwyking, sodat die verskil weggewerk moes word, waardeur 'n aantal skraapmerke in die lengte gelaat is. Van

die/..... 148.

- 
- (1) Dart, R.A. (1929), bl. 553.  
(2) Dart, R.A. (1932), bl. 731.  
(3) Dart, R.A. (1948), bl. 61.  
(4) Lowe, Van Riet (1929).  
(5) Lowe, Van Riet (1947).  
(6) Leslie (1926).  
(7) Walton, James (1956), bl. 61.  
(8) Louw, J.T. (1960), bl. 135.

die wyer kant is die gat trechter-  
vormig en van die nouer kant  
silindries. Die oppervlakte  
van die klip is glad gepoleer  
en het 'n glansende swart bruin  
kleur.

Toestand : Oorspronklik met 'n ligte aanpaksel  
van kalk op plekke. Geen bewys  
van huishoudelike gebruik nie.

Materiaal : Wondersteen.

Hierdie klip is in kalk grond sowat 2'6" diep gevind  
in assosiasie met 'n falliese klip soos beskryf onder  
1, 'n skerprand klipring (dieselfde Kat. nr.) en 'n klein  
gekepte klippie. Dit maak deel uit van 'n stel falliese  
voorwerpe soos deur Esterhuyse<sup>(1)</sup> beskryf.



Fig. 35. Deurboorde klip: Spitskop, Boshof.

2./..... 149

---

(1) Esterhuyse, D.J. (1962).

2. RUSTKRAAL, WOLMARANSSTAD.

DEURBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 2900 N.M. (Sien fig. 14)
Deursnee tussen pole	:	95 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	111 mm.
Deursnee van perforasie:	:	24-23-22 mm.
Vorm van perforasie	:	Silindries.
Afwerking	:	Sferiese vorm met effense on- simmetriese afwerking om die perforasie as middellyn. Geringe afplatting aan die wyer kant, waarvandaan die boorwerk gedoen is. Die oppervlakte is gepoleer. Die algemene vorm en kleur kom baie ooreen met die klip beskryf onder 1.
Toestand	:	Oorspronklik.
Materiaal	:	Wondersteen.

Hierdie deurboorde klip is in assosiasie met 'n falliese klip <sup>(1)</sup> 'n paar duim onder die grond gevind.

Na hierdie klip word ook deur Walton <sup>(2)</sup> verwys.

3. MEERHOLTZKOP, KROONSTAD.

DEURBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 1734 N.M.
Deursnee tussen pole	:	87 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	120 mm.
Deursnee van perforasie:	:	41-29-35 mm.
Vorm van perforasie	:	Tregter - uurglas, met een kant effens hoër.

Afwerking/..... 150

---

(1) Falliese klip, item 2. Kat. nr. H 2899, N.M.  
(2) Walton, James: (1956), bl. 61.

- Afwerking** : "Ovoid" vorm met een kant effens  
hoër, simmetries en perforasie  
gerond. Boorwerk van beide  
kante met klein afwerking.  
Oppervlakte skurf en ongepolier.
- Toestand** : Die klip toon tekens van recente  
gebruik veral in die perforasie  
toon dit tekens van atyasie.
- Material** : Fynkorrelrige sandsteen.

Hierdie deurborde klip het, volgens beskikbare  
gegevens saam met 'n falliese klip, <sup>(1)</sup> twee kort koniese  
klippe, twee goeilippe (klipballe), 'n paar punte, 'n  
houcher en 'n geolypte skilfer in die spruit uitgespoel.  
Die assosiasie met die klipwerktuie kan egter nie sonder  
verdere kontrole van ander vindplekke as veilig aanveer  
word nie.

4. PLATKOPJE, REITZ.

- DEURBORDE KLIP** : Kat. nr. H 1077.
- Deursnee tussen pole** : 98 mm.
- Deursnee oor ewenaar** : 113 mm.
- Deursnee van perforasie:** 45-34-39 mm.
- Vorm van perforasie** : Tregter.
- Afwerking** : Sferiese vorm, simmetries en die  
middel van perforasie met af-  
plating aan albei openinge van  
die perforasie. Boorwerk  
van beide kante met ligte

skraapwerke/... 151.

---

(1) Falliese klip, Kat. nr. H. 1736; H.M.

ekraapmerke oor die lengte  
in die perforasie. Hele  
oppervlakte ook binnewande van  
gat is glad geskuur en gepoleer.

Toestand : Oorspronklik, behalwe afplatting by  
openinge wat sekondêr aangebring kan  
wees.

Materiaal : Seepsteen.

5. KRANSFONTEIN, HOOPSTAD.

DEURBOORDE KLIP : Kat. nr. H 4470 N.M.

Deursnee tussen pole : 80 mm.

Deursnee oor ewenaar : 121 mm.

Deursnee van perforasie: 43-38-34 mm.

Vorm van perforasie : Tregtervormig.

Afwerking : Sferiese vorm, simmetries en  
perforasie met baie afplatting  
op ente, veral aan die wyse kant  
van die perforasie. Boorwerk  
net van een kant. Oppervlakte  
glad geskuur en gepoleer.

Toestand : Oorspronklik, behalwe afplatting  
wat sekondêr aangebring kan wees.

Materiaal : Wonderssteen.

6. ZION, KRITZ.

DEURBOORDE KLIP : Kat. nr. H 2672 N.M. (Sien fig. 16)

Deursnee tussen pole : 105 mm.

Deursnee oor ewenaar : 118 mm.

Wydte van perforasie : 30-13-15 mm.

Vorm van perforasie : Tregtervormig.



- Afwerking** : Sferiese vorm met onsimmetriese afwerking om perforasie as middellyn. Boorwerk van een kant; effens afgeplat aan wyer kant van perforasie. Hele oppervlakte baie glad gepoleer.
- Toestand** : Oorspronklik. Geen bewys van huishoudelike gebruik nie.
- Materiaal** : Seepsteen.

Hierdie klip kon onmoontlik as graafstokklip gebruik gewees het aangesien n stok met n dikte van 15 mm. nie die gewig van hierdie klip kan dra nie. Dieselfde geld ook vir die ander huishoudelike gebruike.



Fig. 36. Deurboorde klip: Zion, Heitz.

7. LEEUFONTEIN DELVERY, WOLMARANSSTAD.

- DEURBOORDE KLIP : Kat. nr. H 1015 N.N. (Sien fig. 37)
- Deursnee tussen pole : 53 mm.
- Deursnee oor swenaar : 130 mm.
- Deursnee van perforasie: 44-40-38 mm.
- Vorm van perforasie : Tregtervormig met cavetto aan  
nêu kant van perforasie. Deur-  
snee oor cavetto 53 mm., diepte  
4 mm.
- Afwerking : Plat Ovoid-vorm, simmetries om  
die perforasie afgerond. Afge-  
plat aan beide kante. Was  
waarskynlik gepoleer. Perfo-  
rasie baie glad.
- Toestand : Baie tekens van sekondêre  
gebruik. Twee vlakke teenoor  
mekaar aan klein kant van die  
perforasie skuins weggeslyp  
sodat die rand van die cavetto  
gedeeltelik weggeslyp is.  
Verder toon die buiterand dat dit  
as hamerklip gebruik is.
- Materiaal : Seepsteen.

Twee voorbeelde van hierdie tipe deurboorde klip  
word deur Van Riet Lowe<sup>(1)</sup> beskryf. (Sien fig. 38)  
Een is deur Dr. Leslie naby Vereeniging gevind en die  
ander deur mr. D. Stokes by Grasfontein in die Lichtenburg  
distrik. Leslie<sup>(2)</sup> skryf as volg: "It is of steatite not  
found/..... 154

---

(1) Lowe, G. van Riet, (1947) bl. 344-349.  
(2) Leslie, T.N. (1926), bl. 867-868.

found within fifty miles of Vereeniging. The hole is perfectly cylindrical, with definite cavetto at one end and the outside is polished. Perhaps the stone had some ceremonial significance".<sup>(1)</sup> Die voorbeeld van Grasfontein is feitlik identies met dié van Vereeniging, beide wat grootte en vorm betref. Van Grasfontein is ook n falliese klip,<sup>(2)</sup> geregistreer.

Nog n eksemplaar van hierdie sonderlinge voorwerpe is in die versameling van die Argeologiese Opname<sup>(3)</sup> (Sien fig. 37). Dit is gevind naby "Soada Din's Tomb, Brits Somaliland. Die mate van die vier voorwerpe vergelyk as volg:

	<u>LEEU- FONTEIN.</u>	<u>SOMALI- LAND.</u>	<u>GRAS- FONTEIN</u>	<u>VEREENI- GING.</u>
Deursnee (oor ewenaar)	130	121	131	134 mm.
Deursnee (tussen pole)	53	76	74	76 mm.
Deursnee (buitesirkel van cavetto)	53	56	56	55 mm.
Deursnee (binnesirkel van cavetto)	38	24	34	35 mm.

Die treffende ooreenkoms tussen hierdie vier gepoleerde scopsteenvoorwerpe is onbetwisbaar. Die perforasie van die Grasfontein en Vereeniging eksemplare is volgens illustrasie silindries waaf die Leeufontein en Somaliland eksemplare n tregtervormige perforasie het, beide met die cavetto aan die nou end van die tregter. Albei hierdie voorwerpe, net soos die Grasfontein eksemplaar, is aansienlik beskadig deur latere gebruikers.

8./..... 155.

(1) Ons kursiveer.  
 (2) Kat. nr. 60/45, A.O.  
 (3) Kat. nr. 30/45, A.O.




Fig. 37.




Fig. 38. Na Van Riet Lowe.

8. BENTHOFFVILLE.

DEURSBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 245 H.M.
Deursnee tussen pole	:	50 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	75 mm.
Deursnee van perforasie:	:	28-24-23 mm.
Vorm van perforasie	:	Gurglas.
Afwerking	:	"Ovoid" met onnoukeurige afwerking aan oppervlakte. Boorwerk van beide kante. Oppervlakte was gepoleer.
Toestand	:	Oorspronklik, behalwe kleiner spliatplekke.
Material	:	Seepsteen.

9. BUSHUERSB, K.P.

DEURSBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 5585 H.M.
Deursnee tussen pole	:	84 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	104 mm.
Wydte van perforasie	:	35-29-35 mm.
Vorm van perforasie	:	Gurglas.
Afwerking	:	Sferiese vorm, simmetries afgewerk om middellyn van perforasie. Buiteoppervlakte en perforasie gepoleer en bruin geklaur.
Toestand	:	Slegs een helfte beskikbaar.
Material	:	Pynkorrelrige sandsteen.

10. PHILIPPOLIS.

DEURBOORDE KLIP	:	Kat. nr. H 701 N.M.
Deursnee tussen pole	:	50 mm.
Deursnee oor ewenaar	:	71 mm.
Wydte van perforasie	:	33-25-31 mm.
Vorm van perforasie	:	Uurglas.
 M.M. : McGregor Museum, Kimberley.  
 P.M. : Natal Museum, Pietermaritzburg.  
 P.E.M. : Port Elizabeth Museum.  
 S.A.M. : Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad.  
 S.I. : Durban Museum.  
 T.P. : Transvaal Museum, Pretoria.  
 U.C.T. : Universiteit, Kaapstad.  
 W.U.A. : Witwatersrand, Departement Anatomie.  
 B.A.J. : Argeologiese Opname, Johannesburg.



	<u>LEWASNEE</u>	<u>DIKTE</u>	<u>IND.</u>	<u>OPENING</u>	<u>SWFT.</u>
	mm.	mm.	mm.	mm.	mm.
W.U.C. (110/g)	77	15	19.0	38	27
W.U.A. (1100/h)	88	14	16.0	36	28
W.U.A. (228)	116	16	13.8	68	56
H.M. (1414)	99	-	-	66	53
<b>De Kiel-Oost</b>					
E.A.J. (11/40)	98	30	30.6	38	20
E.A.J. (Durnt)	100	8	8.0	70	64
<b>Smithfield</b>					
S.A.M. (1143)	91	17	18.7	22	17
<b>Marseilles</b>					
U.O.T. (23/182)	121	20	16.5	52	47
<u>GRIEKWALAND-VEE EN VAAL.</u>					
<b>Griekwaland Vee</b>					
S.A.M. (4367)	105	24	22.8	62	55
<b>Modderrivier</b>					
S.A.M. (1132)	80	23	29.0	26	12
<b>Bongles</b>					
S.A.M.	95	33	34.7	24	12
H.M. (258)	125	41	32.8	37	22
<b>Veal-Oranje Same- vloeiing</b>					
A.M. (Schönland)	100	-	-	-	19
A.M. ( " )	114	-	-	-	57
<b>Windsorton</b>					
D.A.J. (9/35/55)	95	10	10.5	56	53

	<u>DEURSNEE</u>	<u>DIKTE</u>	<u>IND.</u>	<u>OPENING</u>	<u>SENT.</u>
	mm.	mm.	mm.	mm.	mm.
<b>Last Hope</b>					
M.M. (2002)	91	-	-	63	58
<b>Kanteen Kop.</b>					
M.M. (2001)	96	-	-	61	58
<u>OOSTELIKE KAAPPROVINSIE.</u>					
<b>Victoria East (Alice)</b>					
S.A.M. (3826)	106	22	20.7	74	64
<b>Galekaland A.M.</b>					
(Schönland)	114	-	-	-	54
<b>Aliwal-Noord</b>					
(Dunn)	78	-	-	-	45
<b>Coega na Kleinpoort</b>					
P.E.M. (614/e)	115	47	40.9	43	15
<u>SUIDELIKE KAAPPROVINSIE.</u>					
<b>Stormsrivier</b>					
S.A.M. (Peringuey)	130	-	-	-	9
<b>Tsitsikamma</b>					
P.E.M. (94)	126	24	18.7	29	17
<b>Knysna</b>					
S.A.M. (Pain)	85	19	22.3	19	11
	75	12	16.0	20	10
	60	18	30.0	26	18
<b>Sharples (15)</b>	97	20	20.0	23	13
<b>Platbos (Heese)</b>	107	24	22.4	62	55
<b>Hoembos (Heese) (14)</b>	85	30	35.3	28	14
<b>Stellenbosch</b>					
S.A.M. (205)	65	11	16.9	12	7
<b>Worcester</b>					
(Heese)/.....210.					

	<u>DEURSNEE</u>	<u>DIKTE</u>	<u>IND.</u>	<u>OPENING</u>	<u>SENT.</u>
	mm.	mm.	mm.	mm.	mm.
(Heese) (15)	76	23	30.3	27	14
Kaapse Skiereiland					
S.A.M. (105)	86	25	30.0	23	11
S.A.M.	97	30	30.9	28	19
S.A.M.	83	24	28.9	22	12
Jardine versameling	82	17	20.7	19	9.5

Van hierdie aantal klipringe beskou Goodwin net twee groot genoeg om oor die hand van n volwasse vrou as n aroring te gaan, d.w.s. die met n opening groter as 51 mm., terwyl slegs n verdere agt van sodanige grootte is dat hulle aan die arm sou kon bly sonder benadeling van die gebruik van die polsgewrig. Die ander eksemplare is óf te groot sodat hulle sal uitgly, óf te klein om oor die hand te gaan.

(v) TEGNIK VAN VERVAARDIGING VAN SKERPRAND KLIPRINGE.

Goodwin beskryf die skerprand klipring as volg:  
 "The edged disc consists of a stone lens ground carefully to shape and finally bored."<sup>(1)</sup> Dié met die wyer perforasie sou, volgens hom, verkry word deur slegs die perforasie wyer en wyer te ruim totdat in sommige gevalle, slegs n dun randjie oorbly.

Die/.....211.

---

(1) Goodwin, A.J.H. (1943), bl. 296.

Die moderne metode vir die vervaardiging van glaslense kom daarop neer dat twee stukke glas aanhoudend opmekaar geslyp word totdat een later konvexe en die ander eërekenematig konkaf is. Goodwin wys tereg daarop dat as die primitiewe kliplense op dieselfde wyse geslyp was daar órens ook 'n aanduiding van die konkawe gedeeltes gevind sou word. Daarby het hy ook nárens 'n ongebeerde kliplens van enige aard gevind nie.

Die teorie dat die skerprand klipringe, soos hierbo uiteengesait vervaardig is kan egter betwis word. Die proses waarin die ringe die meeste aan beskadiging blootgestel sou wees is nie die slypproses nie, maar wel die deurbor en ruim van die perforasie. Dit sou dus logies wees om die perforasie in 'n vroeë stadium te maak, d.w.s. voordat die ring geslyp word. Daar word dan ook inderdaad baie ringe en gedeeltes van ringe gevind wat nog nie geslyp is nie maar wat reeds deurbor is. (1) Die klipringe uit Natal, wat deur Malan (2) beskryf is, kan ook onvoldoende voorbeelde van hierdie ringe wees aangesien hulle ná perforasie nie verder afgewerk is deur hulle te slyp nie. In die lig hiervan sou dit moontlik wees om tussen die eksemplare wat by hierdie studie ingesluit is ringe in verskillende stadië van vervaardiging te vind. Dit impliseer egter nie dat die eindproduk noodwendig altyd dieselfde sal wees nie.

Hoewel/.....212.

---

(1) Vir voorbeeld hiervan sien item 37, Kat. nr. 7/38, A.O.  
(2) Malan, B.D. (1956), bl. 89-94.

Hoewel geen bewys daarvoor aangebied kan word nie, is dit moontlik dat die ringe op gewone plat slypklippe (dieselfde as bv. Maakklippe), afgeslyp was. Deur die een kant van die ring effens te lig en dit geleidelik te draai terwyl dit heen-en-weer geskuur word, kan die vorm verkry word wat so kenmerkend van hierdie voorwerpe is, nl. 'n onegale lensvorm. Dit is, indien enige, van die ringe het 'n absolute lensvorm soos versag kan word uit die metode soos deur Goodwin voorgestel.

Die implement wat as deur gebruik is, sou heel waarskynlik dieselfde wees as die wat vir die perforasie van die sferiese klippe gebruik is. Dit is van hierdie bors is egter gladgeslyp soos die geval sou wees in die finale afronding van die perforasie.

Die teorie dat sommige van die koniese klippe as vyle gebruik was sou kon standhou indien daar ooreenkomstige slytasie op die lengte van die koniese klippe sigbaar was. Dit is egter nie gevind t.o.v. die materiaal wat in hierdie studie betrokke is nie.

### 3. GEKEEPTTE KLIPPE (1).

Die tipe van gekeekte klip waarna hier verwys word is klein, gepoleerde klippe met 'n V-vorsige of 'n U-vorsige keep dwarsoor die skerp rand van die klip. 'n Voorbeeld hiervan is die eksemplaar wat saam met die falliese stel (2) by Spitskop, Boshof gevind is. Hoewel daar op hierdie stadium/..... 213.

(1) Engels: Notched stones.

(2) D.J. Esterhuysen (1962), bl. 4.

stadium geen zekerheid bestaan of hierdie voorwerpe wel rituele of falliese betekenis het nie, word hulle by hierdie bespreking ingesluit, en wel om die volgende redes:

- (a) Omdat dit saam met die falliese voorwerpe gevind is.
- (b) Omdat dit van dieselfde materiaal gemaak is.
- (c) Omdat die afwerking en gepoleerde oppervlakte dieselfde is.
- (d) Omdat daar op die oomblik geen gebruikswaarde vir die voorwerpe bekend is nie.

1. SPITSKOP, BOMHOOP.

SAKKEPPE KLIP	: Kat. nr. H 1121 N.M. (Sien fig. 54a)
Langte	: 23 mm.
Breedte	: 13 mm.
Hoogte	: 20 mm.
Keep: Wydte	: 7 mm.
Diepte	: 4 mm.
Afwerking	: Die klip het 'n kort lensvormige basis van 12 x 20 mm. Vanaf die basis vorm dit 'n boogvormige skerp rand van 20 mm. hoog met 'n V-vormige keep dwars oor die skerp rand. Die oppervlakte is glad afgewerk en gepoleer.
Toestand	: Oorspronklik, sonder enige bewys van gebruik.
Materiaal	: Vondersteen.

2. VICTORIA-WEBB.

GEKLEPTE KLIP	:	(Ongenomerd) S.A.W. (fig. 54b)
Lengte	:	49mm.
Breedte	:	11 mm.
Hoogte	:	16.5 mm.
Keep: Wydte	:	6 mm.
Diepte	:	5 mm.
Afwerking	:	Lang, lensvormige basis, met effens gebê vlak. Die skerp rand gaan vanaf die twee punte boogvormig tot 'n hoogte van 16.5 mm. met 'n U-vormige keep dwarsoor die middel van die skerp rand. Die keep is na die buitewyde effens gerond.
Toestand	:	Oorspronklik, sonder bewys van gebruik.
Materiaal	:	Sceesteen.

3. SPARKAN, CAMPBELL.

(1) GEKLEPTE KLIP	:	(Privaat versameling H.J. van Zek) (fig. 54c)
Lengte	:	26.5 mm.
Breedte	:	12.5 mm.
Hoogte	:	14 mm.
Keep: Wydte	:	5 mm.
Diepte	:	4.5 mm.
Afwerking	:	Lensvormige basis met effens gebê vlak. Die skerp rand gaan vanaf die twee punte boogvormig tot 'n hoogte van 14 mm.

met n keep nie hechtensal in die  
middel van die skerp rand nie.

Oppervlakte glad gepoleer.

Toestand : Oorspronklik, sonder bewys van  
gebruik.

Materiaal : Seepsteen.

Hierdie voorwerp is gevind sowat n kwart syl van  
waar die deurboorde klip, (item 25) gevind is.

(11) GEKEEPTER KLIP : (Privaat versameling H.J. van  
Bek) (fig. 540)

Lengte : 35 mm.

Breedte : 12.5 mm.

Hoogte : 9.5 mm.

Keep : Die keep is baie klein en is  
gemaak deur n klein ronde  
gaatjie loodreg na die basis op  
die skerp rand te boor. Die  
gaatjie is op die lengte sowat  
1 mm. van die middel af.

Afwerking : Lang lensvorm met basis effens  
geboë en skurf. Skerp rand  
loop vanaf die twee punte  
hoogvormig tot n hoogte van 9.5 mm.  
Dye glad gepoleer.

Toestand : Oorspronklik. Dit is moontlik  
dat die voorwerp nog nie hechtensal  
klaar is nie.

Materiaal : Seepsteen.

Hierdie/..... 215.



Hierdie klip is gevind sowat 200 tree van die plek waar die fourboerde klip (item 25) gevind is. Daar is ook 'n paar fragmente van gepoleerde klipringe met skerp rande in die omgewing gevind.

4. HOPE TOWN.

GEKLEPTE KLIP	:	(C.H.F.D. Heese <sup>(1)</sup> ) (fig. 54c)
Lengte	:	32 mm.
Breedte	:	9 mm.
Hoogte	:	12 mm.
Keep:  Wydte	:	6 mm.
Diepte	:	9 mm.
Afsaaiing	:	Plat lensvormige basis van 32 X 9 mm. vanwaar 'n skerp rand beoogvorig die twee punte verbind. In die middel van die boog is 'n U-vormige keep dwarsoor die skerp rand met vyf klein snymerkies aan die een kant en drie aan die ander kant op die skerp rand. Die basis is skuins geclip met betrekking tot die kort as van die basis, terwyl die toeg van die keep parallel daarmee is, en geringe mate van slytasie vertoon.
Materiaal	:	Seepsteen.

Hierdie voorwerp is gevind op 'n vindplek van

Wilton-/..... 217.

---

(1) Heese, C.H.F.D. (1937), bl. 887.

Wilton-Smithfield waarby ook n stuk van n gepoleerde  
pyp gevind is.


5. WELLINGTON ESTATE, SETTLERS, T.V.L.

GEKSEPTER KLIP	:	(J. Fichardt) <sup>(1)</sup> (fig. 54f)
Lengte	:	31 mm.
Breedte	:	15 mm.
Hoogte	:	19 mm.
Keep: Wydte	:	7 mm.
Diepte	:	11 mm.
Afwerking	:	Plat lensvormige basis van 31 X 12 mm. vanwaar dit n boogvormige skerp rand van 19 mm. hoog vorm wat deur n dwars U-vormige keep ongeveer in die middel onderbreek word. Die hele oppervlakte is goed gepoleer, maar veral die wande van die keep is besonder glad.
Toestand	:	Oorspronklik, sonder tekens van gebruik.

VERGELYKING/..... 218.


---

(1) Fichardt, J. (1955), bl. 133.




a

b



c

d



e

f




Fig. 54. Gekepte klippe: (a) Spitskop, Boshof, (b) Victoria-Nes, (c) en (d) Brakpan, Campbell, (e) Hope Town, (f) Settlers, Tvl.

VERGELYKING.

	<u>LENGTE</u>	<u>BREEDTE</u>	<u>HOOGTE</u>	<u>WYDTE VAN KEEP</u>	<u>DIEPTE VAN KEEP</u>
	mm.	mm.	mm.	mm.	mm.
Spitskop	23	13	20	7	4
Victoria West	49	11	16.5	6	5
Campbell (i)	26.5	12.5	14	5	4.5
Campbell (ii)	35	12.5	9.5	-	-
Hopetown					
(Heese)	32	9	12	6	9
Wellington					
Estates					
(Fichardt)	31	15	19	7	11

Uit bostaande syfers is dit duidelik dat die voorwerpe almal tot dieselfde klas behoort. Van die Hopetown eksemplaar stel Heese voor dat dit 'n ornament is wat gemaak is van 'n fragment van 'n skerprand klipring. Van die U-vorige keep van die Settlers eksemplaar lei Fichardt af dat dit moontlik 'n diktemaat vir pyle kon wees. So 'n moontlikheid val egter weg na vergelyking met die kepe op die ander eksemplare. Met die ses voorbeelde beskikbaar is dit egter nou duidelik dat dit 'n voorwerp is wat vir 'n bepaalde funksie in daardie spesifieke vorm vervaardig is. Weens die groot variasie in lengte skyn dit nie of die lengte van spesifieke belang is nie. Dieselfde geld ook vir die hoogte, en die diepte van die keep. Die vorm is egter

baje/..... 220.

base konstant nl. n lensvormige basis met n boogvormige  
skerp rand waarin n keep gemaak is. Hierdie feite wek  
verdere suspisie dat dit seremoniële voorwerpe kan wees.  
n Vergelyking van hierdie gekeekte klippe met die  
falliese voorwerpe wat in Australië gevind is<sup>(1)</sup>  
bewys dat dit geensins onmoontlik is dat dit wel ook  
falliese voorwerpe is nie. Die gekeekte klippe toon  
nl. n merkwaardige ooreenkoms met die glansgedeelte van  
die fallus (sien fig. 55)



Fig. 55. Falliese voorwerp, Australië.

D. FALLIESE VOORWERPE WAT ANDERS AS OP DIE  
OPPERVLAKTE GEVIND IS.

(1) SPITSKOP, BOSHOFF: Falliese stél bestaande uit n  
falliese klip, n deurboorde sferiese klip  
en n klipring is 2'6" onder die oppervlakte  
in kalkgrond gevind met n gekeekte klippie  
n paar tree daarvandaan.

(2) RUSTKRAAL, WOLMARANSSTAD: n Falliese klip in  
assosiasie/...221

---

(1) Mountford, C.P. (1960), bl. 81.

assosiasie met 'n deurboorde klip 'n paar  
duim onder die oppervlakte gevind.

- (3) BOESFOORT, LICHTENBURG: 'n Falliese klip en 'n kort  
koniese klip in assosiasie in 'n land  
uitgeroog.
- (4) ELANDSPUTTE, LICHTENBURG: 'n Falliese klip in  
assosiasie met 'n kort koniese klip en 'n  
klipbal 14 vt. onder die oppervlakte in  
delwersgras gevind.
- (5) RAINFALL, SWINBURNE: 'n Falliese klip 3'6" onder die  
oppervlakte gevind.
- (6) DOFFERENT, CAMPBELL: 'n Falliese klip op 'n diepte van  
tussen 11 en 15 vt. in wit klei gevind.
- (7) WATERVAL, KOSTER: Twee falliese klippe op 'n diepte  
van 3 tot 4 vt. onder die oppervlakte  
gevind.
- (8) URECHT, NATAL: 'n Falliese klip en 'n deurboorde klip  
uit 'n ongeïdentifiseerde graf gemaak.
- (9) BANKLY-WES: 'n Falliese klip 40 vt. stap uit die  
boonste terras van die Vaalrivier gemaak.
- (10) KOOLOESRAND, BOSHOFF: 'n Kort koniese klip in assosiasie  
met 'n buitengewoon groot deurboorde skyf in  
'n ou moeras gevind.

- (11) SYFERDORFTEIN, REDDENSBURG: n Klipring 4vt. onder die oppervlakte gevind.
- (12) MEERHOLTZKOP, KRONSTAD: n Falliese klip, n deurboorde klip, n kort koniese klip en n klipbal op dieselfde vindplek oorgespoel.
- (13) LEEUFDORFTEIN-DELVERT, WOLMARANSSTAD: n Besondere deurboorde klip met n cavetto is hier gevind, soortgelyk aan twee ander eksemplare van Vereeniging en Grasfontein. Aldrie hierdie klippe kon ooreen met n deurboorde klip met cavetto wat te Soada Bin's Tomb, in Brits Somaliland gevind is.

Behalwe bestaande voorbeside wat n uittreksel uit die bestudeerde materiaal is, is daar in die literatuur vermelding van die volgende:

- (i) n Falliese klip uit n ou myn in Rhodesië (Dart).
- (ii) n Koniese klip uit n grot naby Bethal (Dart).
- (iii) n Koniese klip op n diepte van 17 vt. uit n mynslag in Rustenburg (Dart).

Die voorkoms van falliese voorwerpe op plekke van mynbedrywighede is baie opvallend. Dit is meentlik dat dit verklaar kan word uit die intensiewe grawery wat met sulke bedrywighede gepaard gaan.

Daar van die vondste gee die indruk dat dit deel-benut begrawe is.

E. VERSPREIDING VAN DIE MATERIAAL.




Fig. 56. Verspreidingskaart van Falliese Voorswerpe.

Uit die verspreidingskaart (fig. 56) is dit duidelik dat daar 'n konsentrasie van falliese klippe is in die gebiede Wes-Transvaal, Wes-Vrystaat en Grikwaland-Wes.

Die/.....224.



Die digste verspreiding binne hierdie gebied is langs die Hartzrivier, die Rietrivier en die laer Vaalrivier tot by die samevloeiing met die Oranjerivier.

Die voorkoms van falliese klippe buite hierdie gebied kan as operadies beskryf word en kan uit hierdie hoofsentrum versprei het.

Die verspreiding van kort kortiese klippe val hoofsaaklik in hierdie gebied met die digste konsentrasie in die Rietrivier-area.

Vir die algemene verspreiding van deurboorde klippe kan Goodwin<sup>(1)</sup> geraadpleeg word. Die deurboorde klippe waarvan die verspreiding hier aangetoon word is alreeds die gepoleerde eksemplare wat in die loop van die ondersoek teëgekom is en wat op grond van hulle afwerking en voorkoms meentlik rituele voorwerpe kan wees. Die verspreiding van hierdie klippe val goed saam met die verspreiding van falliese en kort kortiese klippe.

Wat die skerprand klipringe aanbetref, is die posisie heelwat anders. Hoewel binne bogenoemde verspreidingsgebied baie van die ringe aangetref word, is daar ook baie buite die gebied gevind. Veral die suidelike kusgebied van Kaapland en Natal het heelwat eksemplare opgelewer.

Wat die keuse van materiaal vir die falliese voorwerpe aanbetref is dit moeilik om enige beslissende afleidings te maak. Daar skyn n voorkeur te wees het vir doleriet,

wondersteen/..... 225.

---

(1) Goodwin, A.J.H. (1947).

zandsteen, soapsteen, sandsteen en lewa. Aangesien groot hoeveelhede van hierdie materiaal gedurende die ystydperk suidwaarts gedra is, is dit nie moontlik om vas te stel hoe ver die voorwerpe van die bron van ru-materiaal deur die vervaardigers gedra is nie. Daar is egter bewys dat plaaslike doleriet dikwels gebruik is ondanks die moeilike bewerkbaarheid daarvan.

## HOOFSTUK V.

### DIE WYER VERBAND VAN DIE FALLIESE KULTUS.

#### A. (1) FALLISIENE EN INISIASIENSEREMONIES.

Onset in inisiationsceremonies oor die algemeen is sterk kien val op geslagtelike onderrig, is dit nodig om te soek na 'n reëntlike verband met die konsep van falliese vrugbaarheid. Die seremonies, ook soms puberteitsceremonies<sup>(1)</sup> genoem, word veral verduidelik by primitiewe volke aangetref. Hoewel die vorm en tydskema verskil, het die seremonies almal 'n gemeenskaplike funksie, nl. die sistematiese inlywing van die adolessente jeug tot volle deelname aan die volwasse sosiale lewe. Bettelheim haal Miller as volg aan: "Such practices represent efforts to rivet the youth securely to the regnant social order and are devices for the development of social cohesion."<sup>(2)</sup>

Breedweg kan alle inisiationsceremonies ingedeel word in drie hoof-fases, volgens van Gennep<sup>(3)</sup> se bekende "Schema of rites de passage". Hierin kom hy tot die gevolgtrekking dat as die ritusse in die lewe van 'n individu in terme van hulle orde en inhoud ontleed word, daar onderskei kan word tussen die van skeiding, die van oorgang en die van inlywing.

Op die keper beskou is alle ritusse, volgens i.g. skrywer, dus oorgangsritusse wat die individu die mate van beveiliging verskaf in die geheimsinnige nimmanteland

in/..... 227.

---

(1) Schapera, I. (1930), bl. 272, 279.  
(2) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 14.  
(3) Van Gennep, Arnold, (1960).

in sy deurgang van een lewenstadium na 'n ander. Dit is ritusse van skeiding omdat dit die vorige lewenstadium finale afsluit, en ritusse van inlywing omdat dit die inisiant uiteindelik in 'n nuwe fase inkorporeer.

Die funksie van die ritusse is dan om daardie skeiding, deurgang en inlywing te beveilig en te bewerkstellig.

In die skeidingsfase impliseer die seremonies 'n drastiese afsluiting van die inisiant se verlede wat deur Miller as volg gestel word: "..... initiation ceremonies are intended to cut off the youth from his negligible past as if he had died, and then to resurrect him into an entirely new existence as an adult."<sup>(1)</sup>

Die toets of vuurproef waardeur die inisiant moet gaan word dikwels ook met dood en weergeboorte geassosieer en in mimiek voorgestel tydens die seremonie. In die Bora seremonies van die inboorlinge van Nu-Suid Wallis word ook dieselfde gedagte gevind met selfs 'n vasgestelde periode van drie dae voordat terugkeer tot die lewe plaasvind. Radcliffe-Brown skryf in hierdie verband: "As the ceremony is conducted, the initiates all 'die' and are brought back to life on the third day."<sup>(2)</sup> Hy verbind hierdie drie dae van dood aan die "dood en herrysenis" van die maan.

In die tweede fase vind die eintlike bewerkstelling van die oorgang plaas. Gewoonlik is daar na 'n voorafbepaalde periode van afsondering (in die eerste fase), een of meer gehardheidstoetse, waarna die inisiant, by sommige stamme, onderwerp word aan 'n proses van liggaamlike verninking/..... 228.

---

(1) Bettelheim, Bruno. (1955), bl. 14.

(2) Radcliffe-Brown, A.R. (1956), bl. 171.

verninking. L.g. sluit in, op die ligste, die inkeping of uitleen van n tand; in strawwer gevalle beenydenis; of in die ergste gevalle n wrede en gevaarlike operasie soos onderspleting,<sup>(1)</sup> soos wat deur deur sommige Australiese inboerlingstamme uitgevoer word.

Malinowski wys in hierdie verband ook op die belangrike aspek van die onderrig en opvoeding wat doelbewus met hierdie seremonies gepeerd gaan. Hy noem in hierdie verband die volgende: "..... the systematic instruction of the youth in sacred myth and tradition, the gradual unveiling of tribal mysteries, and the exhibition of sacred objects."<sup>(2)</sup> Hieruit kan afgelei word dat sekere sekrale voorwerpe vir die jeug verborge bly totdat dit in die inisiasie-seremonies as sigbare simbole van abstrakte waardes aan die inisiante geopenbaar word.

Van Gennep<sup>(3)</sup> is van mening dat die term puberteit-seremonie n wanbenaming is, aangesien die ritusse soms plaasvind op n ouderdom wat geen verband hou met geslagtelike rypwording nie. Volgens hom is die eegenaamde puberteitseremonie eintlik ritusse van skeiding, van n A-seksuele wêreld, gevolg deur ritusse van inlywing in n seksuele wêreld.

In hierdie opsig word hy deur Bettelheim weerspreek.

L.g./..... 229.

---

(1) Onderspleting: Engels, Sub-incision.

(2) Bettelheim (1955), bl. 15.

(3) Van Gennep, Arnold (1960), Inleiding, S. Kimbali, bl. ix.

L.g. verklaar baie nadruklik dat inisiasie-sereemonies, met sekere onbelangrike uitsonderinge gekenmerk word deur die feit dat dit om en by puberteit plaasvind. Dit word dan om dié rede ook puberteitsereemonies genoem. Daar moet dus n onderliggende motief wees waarom hierdie sereemonies juis in die puberteitstadium moet plaasvind.

Die gewone verklaring dat die verstand op hierdie ouderdom volwasse genoeg is om die ingewikkelde tradisionele voorskrifte te begryp is onbevredigend. Baie belangrike onderrig vind regdeur die lewe plaas en daar kan geen intrinsieke rede wees waarom sekere intellektuele onderrig juis met geslagtelike rypwording moet plaasvind as dit nie daarmee verband het nie.

Met die puberteitakenmerk gemeenskaplik aan byna alle inisiasiesereemonies skyn dit sennemlik te wees dat, die bereiking van die ouderdom waarop voortplanting moontlik word, die belangrike faktor in die oorsprong van die sereemonies is. En waar die voortplantingspotensiaal so onafskeidbaar verbonde is aan n vrugbaarheidstimulus van buite, plaas dit ook inisiasie-sereemonies in direkte verband met die vrugbaarheidskultus.

Hierdie gedagte word ook deur Bettelheim onderskryf in die volgende woorde: "Initiation rites, including circumcision, should be viewed within the context of fertility rites, which play a primary role in primitive society."<sup>(1)</sup>

Vir die sosiale voortbestaan van n groep is dit nodig om deur spesiale onderrig die stamtradisies aan die opkomende geslagte oor te dra. Sosiale kontinuïteit is

egter/..... 230.

---

(1) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 105.

egter onmoontlik sonder die fisiese voortbestaan van die  
stam wat op sy beurt afhang van die vrugbaarheid van sy  
individuele lede. Belangrik vir die voortbestaan is ook  
die vrugbaarheid van die diere en plante waarvan die stam  
vir sy voedselvoorrade afhanklik is.

Die inisiasieseremonies van sommige Australiese  
inboorlinge het as 'n belangrike element die aanwas-  
ritusse wat t.o.v. sekere diere uitgevoer word. In  
sekere gevalle kom die inisiasie van beide seuns en  
meisies neer op insyding tot die aanwasritusse van  
die voedseldiere. Inisiasie kan dus, volgens Dettelheim<sup>(1)</sup>  
gesien word as 'n nuwe-vorm van die vrugbaarheidsritueel.

Daar is dus 'n positiewe verband tussen inisiasie en  
die opvatting van universele vrugbaarheid. Inisiasie  
of puberteitsseremonies kan ook gesien word as insyding  
tot die geheime van voortplanting en introduksie tot  
die verborge kragte wat vrugbaarheid beheer.

By groepe wat spesifiek 'n falliese kultus beoefen  
sal inisiasie vanselfsprekend ook beteken inisiasie  
tot die geheime van die kultus en kennismaking  
met die seremoniële voorwerpe wat in die ritueel  
gebruik word.

(11) FALLIESE INSLAG BY INISIASIESEREMONIES IN  
SUIDELIKE-AFRIKA.

Gewoonlik val daar by inisiasieseremonies 'n sterk  
klem op die seksonderrig, naas die besnydenisgebruik, as  
l.g. by die betrokke groep 'n instelling is. By stamme  
wat nie besnydenis beoefen nie word nogtans van sekere  
simbole gebruik gemaak om die mistieke geheime van seks aan  
die inisiante te openbaar. Uit hoofde hiervan, word

sekere/  
..231.

(1) Ibid. bl. 105.

sekere seremoniële voorwerpe aangetref wat, of n praktiese óf n simboliese funksie, of beide kan hê.

Walton<sup>(1)</sup> verwys na so n voorwerp, n min of meer realistiese fallus<sup>(2)</sup> wat volgens hom, waarskynlik by die inisiasie van meisies gebruik was. Die voorwerp kom van Likatlong, distrik Thaba 'Nchu, wat in n Bantoearea geleë is.

Die sogenaamde falliese staf van die Ndebele is ook bekend. Die simboliek word gedra deur n kraalversierde houtvoorwerp in die vorm van n miniatuur knopkierie,<sup>(3)</sup> van ongeveer ses duim lank. (fig. 57a) n Soortgelyke voorwerp wat egter heelwat langer is word deur n lid van n Ndebele-inisiasiegroep van meisies, wat deur mnr. D.H. Bowden gefotografeer is, vasgehou. (fig. 58) n Ander voorbeeld van die Ndebele falliese staf<sup>(4)</sup> bestaan uit n kraalversierde voorwerp van ongeveer 3'6" lank, (fig. 57b). Die kop van hierdie staf is n simboliese voorstelling van die manlike en vroulike geslagsorgane. Die organe word nie afsonderlik uitgebeeld nie maar op n ingewikkelde wyse gekombineer. Die staf self stel die manlike orgaan voor. Om die kopgedeelte is n ringvormige kraalband wat die vroulike orgaan voorstel. In sy geheel simboliseer dit terselfdertyd ook die geslagsgesond.

Van/..... 232.

- 
- (1) Walton, James (1956), bl. 61.  
(2) Kat. nr. H 1587, Nasionale Museum.  
(3) Kat. nr. O. 3146, Nasionale Museum.  
(4) Privaatversameling D.H. Bowden, Pietermaritzburg.



Van hierdie voorwerp skryf mnr. Bowden<sup>(1)</sup>: "I was told by the Ndebele that the decorated phallic staff had a symbolic function during the young girls' initiation ceremony."



Fig. 57.

- (a) Falliese simbool, Ndebele.
- (b) Saamgestelde falliese staf, Ndebele.

n Ander/..... 233.

---

(1) Bowden, D.H. sien bylaag 1.



Fig. 58.

Falliese staf by Ndebele inisiante. Foto: Bowden.

n Ander interessante voorwerp is n vrugbaarheidspop,<sup>(1)</sup>  
afkomstig van die Basoeto van ongeveer 1850. (fig. 59)  
Dit bestaan uit n hout-fallus gedekoreer met krale.  
Die inskrywing in die katalogus lui dat sodanige  
vrugbaarheidspoppe gewoonlik aan kinderlose vroue  
gegee word in die geloof dat hulle kinders sal hê as hulle  
die poppe hanteer.

A.I. Richards/..... 234.

---

(1) Transvaal Museum: Kat. nr. 58/39.



Fig. 59.

Basoeto Vrugbaarheidspop, circa 1850. Foto: A.P. du Toit.

A.I. Richards<sup>(1)</sup> beskryf die gebruik van simboliese voorwerpe by die inisiasie van die Bemba in Rhodesië. Sy kon egter nie daarin slaag om die drie figure, bestaande uit 'n viriele manlike figuur, 'n swanger vrouefiguur en 'n moeder wat kinders soog, te bekom nie aangesien hulle in die poel gegooi was waarin die inisiant hulle seremoniële bad geneem het.

T.o.v. die vindplek van 'n versameling van sesstig mensbeeldjies en sewentig dierebeeldjies van Untali, skryf Summers<sup>(2)</sup> : "The site was originally a very isolated one, and it is by no means impossible that it may have been an initiation site, ....." Die gebruik van hierdie tipe voorwerpe by inisiasie word dus deur hom gesuggereer.

Die mees volledige verslag van die gebruik van sim-

boliese/..235

---

(1) Richards, A.I. (1945), bl. 449.

(2) Summers, R. (1957), bl. 75.

boliese seksvoorwerpe in inisiasieseremonies in Suidelike Afrika word gegee deur Dora Earthy<sup>(1)</sup>. Van die Valenga in Chopiland in die Suide van Mosambiek het sy die sakrale manlike en vroulike poppe gefotografeer wat by die inisiasie van meisies gebruik word. Die siaboliese voorwerpe word uit hout geeny, maar alvorens die houtsnyer sy werk begin moet daar eers 'n offer van sade van verskillende plante, bv. grondboontjies, boontjies en kafferkoring, aan die voorvadergeeste gebring word,<sup>(2)</sup> aangesien daar geredeneer word, dat dit die lewe van honderde nog ongeboore meisies mag beïnvloed.

'n Uitvoerige seremonie vir die seëning van die voorwerpe volg daarna. Die amp van Nyambutsi, (die vroulike waarnemer van die seremonie) is oorerflik, en sy is ook bewaarster van die rituele voorwerpe wat bestaan uit 'n sakrale drom, die gesnede mensfigure, sekere biologiese simbole en die sakrale beeshoring. Gedurende die seremonie val hierdie beeshoring 'n belangrike funksie in die deflorasie van die inisiantes.<sup>(3)</sup> Van die biologiese simbole, genoem Tinyangufuma, skryf Earthy die volgende: "These represent, according to the natives, the male and female principles, in utero mulieris. Another larger symbol, also called Nyangufuma, or sometimes Pfula is also placed in the drum, symbola clitoris est."<sup>(4)</sup>

Al/..... 236

- 
- (1) Dora-Earthy, E (1925), bl. 103-114.  
(2) Die offer van sade simboliseer menslike vrugbaarheid.  
(3) Vgl. horing van gamsbok fig. 53, bl. 203.  
(4) Dora-Earthy, E. (1925), bl. 109.

Al hierdie voorwerpe word met 'n sakrale salf van rooi-oker gesmeer. Die horing, genoem Tsondo, (symbola phalli est) word gewoonlik uit beesoring gesny en versier met bokvel, waarna dit met medisyne geval word.

Die volgende insiggewende verklaring, waarskynlik onder die invloed van Radcliffe-Brown<sup>(1)</sup> wat die publikasie help voorberei het, word gegee ten opsigte van die funksie van die voorwerpe in die ritueel: "The figures are called Mayika. They are used in explaining to the girls the physiology of sex. But their function in the rite is not confined to this. They are of high religious value as they have become the vehicles of the ancestral spirits by means of the sacrifices which have been offered."<sup>(2)</sup>

Hierdie funksionele verklaring kan ewe goed van toepassing gemaak word op die seremoniële voorwerpe van die falliese- en vrugbaarheidsritueel waar dit dan die voertuie vorm vir die geestelike wesens vanaf die veraf onsienlike na die nabygeleë werklikheid.

Winter<sup>(3)</sup> het, met behulp van 'n Bantoe-onderwyser, gevind dat daar by die inisiasie van die Bapedi 'n sterk falliese inslag te bespeur is. Die rol wat seks speel by die inisiasie van seuns, die ou gevestigde liedere daaroor en die prominente plek van die beesnydenisgebruik, is alles dinge wat, volgens hom, dui op fallisisme.

Die/..... 237.

---

(1) Ibid. bl. 128.

(2) Ibid. bl. 110.

(3) Winter, J.A. (1913), bl. 131.

(4) *ibid.*

Die Bapedi-inisiële skool word gehou by 'n plek met die naam Haruteng, 'n naam wat volgens Harries, (1) 'n verwysing na Felliëse uitdruk. Die beskryfende vind plaas in die eerste fase van hierdie skool, nl. die bedikane, wat met tussenposes van drie jaar gehou word. Daar word, volgens Harries, met ainsigting neergeleë op 'n volwasse Bapedi wat nie beony is nie, - hy mag nie ongang hê met vroue nie. Indien dit sou gebeur mag hy met sy lewe beet, (2) en 'n abortie sal gereël word indien bevrugting plaasgevind het. Hierdie taboe t.o.v. onbesnedenes toon die verband wat daar bestaan by die Bapedi tussen die beskryfingsgebruik en voortplanting.

Harries (3) gee 'n beskrywing van die oprigting van die "phiri" bakke, wat gebou word van plat klippe wat die inisiële met vuur van die rotse afsplint.

Ongeveer vier dae voordat die afsluitingsereenome begin gaan die mense van die kraal na die Kaga waar hulle met die platklippe 'n koniese bakke oprig, wat hulle Phiri noem. Dit naam beteken "wolf". Hoewel die huidige Bapedi dit slegs beskou as 'n monument ter gedagtenis aan die inisiële ereenome, is dit duidelik dat dit 'n sleperliggende oorsprong moes gehad het. Die vorm suggereer dat dit in antieke tye 'n verband met Felliëse kon gehad het.

Tit/..... 238.

- 
- (1) Harries (1929), bl. 70.  
(2) In die tyd van Oprekhoof Sulare.  
(3) Harries, C.L. (1929), bl. 71-72.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar by die inisiasie van die Suid-Afrikaanse Bantoe, in die besonder in Noord Transvaal, aanduidings van fallisisme is. Dit sui egter nie op 'n florerende kultus in die Bantoe-kultuur nie, maar het die voorkoms van oorblyfsels van 'n vroeër bestaande kultus onder hulleself, of beïnvloeding deur 'n ander kultuur waarmee hulle een of ander tyd in die verlede in noue kontak was.

B. FALLISISME EN BESNYDENIS.

Die besnydenisgebruik, d.w.s. die verwydering van die voorhuid deur 'n operasie, is 'n baie ou gebruik wat feitlik wêreldwyd by primitiewe sowel as beskaafde volke aangetref word. Herodotus<sup>(1)</sup> het dit in sy tyd reeds as 'n baie ou gebruik beskou en hy was nie seker wie van die Egiptenare of die Ethiopiërs dit eerste beoefen het nie. Rosenbaum<sup>(2)</sup> is van mening dat die besnydenis as instelling in elk geval van die Egiptenare versprei het na die Fenisiërs en Siriërs van Palestina.

Teenswoordig word besnydenis onder meer aangetref<sup>(3)</sup> by die Mohamedane, die Perse, Jode, Abbesynse Christene, die bewoners van die Suidsee Eilande, stamme op die vasteland van Amerika en aan die Wes-kus van Afrika. Verder word dit ook gevind by die Australiese inboorlinge<sup>(4)</sup> en die Bantoe van Suidelike Afrika<sup>(5)</sup>. In baie Westerse lande/... 239.

- 
- (1) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 198 (11)  
(2) Ibid. bl. 199 (11).  
(3) Ibid. bl. 199 (11).  
(4) Spencer & Gillen, (1904) bl. 329.  
(5) Bruwer J.P. (1956), bl. 101.

lande word dit sporadies en uitsluitlik om higiëniese redes toegepas.

Die vraag wat hom voordoen is of daar 'n verband is tussen fallisisme en besnydenis. Ellis<sup>(1)</sup> het vasgestel dat by die Tsi-sprekende stamme van die Slawekus waar daar geen teken van fallisisme is nie daar ook geen besnydenis aangetref word nie. By die Ga-sprekende stamme waar daar in mindere mate fallisisme aanwesig is word besnydenis algemeen aangetref. By die Ewe-sprekende stamme waar fallisisme die heersende kultus is, is besnydenis universeel, terwyl parallel daarmee die operasie op meisies ook uitgevoer word. Dit skyn, dus, volgens Ellis of in hierdie streke daar 'n intieme verband bestaan tussen fallisisme en die besnydenisritus.

Uiteenlopende menings bestaan oor die oorsprong van besnydenis asook oor die eintlike funksie en doel van hierdie sonderlinge instelling.

Rosenbaum skryf die ontstaan van besnydenis toe aan godsdiensstig-higiëniese redes wanneer hy hom as volg uitlaat: " ..... that we hold ourselves bound to see in circumcision originally a religious-hygenic measure, intended to guard a part of the body already in the earliest times held in such high honour among the Egyptians, Indians, etc. .... against any probable chance of defilement by uncleanness."<sup>(2)</sup>

Die voorafgaande het nie slegs op mans betrekking nie  
maar ook/..... 240.

---

(1) Ellis, A.B. (1890), bl. 43.

(2) Rosenbaum, Julius (1955), bl. 200 (11), 201 (11).



maar ook op vroue en meisies. Gewoonlik word mensies eers na die tiende jaar besny deur vroue wat dit hulle spesiale bereep maak. Behalwe by die Arabiere word vroulike besnydenis ook gevind by die Kopte van Egipte, die Ethiopiërs, die Perse, die Negerse van Sambuck, ens. In sommige gevalle is die besnydenis beperk tot vroue alleen, bv. die Panos van Suid-Amerika.

Rosenbaum verduidelik verder hoedat 'n gebruik soos besnydenis godsdienslike betekenis kan verkry. Aanvaaklik was dit 'n higiëniese reële uitgevoer deur die priesters wat terselfertyd ook die geneeskers van die primitiewe gemeenskap was. Die nutaspek van besnydenis t.o.v. higiëne sou egter al minder opvallend wees namate daar minder en minder onbesnede individue as bewys van die noodsaaklikheid daarvan oorgebly het. Op die wyse word die higiëniese aspek almeer op die agtergrond geskuif sodat die godsdienslike aspek later beskou word as die enigste rede vir die instandhouding van hierdie gebruik.

Agter die beginsel van besnydenis sien Crawley<sup>(1)</sup> 'n ander faktor nl. die primitiewe mense se opvattinge oor gevare van kontak. Veral vreemde uitskeidings van persoonlike of ander aard kan volgens hom 'n verderflike invloed uitoefen. Hy skryf as volg hieroor:<sup>(1)</sup>

"This dangerous excretion is any physical excretion religiously regarded, and its retention is prevented by cutting away separable parts which would easily harbour it, as the teeth retain morsels of food."

Six/..... 241.

---

(1) Crawley, E. (1932), bl. 120.

Sir James Frazer toon, volgens Crawley, <sup>(1)</sup> aan dat skeibare dele van 'n persoon waarop 'n taboe rus, verswyder kan word om die taboe te breek. So word by. in Rotti die oernte hare van 'n kind nie as sy sie beskou nie en mag hy siek word tensy dit verswyder word. Wanneer se 'n gedeelte afgesny word ontstaan daar eerstens die gedagte om die res te beveilig deur daardie gedeelte as offer te bring. Hierdie geloof word volgens bogenoemde skrywer illustreer deur die afeny van die pinkie. Ten tweede word die afgesnyde deel aan hul god as offer gebring om die res skadeloos te stel deur die taboe of onreinheid daarvan te verminder. A.B. Ellis <sup>(2)</sup> het gevind dat by die Yomba en Ewe stamme die besnydenis beskou kan word as 'n offer van 'n gedeelte van die orgaan wat deur hulle god geïnspireer word en dat dit verband het met die falliese kultus van Legba. Die besnydenis verleen ook status aan die man.

Scott <sup>(3)</sup> meen dat daar genoegsame grond bestaan om te aanvaar dat die autilectie van die manlike en vroulike organe in sommige gevalle ingestel is as 'n offer om die stangod te paai. Hy gee toe dat verninkings soms as 'n straf toegedien word, maar tesame daarmee, en onafhanklik daarvan, word ook die offer-ritus aangetref. Volgens Scott, het Fruson in sy ondersoek na besnydenis gevind dat daar aanduidings is dat dieselfde effek toegeskryf

kan/..... 242.

- 
- (1) Crawley, S. (1932), bl. 121.  
(2) Ellis, A.B. (1999), bl. 43.  
(3) Scott, G. Ryley (1950), bl. 129.

kan word aan die bloed van besnydenis as aan die bloed van 'n offer. Hy skryf verder: "The rite of circumcision, in its inception at any rate may be looked upon as an offering by the male worshipper of a part of his most prized possession."<sup>(1)</sup> Hy gee toe dat, hoewel die voorgestelde higiëniese oorsprong van besnydenis op twyfelagtige grond berus, dit tog woontlik is dat in sommige gevalle, bv. phimosis, waar die aanwesigheid van die voorhuid delemaerend inwerk op die normale funksionering van die orgaan, dit aanleiding kan gee tot die vereyfering daarvan. Hy sien verder 'n falliese oorsprong in die vroulike ritusse wat parallel met die manlike besnydenis aangetref word.

Crawley brei nog verder op sy teorie uit as hy verklaar: "Circumcision and artificial hymen perforation thus originated in the intention both to obviate hylo-idealistic danger resulting from apparent closure, and to remove a separable part of a taboo organ .....

This removal also explains the practice of excision."<sup>(2)</sup>

Die veiligheid van die individu kan hier ter sprake, want die kontak met die ander geslag is gevaarlik. Dit met die oog op hierdie gevaar dat daar 'n teken aangebring word om die gevaar af te lei soos deur 'n weerligafleier.

Piddington<sup>(3)</sup> verskaf die volgende verklaring: "

The wide-spread occurrence of circumcision in areas as

widely/.... 243

---

(1) Scott, J. Ryley (1959), bl. 129.

(2) Crawley, E. (1932), bl. 121.

(3) Piddington, Ralph (1950), bl. 177.

widely separated as East Africa and Australia probably depends upon the fact that, since it modifies the shape of the male genitalia, it is one which is particularly well suited to mark off the initiate both from women and from uninitiated boys. But this explanation must not be pressed too far. Circumcision is merely one of the ordeals of initiation which vary widely from one community to another."

Wat die Khoisaniese groep van Suidelike Afrika aanbetref word daar ook melding gemaak van verskillende vorme van nutilering, die vernameste waarvan die aftap van die pinkie, wat volgens Schapera <sup>(1)</sup> een of ander magiese betekenis het. Volgens hom is die nees algemene verainkingaritus egter die aanbring van littekens, wat by seuns sowel as meisies aangebring word tydens puberteits- seremonies. By die vroue is die motief hoofsaaklik versiering, maar by die mans hou dit ook verband met die jag.

By die oostelike Kaliharie-Boesmans het Dornan <sup>(2)</sup> gevind dat besnydenis, sowel as die ooreenkomstige operasie op meisies algemeen voorkom. Hy meen dat hierdie gebruike nie aan die Boesmans is en dat die naburige Bantoesempe dit van die Boesmans oorgeneem het. Schapera is egter van mening dat die teensorgestelde gebeur het, naamlik dat die besnydenisrites deur die Hiechware-

Boesmans/... 244.

---

(1) Schapera, I. (1930), bl. 70.  
(2) Volgens Schapera, bl. 71.

Boesmans van die naburige Hottentotiese oorgeneem is.

Wat die Hottentotte aandoet, is die besnydenis, volgens laasgenoemde skrywer, by albei geolagte feitlik onbekend, terwyl die aanbring van snye en die afny van die pinkie algemeen aangetref word. In laasgenoemde geval skyn die motief een van magiese beskerming te wees.

By die Bapedi het Harries<sup>(1)</sup> gevind dat daar op 'n volwasse manlike Bapedi met minagting neergesien word as hy nie besny is nie. Hy mag ook nie omgang hê met vroue nie. Die feit dat 'n aborsie bewerk word as daar deur 'n onbesnedenes bevrugting plaasgevind het dui daarop dat sy onbesnedenheid hom onbekwaam maak om 'n normale nageslag te hê.

Dis nie altyd duidelik wat met die voorhuid gedoen word nadat dit verwyder is nie. Spencer<sup>(2)</sup> berig van die Australiese inboorlinge dat daar 'n hele seremonie t.o.v. die verwyderde voorhuid uitgevoer word. Dit word eers in 'n ekkie geplaas en dan aan die vader van die infasient oorhandig wat dit halveer en een deel aan die seun gee. Wanneer i.g. van sy wonde herstel het gee hy sy helfte weer aan sy vader terug wat die twee gedeeltes, wat nou bekend is as tuun, saam begrawe. Enigiemand wat sou probeer om dit uit te grave, sal deur die vader doodgemaak word.

In die lig van die voorsigande skyn dit asof die verwyderde voorhuid 'n spesiale funksie van beveiliging

vervul/... 245.

---

(1) Harries, C.L. (1929), bl. 64.

(2) Spencer, Baldwin (1914), bl. 162.

vervul ten opsigte van die seun wat die besnydenis ondergaan het.

n Duidelike verband tussen besnydenis en die vrugbaarheidsgedagte word gevind by die Woloffe wat die verwyderde voorhuid as n amulet dra om hulle sterk te maak in voortplanting. Crawley<sup>(1)</sup> voeg daarby: "Here may be mentioned a common case of primitive argument from analogy, the idea namely, that any object resembling a part of the body, may possess the virtues of such part."

Hierdie verklaring van Crawley kan ewe goed van toepassing gemaak word op falliese klippe, wat vanweë hulle vorm, veronderstel is om deur die ritueel die vrugbaarheid te bewerk. In die lig hiervan kan ook begryp word waarom dit nodig is om die falliese klippe met soveel sorg en noukeurigheid af te werk. Dit verkry die eienskappe van die orgaan wat dit verteenwoordig.

Freud<sup>(2)</sup> huldig die teorie dat alle menslike wesens neigings van tweeslagtigheid openbaar, en hy praat dan ook van wat hy noem die biologiese feit van dubbelslagtigheid. Bettelheim<sup>(3)</sup> dui aan dat die oorsprong van sommige rites, bv. besnydenis, geleë kan wees in hierdie biologiese feit. Hy stem egter nie saam met Freud dat besnydenis n substituent vir kastrasie is en as sulke gekoppel moet word aan die Oedipus kompleks nie.

Dit is waar dat sommige van die inisiasie ritusse baie duidelik die dubbelslagtige neiging openbaar.

Die/..... 246.

- 
- (1) Crawley, E. (1932), bl. 98 (Ons kursiveer)  
(2) Bettelheim (1955), bl. 17.  
(3) Ibid. (1955), bl. 17.

Die seremonies is in baie gevalle so ontwerp om mans soveel as moontlik soos vroue te maak. Daarteenoor word van vroue in die seremonies dikwels verwag om die rol van 'n man te speel. Gluckman<sup>(1)</sup> skryf van die Zulu: "Yet there formerly occurred a reversal ceremony at which women dressed like men, carried weapons, drove the cattle to the pasture and milked them."

Dit kan dus wees dat die seremonies o.a. ten doel het om ten minste tydelik die neiging te bevredig wat in teenstelling is met die geslagtelike rol wat die persoon daarna finaal moet aanvaar. Honigmann<sup>(2)</sup> druk die doel daarvan in die volgende frase uit: "... performing these normally taboed actions as a reward and a release."

Bettelheim<sup>(3)</sup> meen ook dat in die lig van die feit dat inisiasie eintlik 'n weergeboorte van die inisiant is, en hy hierdie nuwe lewe eintlik aan sy vader te danke het, bogenoemde vertolk kan word as afguns by die man op die vrou se vermoë om kinders voort te bring. Hy sou dan deur 'n operasie soos onderspleting die geslagsapparaat probeer verkry wat die indruk moet skep dat hy ook instaat is om kinders te kan voortbring.

Hierdie gedagte is nie so vergesog nie as dit in verband gebring word met 'n ander onverklaarbare verskynsel, nl. die *couvade*-gebruik.<sup>(4)</sup> Hier probeer die man ook die

rol/..... 247.

- 
- (1) Aangehaal deur Honigmann John J. (1959), bl. 517.  
(2) Honigmann John J. (1959), bl. 517.  
(3) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 110.  
(4) Dawson, Warren R. (1929), (*Couvade* = manlike kraambed).

rol van die vrou vul en gee voor dat hy 'n werklike sandoel in die geboorte van die kind het en selfs fisiese pyn as gevolg daarvan verduur.

Dit kom in die mees tipiese gevalle daarop neer dat die man tydens sy vrou se bevalling ook 'n kraambed ondervind waar hy met steune en kreune sy sandoel in die geboorte dramatiseer. Hy trek soms ook sy vrou se klere aan, hou aan 'n spesiale dieët en ontvang uiteindelik die kind in die bed waar hy op die gelukwensing en geskonke van sy vriende wag. Terwyl hierdie veinsing aan die gang is gaan die vrou in die reël voert met haar werk asof daar niks gebeur het nie. (1)

'n Saak wat weereens ten nouste met hierdie klas van rites saamhang is die bewustheid al dan nie van biologiese vaderskap. Dit bekend dat baie van die mees primitiewe gemeenskappe nie oor hierdie kennis beskik nie (2), terwyl ander, meer gevordere gemeenskappe, bv. die Negeroïde volke van Afrika wel oor sodanige kennis beskik. Briffault (3) maak ten opsigte van hierdie twee groepe die volgende betekenisvolle aanmerking: "Although magic-religious obscenity is prevalent in lower cultures, phallic symbolism is characteristic of the more advanced cultural phases."

Ons vind dus dat in die een geval, waar die betrokke kennis van die biologiese feite ontbreek, is die seksorgane, soos deur die natuur voorsien, nie goed genoeg nie - dit moet gemanipuleer en geopereer word om dit aanneemlik te maak.

By/..... 248.

- 
- (1) Dawson, Warren R. (1929), bl. 1.  
(2) Sien Malinowski, Bronislaw, (1953), bl. 71.  
(3) Aangehaal deur Bettelheim (1955), bl. 118 (uit Encyc. of Soc. Sc. vi : 192.)



Hy die ander gemeenskap wat die feite van biologiese vaderskap ontdek het kan die manlike orgaan nie genoeg bewonder en vereer word nie; sodat Bettelheim<sup>(1)</sup> die volgende opmerking in die verband maak: "Counter-reactive over-evaluation is thus seen in the phallic religions."

Elliot-Smith<sup>(2)</sup> het n ander teorie i.v.m. besnydenis. Hy meen dat aangesien die verlies van bloed bewusteloosheid of n skynslaap kan meebring wat kan oergaan in die dood, die primitiewe mens redeneer het dat bloed die hoofbestanddeel van lewe is. Daarom sou dit vir hulle n redelike afleiding wees dat deur die offer van werklike bloed, soos enige aan hulleself, die afkap van n vinger, perforasie van die ore, lippe of tong, of deur n operasie soos besnydenis, die voortbestaan van die sieke of die dooie verleng kan word.

Die vroegste opvatting van n god, volgens bogemelde skrywer, was n voortreflike menslike wese wat gesterf het, en alleen deur bloedoffers van sterflike mense tot n staat van onsterflikheid teruggebring kan word. Hy ontken beslis dat hierdie "bloedoffers" n vorm van aanbidding is, en verklaar dat dit met die uitdruklike doel gebring word om die gestorwe god van vitaliteit te voorsien. Die onderliggende gedagte is dat n sterflike mens deur sy eie offer die god kan terugbring tot sy goddelike lewe, in ruil waarvoor dan bonatuurlike hulp en beskerming vir die gemeenskap verkry word. In

hierdie/..... 249.

---

(1) Ibid. bl. 118.

(2) Elliot-Smith, G. (1930), bl. 29.

hierdie verband plaas Elliot-Smith dan die besnydenis.

Die vraag ontstaan nou of die besnydenis 'n instelling van sosiale, fisiologiese of religieuse aard is, en of dit 'n sulke verband kan hê met fallisisme.

Arnold van Gennep<sup>(1)</sup> konstateer dat die onderdore waarop besnydenis toegevoeg word in sigself 'n sosiale belang is dat dit 'n deel van sosiale, en nie fisiologiese belang is nie. By baie volke word die operasie met groot tussensgeses uitgevoer, afhangelend van die aantal kandidate. Dit kan elke twee, drie, vier of vyf jaar plaasvind sodat kinders in verskillende stadia van seksuele ontwikkeling saam besny kan word. By die een of ander plek in dieselfde strek en by dieselfde samestellingse tipe soms aanmerklike verskille gevind word. In Marokko is die volgende onderdore vir besnydenis op die ooreenkomstige plekke aangeteken:<sup>(2)</sup> In Dakalla vanaf sewe dae tot dertien jaar; by die Rahuma van twee tot vyf jaar; in Fes tussen twee en tien jaar; in Tangiers op agt jaar; by Djebala van vyf tot tien jaar en by Hageder van twee tot vier jaar. So die dieselfde ritus in die een geval die begin van die kindesdae aan en in 'n ander die begin van adolevensie, maar dit hou geen verband met puberteit nie.

Van Gennep wys verder daarop dat besnydenis nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar alleenlik in 'n kategorie van gebruike wat in dieselfde orde val en waarby deur afson, spleting of nutilering van 'n deel van die liggaam die persoonlikheid van die individu

werkbaar/..... 250.

---

(1) Van Gennep, Arnold (1960), bl. 70.

(2) Van Gennep, Arnold (1960), bl. 70.

merkbaar verander word. Hy sien dit egter nie as 'n reinigingsritus of 'n middel om die aandag van die vroulike geslag te trek nie.

Die afsny van die voorhuis word deur hom in dieselfde lig gesien as die trek van 'n tand (in Australië), die afsny van 'n pinkie (in Suid-Afrika) die sny of perforasie van die oorlel, tatoëring of die aanbring van luttokens. Al hierdie gebruike sien hy as mutillariëgeritusse wat die betrokke individu van die gewone massa afkeel en hom inkerporeer in 'n bepaalde groep. Aangesien die operasie onuitwisbare merke nalaat is die inlywing permanent.

Dit is duidelik dat van Gennep geen verband sien tussen besnydenis en voortplanting nie, - en gevolglik ook nie met die falliese kultus nie.

Hy motiveer sy standpunt as volg: (1)

- (i) Omdat die ouerdom waarop besnydenis plaasvind wissel van die sewende dag tot die twintigste jaar.
- (ii) Omdat dit beoefen word aan net ander operasies aan die seksorgane deur mense wat onbewus is van die biologiese basis van voortplanting.
- (iii) Omdat besnydenis sal neig om die normale geslagtelike omgang te belemmer eerder as te bevorder.

Vorder sreek van Gennep die volgende gedagte uit:

"Actually semi-civilized peoples do not look that far; they cut that organs which, like the nose or the ear, attract the eye because they project and which can, because of their histological constitution undergo all sorts of treatment without harming an individuals life or activity." (2)

In/..... 251

---

(1) Van Gennep, Arnold (1960), bl. 72.  
(2) Ibid. bl. 73.

In sy teorie van skeidingsritusse sien hy die voorgemelde liggaamsutilasies as 'n proses van kollektiewe differensiasie, wat bedoel is om naburige groepe van mekaar te onderskei. Om die verspreiding van sulke gebruike na te spoor sal uit die aard van die saak baie moeilik wees omdat diffusie in die gewone sin nie sal plaasvind nie, aangesien die gebruik juis bedoel is om groepe van mekaar te onderskei.

Opsommend kan ons nou sê dat verskillende skrywers besnydenis en verwante mutilasies as volg sien:

- (a) Dis 'n godedienstig-higiëniese praktyk<sup>(1)</sup>.
- (b) Dit word gedoen om die bosa invloed af te weer, en die welsyn van die res te verseker.<sup>(2)</sup>
- (c) Dit word as 'n offer aan die staagod gebring<sup>(3)</sup>.
- (d) Dis 'n substitoot vir kastrasie<sup>(4)</sup>.
- (e) Dit spruit uit die dubbelslagtige neigings by die mens<sup>(5)</sup>.
- (f) Dis 'n bloedooffer om die gestorwe god onsterflik te maak<sup>(6)</sup>.
- (g) Dis 'n toets wat die inisiante moet deurgaen<sup>(7)</sup>.
- (h) As 'n skeidingsritus is dit 'n teken van permanente differensiasie<sup>(8)</sup>.
- (i) Dit het saam met vroulike besnydenis verband met die falliese kultus<sup>(9)</sup>.

Waar/..... 252.

- 
- (1) Rosenbaum, Julius (1955).
  - (2) Ellis, Sir A.B., aangehaal deur Crawley (1932).
  - (3) Scott, G. Ryley (1950).
  - (4) Freud, aangehaal deur Bettelheim (1955).
  - (5) Bettelheim, Bruno (1955).
  - (6) Elliot-Smith, G. (1930).
  - (7) Piddington, Ralph (1960).
  - (8) Van Gennep, Arnold (1960).
  - (9) Scott, G. Ryley (1950).

Waar kinderbesnydenis in gebruik is, soos die gevalle aangehaal van Marokko, vorm dit nie deel van die inisiationsceremonie nie, maar in die meeste gevalle, soos by die Suid-Afrikaanse Bantoe en die Australiese inboorlinge, vorm dit 'n integrale deel van die inisiationsceremonie.

Daar is tevens ver wys na die verklaring van Driffault<sup>(1)</sup> dat magies-religieuse obseniteit kenmerkend is van die laer kulture, terwyl falliese simbolisme in die meer gevorderde kulturele fases aangetref word. Daaruit kan afgelei word dat alleen die volke wat die feite van biologiese reproduksie ken in die tweede groep sal val, in welke geval die besnydenisritus in 'n falliese simboliek en vrugbaarheidsritueel betrokke mag wees.

Vir die obsene rites van die laer kulture moet dan 'n ander verklaring gesoek word waarby die genetiese fisiologiese kennis nie 'n rol speel nie. Die oplossing skyn in die magiese geleë te wees en veral in Crawley<sup>(2)</sup> se verklaring oor die gevare verbonde aan kontak tussen die geslagte.

Van Gennep<sup>(3)</sup> is te reg dat dit ook 'n teken van differensiasie is, bv. in die geval van die Israëliete is dit 'n teken wat kulle van die ontbesnedenes onderskei. Piddington<sup>(4)</sup> praat ook van 'n teken of 'n merk. Sinter berig van die besnydenisceremonie van die Hapodi, wat

ly/..... 253.

- 
- (1) Aangehaal deur Böttelheim bl. 118.  
(2) Crawley, Z. (1932).  
(3) Van Gennep, Arnold (1969).  
(4) Piddington, Ralph (1960).

wat hy eintlik as 'n falliese kultus beskou, dat die teken van die besnydenis belangrik is, soos blyk uit die volgende aanhaling: "When all is over they are told the old formula ..... meaning: 'all chiefs and all men of all times have been marked by this mark'. "(1)

By die sogenaamde "laer kulture" is die besnydenis en die seremonies by die uitvoering daarvan beslis op die magiese vlak geleë. By die "hoër kulture" vorm besnydenis deel van 'n kompleks samestelling van ritusse, waarby ingesluit is: inisiasie, besnydenis, reën, falliese en vrugbaarheidsritusse. Die onderliggende beginsel van al hierdie rituele handeling is die vrugbaarheidsgedagte wat spruit uit die mens se basiese drange na beveiliging, selfbehoud en voortplanting.

### C. FALLISISME EN DIE VRUGBAARHEIDSRITUEEL.

Walton Goldschmidt<sup>(2)</sup> het 'n belangrike stelling gemaak in die volgende woorde: "Religious attitudes and ritual behaviour reflect some of the pressures of everyday life in the group. Where life is dangerous there will be protective magic; where draughts are recurrent, there will be rain magic; where crops are crucial there will be fertility rites."

Diesselfde skrywer vind ook getuienis dat godsdienslike opvattinge varieer met die ekonomiese lewe van die groep. So is mense wat van die jag en versamelbedryf lewe geneig tot die beoefening van shamanisme, terwyl mense wat die boerdery beoefen gewoonlik 'n uitvoerige vrugbaar-

heidsritueel/..... 254.

---

(1) Winter Joh. (1913), bl. 133 (Oms kursiveer).

(2) Goldschmidt, Walter (1960), bl. 481.

heidsritueel in stand hou vir beide die gesaaldes en die mense en die twee is dikwels identies<sup>(1)</sup>.

In boetsande aanhaling word daar nie onderskei tussen godsdiens en toewery nie. Om te kan vasstel wat die verband is tussen fallisisme en die vrugbaarheidsritueel moet eerstens vasgestel word of hierdie ritus op die religieuse of die magiese terrein geleë is.

Die term "magies-religieuse" het 'n algemene gebruik verkry deur mense wat nie onderskei tussen hierdie twee begrippe nie. Tylor se definisie van godsdiens as "the belief in spiritual beings"<sup>(2)</sup> sal vanselfsprekend meer insluit as wat onder godsdiens verklaar kan word.

Schmidt<sup>(3)</sup> kom egter met 'n meer volledige definisie wanneer hy aandui dat godsdiens beide subjektief en objektief gedefinieer kan word. Subjektief is dit die kennis en bewusheid van afhanklikheid van een of meer transcendentale persoonlike kragte waartoe die mens in 'n wederkerige verhouding staan. Objektief is dit die som van die uitwaartse handeling wat dit uitgedruk word, soos gebede, offerande, liturgie, sakramente en etiese voorskrifte.

Teenoor die persoonlike bonatuurlike kragte stel Schmidt ook die onpersoonlike bonatuurlike kragte, maar omdat die mens nie met sulke kragte in 'n wederkerige verhouding kan geraak nie, aangesien hulle nie van hulle kant kan antwoord nie, beskou hy dit nie as 'n godsdiens nie, maar as 'n filosofie.

De Villiers/.... 255.

- 
- (1) Ibid. bl. 481.  
(2) Tylor, Sir E.B. (1958), bl. 8.  
(3) Schmidt, W. (1935), bl. 2.

De Villiers en Coertze<sup>(1)</sup> sluit persoonlike en onpersoonlike supernaturalisme albei onder godsdiens in, d.w.s. towery is ook godsdiens. Ondersteuning vir hierdie teorie word gevind in Goldenweiser<sup>(2)</sup> wat godsdiens en towery saam groepeer omdat in beide gevalle die atmosfeer met emosie belaaï is. Daar is egter ook diepgaande verskille sodat laasgenoemde skrywer opmerk: "When we say that magic may not be excluded from religion, this should not imply that it may not also be differentiated from religion."<sup>(2)</sup> Hy onderskei dan ook die godedienstig toegewyde met sy gebede en offers van die toewenaar met sy pogings tot kontrole deur sekere handelingen uit te voer met die verwagting dat n bepaalde resultaat sal volg. Die verskil lê dus hoofsaaklik in die oriëntasie van die wil. Goldenweiser vat dit as volg saam: "In the first case (religion) there is submission or dependence, in the second (magic), self-determination and control."<sup>(3)</sup>

Malinowski<sup>(4)</sup> verklaar dat elke godsdiens, hoe eenvoudig ook al, sekere voorskrifte bevat vir n goeie lewe, m.a.w. sonder uitsondering voorsien godsdiens sy volgelinge van n etiese sisteem. In sy verdere ontleding skryf hy: "Every religion, primitive or developed, presents then three main aspects, dogmatic, ritual and ethical ..... In his dogmatic system, man affirms that Providence or spirits or/..... 257.

- 
- (1) de Villiers en Coertze in P.J. Coertze (1960), bl. 182.  
(2) Goldenweiser, A. (1945), bl. 217.  
(3) Ibid. bl. 218.  
(4) Malinowski, Bronislaw; (1963), bl. 299.



spirits or supernatural powers exist. In his religious ritual he worships these entities and enters into relations with them for revelation implies that such a relation is possible and necessary."<sup>(1)</sup> Hierdie feit van 'n wederkerige verhouding wat gegrond is op openbaring (die wyse waarop die bonatuurlike krag antwoord), word oor die hoof gesien deur die voorstanders van die wyer definisie wat toewery onder godsdiens insluit.

Robert Redfield skryf: "Religion has been briefly defined as the adoration of goodness."<sup>(2)</sup> Hy wys egter daarop in teenstelling met Malinowski, dat sommige godsdiensdienste nie noodwendig van die aanhangers 'n goeie lewe verwag nie, maar dis die verhouding tussen die aanbieder en sy god wat van belang is. Hoewel die bonatuurlike krag, volgens hom gewoonlik as 'n persoonlike wese genader word, is Redfield van mening dat 'n godsdiens steeds 'n godsdiens bly nieteenstaande die feit dat dit nie 'n god of gode as middelpunt het nie. Met hierdie opvatting kan ons nie saamstem nie, want godsdiens impliseer tog immers dat daar 'n bonatuurlike krag of kragte betrokke sal wees.

Sir James Frazer<sup>(3)</sup> wys daarop dat toewery, gebaseer op die mens se vertroue dat hy die natuurkragte direk kan domineer as hy die magiese wette ken wat dit reguleer, verwant is aan die wetenskap. Geloof of godsdiens, darenteen, is 'n belydenis van die mens se onvermoë in sekere sake en doen hy in sy hulpeloosheid 'n beroep op hoër

wesens/..... 258.

- 
- (1) Malinowski, Bronislaw, (1963) bl. 299.  
(2) Redfield, Robert, in Goldschmidt (1960), bl. 649.  
(3) Frazer, Sir James, aangehaal deur Goldschmidt (1960), bl. 484.

wesens of geeste om die nodige inisiatief in die saak te neem.

In die ritueel, wat die uiterlike manifestasie van die geloof is, gebeur dit dikwels dat daar oervleueling van die twee begrippe is. Dit is dus moeilik om op grond van 'n bepaalde rituele handeling te onderskei tussen godsdiens en toewery. Wat die primitiewe mens in hierdie verband weet en glo is dat deur sekere handelingen uit te voer hy sekere noodwendige reaksies kan verwag.

Frazer<sup>(1)</sup> sluit die kultus van plantegroei en vrugbaarheid in onder die godsdiens, en hy wys op 'n groot verskeidenheid van rituele praktyke wat daarop bereken is om die vrugbaarheidswerking van die lug, die aarde, die son en die reën te stimuleer en te kontroleer. Die vraag wat hom nou voordoer is of die mens deur hierdie ritusse besig is om deur offer en smeking, in sy hulpeloosheid, 'n beroep te doen op 'n hoër mag, wat die elemente beheer, om dit tot sy voordeel te reguleer, en of hy deur die aanwending van 'n magiese formule trag om self die natuurkragte tot sy voordeel in te span en in sy guns te manipuleer. Hy glo in l.g. geval nie in die goedgesindheid van 'n oppermagtige krag nie, maar in sy eie vermoëns, in sy onfeilbare formule en die kragtige middels wat hy aanwend.

Dit is egter duidelik dat die hele kompleks van ritusse ten opsigte van vrugbaarheid en groei, van die voortplanting en/..... 259.

---

(1) Ibid. bl. 486.

en voortbestaan van mens en dier te doen het met 'n onsigbare mag wat die hele situasie beheer. Die seremonies is dus nie towery nie, maar godsdiensstige ritueel.

Elliot-Smith<sup>(1)</sup> is van mening dat die woord "vrugbaarheid" so 'n obsessie geword het by die meeste skrywers oor argeologie en mitologie dat dit dikwels onvanpas en sinneloos gebruik word. So word daar stereotiep na die gode verwys as "gode en godinne van vrugbaarheid", in plaas van hulle ten regte as "gewers van lewe" te bestempel. Wat die mens najaag is lewe, en nie vrugbaarheid nie. Hoewel Elliot-Smith erken dat die gode belang het by die vrugbaarheid van gessaides en vee is dit alleenlik om lewensmiddele aan die mense te voorsien. Selfs die Siva van die Hindoes, die bul en ramgode van Egipte, Griekeland, Indië en elders, waarvan die simboliek gewoonlik uitgedruk word as vrugbaarheid of seksuele losbandigheid word deur bogenoemde skrywer in die eerste plek beskou as "gewers van lewe". Hy verklaar verder dat die instink van seks, selfs wanneer dit deur onderdrukking in die sosiale omstandighede van die beskawing die normale grense van sy funksie oorskrei, nooit dieselfde rol kan speel as die fundamentele en voortdurend aktiewe instink van selfbehoud nie.

Daar kan met die voorafgaande bewering saamgestem word dat die gode eintlik "gewers van lewe" is. Maar die praktiese implikasie is dat die lewe juis moontlik word as gevolg van vrugbaarheid wat die basis van alle aardse lewe vorm. Uit die vrugbaarheidskultus vir die

plantegroei/... 260

---

(1) Elliot-Smith, G. (1930), bl. 34.

plantegroei word verwag dat die nuwe lewe sal spruit wat voedsel en lewe aan mens en dier verskaf. Deur die vrugbaarheidsritueel vir mens en diere kom nie alleen die nuwe lewe te voorskyn nie, maar vermenigvuldig die lewe ook. Daarom is dit nie vreemd dat die mens in sy "dieper drang na selfbehoud" soos Elliot-Smith dit stel, eintlik gedurig aktief is in die eerste plek in n soek na vrugbaarheid, om lewensmiddele, en in die tweede plek om mensemateriaal om die uitgestorwenes te vervang. Dit is die essensie van selfbehoud.

Belangstelling in vrugbaarheid beide vir die mens, die diere en plante waarvan hy van sy voedsel afhanklik is, onderlê baie van die ritusse by die primitiewe mense. Bettelheim praat dan ook van "fertility the basic cult".<sup>(1)</sup> Aangesien die skriflose volke oor geen rasionele metodes beskik het ter handhawing van vrugbaarheid by plante en diere nie, moes hulle staatmaak op magiese en religieuse praktyke om die vrugbaarheid te kontroleer. n Voorbeeld hiervan is die Australiese inboorlinge wat hulle veral op die magiese toelê in die aanwasritusse.

Die intieme verband tussen die seksuele lewe van mense en die reëlmatige orde van die natuur t.o.v. reën en vrugbaarheid word ook deur Krige bevestig in die volgende woorde: "It is clear that here the fertility and sexual functions of human beings, and the rain, so essential for the fertility of the fields, are thought to be so closely connected that irregularities in the one easily affect the other."<sup>(2)</sup>

Net/..... 261.

---

(1) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 144.

(2) Krige, E.J. (1956), bl. 108.

Net soos by die lewende skriflose volke die drang na vrugbaarheid aanwesig is, kan dit ook veronderstel word, die geval by die prehistoriese mens te gewees het. Nie alleen was die religieuse gebruike gerig op 'n voldoende aantal diere en mense nie, maar die vraag het hoo, volgens Bettelheim<sup>(1)</sup> ook dringend voorgedoen of dit 'n manlike of vroulike funksie is om die vrugbaarheid te verkry.

Ons sou die bewering kon maak dat die ritueel van die jagtersvolke uit die aard van die saak manlik sou wees, en dat die vroulike element daarin met die ontdekking van die landbou bygekom het. Daar is volgens Bettelheim, afdoende getuenis dat met die ontwikkeling van die landbou, vroue 'n al belangriker rol in die vrugbaarheidseremonies begin speel het. Dieselfde skrywer verklaar: "It was believed that the livelihood of the tribes depended on women and on the rites they performed; without these, crops would not grow."<sup>(2)</sup>

Bettelheim<sup>(3)</sup> wys verder daareop dat met die jongste vertalke van rotskuns al meer bewys gevind word dat die prehistoriese mens nie alleen diere vir die jag in sy ritueel getoor het nie, maar in werklikheid ook pogings aangewend het om hulle getalle te vermeerder. Sommige van die jagtonele in die rotskuns word nou met 'n nuwe interpretasie benader. Raphael<sup>(4)</sup> toon aan dat behalwe die magie/..... 262.

---

(1) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 144.

(2) Ibid. bl. 144.

(3) Ibid. bl. 145.

(4) Volgens Bettelheim bl. 145. Sien ook Childs (1950) bl. 40-

die magie van die jag daar ook die magie van vrugbaarheid was. Hy het bv. sekere tonele uitgewys wat gewoonlik as superimposisies van een dier bo-oor 'n ander beskou was, wat hy nou verklaar as swanger diere.

Met argeologiese navorsing in Suid-Oos Europa, Noord Afrika en Wes Asië is beryste gevind dat saam met die demestiliasie van diere daar gepaard gegaan het die kultus van die "aestergodin".<sup>(1)</sup> Die kultus word in die argeologie verteenwoordig deur klein regop vroue-beeldjies van mammoet-ivoor of klip, met 'n klein vormlose kop, 'n amplice wat oor die groot borsste 16, groot heupe en bene wat uitloop op ontbennilige klein voetjies. Lissner<sup>(2)</sup> wys daarop dat die ekerppuntige beentjies van hierdie sg. Venus-figure bedoel kan wesen om die beeldjies in die grond te druk sodat dit regop kan staan. Hy verklaar verder dat moderne skrywers, eenstemmig is oor die feit dat hierdie beeldjies nie vir erotiese doeleindes vervaardig is nie en nog minder vir 'n artistieke doel. Die beeldjies het ongetwyfeld godsdiensetige betekenis. Betekenisvol is die volgende verklaring deur hom: "The reason why the statuettes were almost always of women may be that they were intended to symbolize fertility, for many of them display very pronounced signs of pregnancy. It may be assumed therefore that the statuettes from the Grimaldi cave were associated with some form of fertility/..... 263

---

(1) Hien Bettelheim, Bruno (1955), bl. 149, Davison, Dorothy (1932), bl. 66.

(2) Lissner, Ivar (1961), bl. 207.

fertility cult.<sup>(1)</sup>

Mongait<sup>(2)</sup> wys daarop dat sommige skole die voorkoms van die vroue-beeldjies in die Bo-paleolitikum verbind aan die verandering na die sibbe-stelsel en die s.g. matriargaat waarin die vroue die hoof outoriteite was. Van die beeldjies wat by Kostenki in Rusland gevind is skryf hy: "The usual representation is of a definite type of stout, stocky women with great sagging breasts and a big belly. Scholars believe that the deliberately exaggerated form symbolized fertility and prosperity."<sup>(3)</sup>

Childe<sup>(4)</sup> maak ook melding van die Venusfigure by die Gravettianers en bring dit veral in verband met n vrugbaarheidritus, ook t.o.v. die wild. "They were surely used in some sort of fertility ritual to ensure the multiplication of game ..... In any case they must mean that the Gravettians grasped the generative function of women and sought magically to extend it to the animals and plants that nourished them."

Die Aurignakiërs<sup>(5)</sup> van Oos-Europa wat 40,000 - 50,000 jaar gelede, hierdie beeldjies vervaardig het was dus reeds bekommerd oor menslike vrugbaarheid, maar omdat biologiese vaderskap aan hulle onbekend was, vind hulle strewe uitdrukking in die vrouefiguurtjies, waarvan die bekende "Venus van Willendorf"<sup>(6)</sup> as n tipiese voorbeeld voorgehou kan word. Parallel hiermee is die rotsskilderye wat verband hou met die vrugbaarheid en vermenigvuldiging van die diere.

Uit/..... 264.

- 
- (1) Lissner, Ivar (1961), bl. 207.  
(2) Mongait, Alexander (1959), bl. 80.  
(3) Ibid. bl. 81.  
(4) Childe, Gordon (1950), bl. 40.  
(5) Lissner, Ivar (1961), bl. 207.  
(6) Fleure, H.J. (Universal History of the World), bl. 198.

Uit die voorafgaande sien ons dus dat die prehistoriese mens alreeds pogings aangewend het om vrugbaarheid by diere te stimuleer, soos in die rotskilderye aangedui. Vrugbaarheid by die mens vind, na aanleiding van die geloof in die ontvangenis deur geeste, uitdrukking in die venus figure. Met die ontdekking van landbou kom daar egter n baie belangrike aspek by nl. die groeikrag en vrugbaarheid van die graan. Waar die primitiewe mens van aangesig tot aangesig te staan kom voor die feit van sy graan wat wegkwyn deur die droogte, span hy die lug, die son en die reën saam in n kultus om die groeikrag van die graan te stimuleer.

Met die inner-konstante vrugbaarheid van die vroue kom dit daartoe dat hulle n belangrike rol speel in die vrugbaarheidskultus vir die graan en die beoefening van landbou in die algemeen.

n Verdere ontwikkeling van die vrugbaarheidskultus vind uitdrukking deur die fallisisme wat veral in die Brons tydperk in Europa baie wyd versprei het.<sup>(1)</sup> Hoewel verskillende skrywers hulle eie teorie oor die oorsprong van fallisisme het, is dit meestal op mites gegrond wat eintlik neerkom op die onderskeie volke se eie verklaring van n geheimsinnige verskynsel onder hulleself.

Die een gebeurtenis wat vroeër of later moes plaasvind, nl. die ontdekking van die vader se rol as progenitor moes die primitiewe gemeenskap tot in sy fundamente geskud het. Vir eeue lank was dit aanvaar dat bevrugting deur die gode/..... 265

---

(1) Childe, V. Gordon, (1951) bl. 65, 100, 126.



gode bewerk word en toe ineens staan die mens voor die ontzettende feit dat hyself daardie god is. Die gevolge is maklik te voorspel: nl. falliese verering wat aansluit by die rees bestaande vrugbaarheidskultus.

Die vraag doen hom voor of daar moontlik 'n verband is tussen die gebruik van die vroulike simbool en matriergale groepe of tussen die aanwending van die manlike simbool in die vrugbaarheidskultus en patriergale gemeenskappe.

Geen sodanige verband kon egter gevind word nie. Intendeel is gevind dat die neiging bestaan om beide simbole in kombinasie te gebruik vir universele vrugbaarheid, tot so 'n mate dat die geslagsverskille uitgebrei word tot die elemente in die vorm van 'n vader-son, moeder-aarde ens. Ons vind ook manlike en vroulike klippe in die reënseremonies en manlike en vroulike stokkies vir die heer van vuur.

Die mate waarin die vrugbaarheidskonsep posgevat het as simbool van sukses ook op ander terreine blyk uit die vorm van 'n smeltoond wat in 1953 tydens die eeufoes van Balawayo vertoon is (1). Twee borste is nl. bekant die vuuropening van die oond aangeblyng (sien fig. 60).




Fig. 60. Smeltoond met vrugbaarheidsmotief.

...../265.

(1) Robinson, K.R. (1961), bl. 20.

## HOOPSTUK VI.

### GEVOLGTREKKINGS.

#### A. FALLISISME EN DIE BANTOE.

Uit die bestudeerde materiaal kon geen definitiewe verband van fallisisme met die Bantoe-kulture gevind word nie. Daar is egter heelwat skakels, in die literatuur sowel as die bestudeerde voorwerpe, wat dui op 'n oorblyfsel van die falliese kultus by die Bantoe.

Die volgende punte is van belang:

- (a) Winter<sup>(1)</sup> postuleer 'n falliese inslag by die beerydenisritueel van die Bapedi, en hy bestempel dit as 'n oorblyfsel.
- (b) Dart<sup>(2)</sup> beskryf falliese voorwerpe, t.w. koniese klippe en deurborede klippe soos waargeneem deur Hartnoll by die Wagogo in Tanganjika. In hierdie geval word ook aangedui dat die Wagogo slegs die voorwerpe gebruik maar dit nie self vervaardig nie. Die vervaardiging daarvan word toegeskryf aan vroeëre bewoners van die gebied wat beesboere was en groot damme gebou het. Hulle moes, volgens die informant, oor beter tegniese en implemente as die Wagogo beskik het, m.a.w. dit was 'n hoër ontwikkelde kultuur.
- (c) Die Bapedi gebruik volgens Dart<sup>(3)</sup> deurborede klippe in 'n vrugbaarheidsritueel vir diesaai van die graan sowel as vir die ingebruikneming van die eerste graan.
- (d) Walton<sup>(4)</sup> verbind 'n klipfallus, afkomstig van Likatlong, aan 'n Bantoe-inisiasieskool.

(e)/..... 267.

---

(1) Winter Joh. A. (1913), bl. 131.  
(2) Dart, R.A. (1932), bl. 731.  
(3) Dart, R.A. (1948), bl. 63.  
(4) Walton, James (1956), bl. 61.

(e) Richards<sup>(1)</sup> vind falliese voorwerpe by die inisiasie van die Bemba in Rhodesië.

(f) Dora-Earthy<sup>(2)</sup> beskryf die rituele voorwerpe wat by die geslagsonderrig tydens die Meisie-inisiasieskool van die Valenga in Portugees-Oos-Afrika gebruik word. Die voorwerpe, sowel as die ritueel self openbaar 'n falliese karakter.

(g) Die "Phiri", 'n koniese struktuur, wat buite die omheining van die Pedi-inisiasieskool opgerig word, kan volgens Harries<sup>(3)</sup> 'n falliese betekenis hê.

(h) 'n Falliese klip,<sup>(4)</sup> afkomstig van Potgietersrust, was volgens oorlewering gebruik in 'n stamskool vir meisies.

(i) Die beeskultus, wat aanvanklik verband gehad het met die falliese kultus het 'n baie sterk inslag op die Bantoe-kultuur, sodanig dat dit as die fokuspunt van die kultuur beskou kan word.

(j) Die reënseremonies wat deur sommige Suid-Afrikaanse Bantoeestamme uitgevoer word, dui op 'n vroeë kontak met die hele kompleks van vrugbaarheidsrites. Veral opvallend is die rol van die swart offerdier<sup>(5)</sup> nl. 'n bees, bok of skaap, wat geslag word. Tydens die nuwejaarsfees van die Zulu word 'n swart bul, sonder wapens gedood. Die seremonie sentreer om die koning wat op die punt staan om hom by die voorvadergeeste te voeg. Hy sterf dus

deur/..... 268.

- 
- (1) Richards, A. (1945), bl. 449  
(2) Dora-Earthy, E. (1925), bl. 103-114.  
(3) Harries, G.L. (1929), bl. 71-72.  
(4) Item nr. 48, bl. 107.  
(5) Sien Dart (1932), bl. 740 t.o.v. Wagogo, Seligman (1932) t.o.v. die Bari-stam, Schoeman (1935), bl. 173 t.o.v. die Swazi.

deur die swart bul simbolies saam met die oujaar.<sup>(1)</sup>  
Frazer<sup>(2)</sup> meen dat die koning vroeër werklik om die lewe gebring is. Hy skryf i.v.m. die dans van die koning in 'n mantel van gras en blare: "This custom seems clearly intended to promote the fertility of the earth, and in earlier times the same end may have been compassed by burning the king himself and dispersing his ashes."

(k) Van verskillende deurboorde klippe in Nyassaland wat deur die Bantoe seremonieel gebruik word skryf Van Riet Lowe<sup>(3)</sup> dat die funksie daarvan die verkryging van vrugbaarheid en reën is. Hy verklaar dat die klippe ook in hierdie geval, soos elders in Sentraal en Suidelike Afrika die geval is, slegs deur die Bantoe gebruik maar nie deur hulle vervaardig word nie. Die enigste geval wat bekend is dat deurboorde klippe wel deur die Bantoe gemaak word, is die Bapedi van Oos-Transvaal wat dit as 'n gewig op 'n houtpik gebruik. Selfs in hierdie geval, meen Van Riet-Lowe dat die Bantoe aanvanklik die nagelate klippe van hulle voorgangers gebruik het, totdat hulle mettertyd daarin geslaag het om dit te kopieer.

Opsommend kan gesê word dat, hoewel daar falliese elemente in die Bantoe-kultuur voorkom dit deur verskillende skrywers as oorblyfsels aangedui is. Dit kan die oorblyfsels van 'n vroeër florerende kultus in die eie kultuur/..... 269.

---

(1) Craven, D.H. (1935), bl. 21.

(2) Frazer, J.G. (1914), bl. 68.

(3) Van Riet Lowe, G. (1941), bl. 323-324.

kultuur wees, of die kwynende invloed van n ander kultuur waarmee die Bantoe op een of ander stadium in die verlede in noue kontak was.

B. FALLISISME EN DIE BOESMANS.

Daar is geen aanduiding in die literatuur dat die Boesmans die falliese kultus beoefen het nie. Ewemin is daar enige getuienis deur die bestudeerde materiaal dat die falliese klippe aan die kultuur van die Boesmans verbind kan word.

Wat die deurboorde klippe aanbetref, vind ons n ander toedrag van sake. Eerstens is hierdie klippe onder die leke-publiek bekend as Boesmanklippe, waarskynlik omdat dit dikwels in die besit van Boesmans gesien was. Verder dien daarop gelet te word dat nie alle deurboorde klippe rituele voorwerpe is nie. Dit is bekend dat die klippe ook in alledaagse gebruik aangewend is, bv. as gewigte vir graafstokke,<sup>(1)</sup> as gewig op n houtpik<sup>(2)</sup> of as knop vir n kierie. Sommige van die deurboorde klippe, veral dié wat gepoleer is, het egter n rituele funksie gehad.

As die Wilton kultuur en die Smithfield B- & C-kulture aan die Boesmans verbind word, soos algemeen die geval skyn te wees, kan daar n meer definitiewe verband met die deurboorde klippe aangedui word. n Paar falliese klippe<sup>(3)</sup> van Rustenberg en een vanaf Ricket's Road Drift is as/..... 270.

---

(1) Periquey, L. (1911), bl. 110.

(2) Van Riet Lowe, G. (194<sup>1</sup>), bl. 324.

(3) Sien items nr. 43, 45, 57 onder falliese klippe bls.

is as Smithfield B-voorwerpe gekatalogiseer. In een geval is n silindervormige spoelklip<sup>(1)</sup> gevind waar dit in die perforasie van n deurboorde klip vasgewig is. Hierdie saamgestelde voorwerp kom van n Smithfield/Wilton vindplek.

Wat die skerprand klipringe aanbetref kom die meeste voorbeelde van Smithfield vindplekke, waar dit hoofsaaklik in fragmente aangetref word wat dikwels in werktuie omskep is. Die indruk word geskep dat die draers van hierdie kulture die ringe opgetel en vir hul eie doel gebruik het, soos ook die geval is met baie van die kort koniese klippe.

n Klipring<sup>(2)</sup> afkomstig van Dwaal, Hanover, is op n Smithfield B-vindplek gevind, vanwaar ook n punt van n falliese klip afkomstig is. Beide voorwerpe toon tekens van hergebruik. Nog n klipring<sup>(3)</sup> kom van n Smithfield B-vindplek te Karepoortjie langs die Rietrivier.

Uit n Boesmangraf langs die Rietrivier naby Jacobadal is n klipring<sup>(3)</sup> in absoluut oorspronklike toestand gehaal. Nog n ring<sup>(3)</sup> is in n grot op Vyeboom, Somerset-Oos in assosiasie met n Boesmanskelet gevind. By Kaap St. Francis is n klipring gevind in assosiasie met versierde potskerwe. Die verband is in hierdie geval meentlik met Strandlopere.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat geen

betroubare/..... 271.

- 
- (1) Sien item 20 onder deurboorde klippe.  
(2) Sien item nr. 5 onder skerprand klipringe.  
(3) Sien items nr. 18, 22 en 26 onder skerprand klipringe.

betroubare afleidings gesank kan word van die voorwerpe wat op die ope vindplekke van Smithfield 3 voorkom nie. In die meeste gevalle is daar ook tekens van sekondêre gebruik.

Die twee ringe wat in assosiasie met Boesman-skelette gevind is dui egter op 'n definitiewe verband. Maar net soos in die geval van die deurboorde klippe is dit ook onsaaklik dat alle klipringe 'n rituele funksie gehad het. Die aanwesigheid van hierdie twee klipringe in Boesmangrafte dui dus nie noodwendig op 'n falliese kultuur by die Boesmans nie.

Hewitt<sup>(1)</sup> is van mening dat die klipringe eintlik tot die Wilton kultuur behoort. Hy noem een voorbeeld afkomstig van 'n tipiese Wilton vindplek, Mitchellrift, en twee ander ringe wat in skulphoue gevind is.

Laidier<sup>(2)</sup> wat die falliese klippe toeskryf aan neolitikiese bouers wat landbou beoefen het, wys daarop dat die klipringe die enigste geslypte en gepoleerde voorwerpe is wat bevestigend van Kanto-oesprong is nie. Hy skryf die ringe toe aan die Boesmans van die Laatsteentydperk. Hy verklaar dat dit meer algemeen in Smithfield-kulture voorkom, minder in die Kaapse Wilton en heeltemal afwesig is in Rhodesiese Wilton. Verder word die ringe ook in die Sahara gevind.

Van falliese voorstellings in rotstekens skryf Dart: "The phallic element present in the cave-shelter paintings throughout the country is generally appreciated, but the extent of its distribution and its significance as throwing light on phallic cults in South Africa is not yet/..... 272.

---

(1) Hewitt, J. (1926), bl. 903.

(2) Laidier, P.W. (1939), bl. 41.

yet fully understood." (1)

Hoewel in die Suid-Afrikaanse rotskuns soms opvallende aandag gegee is aan die geslagsorgane en dit soms ook in mitologiese voorstellings aangetref word, is daar sover bekend geen voorstellings wat sonder meer aan 'n falliese kultus verbind kan word nie.

'n Aantal aftekenings van rotskuns (2) wat in 1963 deur die land vertoon is het ook geen definitiewe bewys van fallisisme gelewer nie. Netso was daar in 'n aantal buitengewone kleurfotos deur mnr. Lee en Woodhouse (3) vertoon onder die titel "Dress on Rock Paintings", geen positiewe aanduiding van fallisisme nie.

Hoewel vir die doel van hierdie verhandeling nie 'n intensiewe studie van rotskuns gemaak was nie, is 'n aantal bekende werke nagegaan met die oog op moontlike voorstellings wat ewe-as in Europa verband kan hou met die magiese vermenigvuldiging van diere. Ook in hierdie geval was die resultaat negatief. Waar superimposisies wel voorkom skep dit die indruk van werke uit verskillende periodes eerder as 'n voorstelling van swanger diere. (4)

Die getuienis dui dus daarop dat in die rotskuns van Suidelike Afrika, die vrugbaarheidsaspek, of die magiese vermenigvuldiging van diere eers in die rotskuns van Europa geopenbaar, nie aanwesig was nie.

Wat die/..... 273.

- 
- (1) Dart, R.A. (1929), bl. 553.
  - (2) Reisende uitstalling deur Nasionale Kunstgalerie, Kaapstad.
  - (3) Referaat voor seksie F op die Kongres van die S.A. genootskap vir die bevordering van die Wetenskap datum 7/7/64.
  - (4) Bettelheim, Bruno (1955), bl. 145.



Wat die voorstelling van vroulike vrugbaarheid aanbetref moet in gedagte gehou word dat dit eintlik met die ontwikkeling van die landbou tot volle ontplooiing gekom het. Die oudste rotekunstenars van Suidelike-Afrika, wat na alle waarskynlikheid nie hoër as die jag en versamelbedryf ontwikkel het nie, sou dus uit die aard van die saak nie voor dieselfde vrugbaarheidsprobleme te staan gekom het as hulle Europese voorgangers wat reeds die Landbou en veeteelt beoefen het nie.

C. FALLISISME EN DIE HOTTENTOTTE. (1)

Die twee falliese klippe uit Gibeon, S.W.A., is direk verbind aan die lewende Hottentotte, deur die volgende oorlewering: Simon Koppers wat kaptein van die Simon Kopper Hottentotte was het die twee "toorstokkies" in 1908 saam met sy skatte in die Kalihariesand begrawe. Hy het daarna n banvloek uitgespreek dat enigeen wat die klippe sag verwyder vir ewig verdoem sou wees. (2)

D. DIE DRAERS VAN DIE FALLIESE KULTUS NA SUIDELIKE AFRIKA.

Hoewel Suidelike Afrika in die middeleeue en vroeër bekend was as n donker, onbekende sub-kontinent, is daar tog bewyse dat daar van tyd tot tyd kontak was met die gebied suid van die Sahara.

Na/..... 274.

- 
- (1) In hoofstuk vi D word verdere aandag gegee aan n moontlike verband van die Hottentotte met fallisisme.  
(2) Sien bylasg 2

Na Rhodesië word deur Brion<sup>(1)</sup> verwys as moontlik die land Punt, waarvan in Egiptiese geskryfte melding gemaak word dat dit ryk aan goud was. Hy noem verder die feit dat Herodotus in ongeveer 600 v.C. die reis van Nechao beskryf wat die Egiptiese vloot waarskynlik so ver as die latere Sofala genceem het. Hierdie gedagte word nog verder gevoer deur Wainwright<sup>(2)</sup> wat meen dat die Fenisiërs van Necho in daardie jaar om die suidpunt van Afrika gesell het.

In die jaar 60 n.C. skryf n onbekende Griekse seekaptein in sy boek "Periplus of the Erythraean Sea" van die heerser van Napharites, aan die kus van Suid-Arabië, wat ook beheer gehad het oor Rhapta, die laaste handelspos aan die Ooskus van Afrika. Volgens Wainwright kon dit Bagamoyo of Darasalaaam gewees het. Hy haal uit die "Periplus" as volg aan: "far beyond these places the unexplored ocean curves around towards the west and running along by the regions to the south of Aethiopia and Libya and Africa, it mingles with the western sea."<sup>(3)</sup>

Die getuienis deur enkele muntstukke of krale kan nie altyd as baie betroubaar aanvaar word nie aangesien handelaars in kuriositeite en oudhede in latere jare baie bedrywig was. Nogtans is die volgende gegewens

deur/..... 275.

- 
- (1) Brion, Marcel, (1962) bl. 93.  
(2) Wainwright, G.A., (1947), bl. 145.  
(3) Ibid., bl. 145.

deur Weinright<sup>(1)</sup> baie interessant.

(i) Erene tussen die bestuur van Ptolemais (V) en Ptolemais (X) het 'n Joodse handelaar gevorder tot aan die kus van Natal. 'n Kopersmuntstuk van Simon Makabeus uit die jare 143-136 v.C is by Marianhill, net noord van Durban opgegrawe.

(ii) Egiptiese muntstukke wat dateer uit 115-80 v.C. is net noord van Laressalaam gevind.

(iii) Op die eiland Madagaskar is 'n Romeinse muntstuk van Konstantyn die Grote (306-336 n.C.) gevind.

(iv) Aan die Masoerivier, 200 myl noord van Zimbabwé is 'n kopersmuntstuk van Claudius Gothicus (268-270 n.C) gevind.

